Copyrighted Material

# Bruilofsmaal Van Die Lam

## Van God En Eindtydse Gebeure

AFRIKAANS EDITION



# Marriage Supper Of The Lamb

AND END TIME EVENTS
Words For This Last Generation
Dictated To Susan Davis

## From The Heart Of GOD

Copyrighted Material

# Bruilofsmaal Van Die Lam Van GOD En Eindtydse Gebeure

## Boodskappe Vir Die Laaste Generasie

Oorgedra Aan Susan Davis

### UIT DIE HART VAN GOD

**Kopiereg @2012 Susan Davis**
**Alle regte voorbehou**

15BN -13 : 978-1477478332
15BN-10: 1477478337

## NEEM KENNIS:

U word aangemoedig om afdrukke van hierdie dokument op enige manier te versprei, elektronies of gedrukte vorm.

U mag hierdie materiaal in geheel of gedeeltelik op u eie web-adres of enige ander plek pos. Ons dring daarop aan dat u hierdie nota moet insluit sodat ander kan weet dat hulle die materiaal ook kan kopieer en versprei.

Hierdie boek is beskikbaar as ‘vrye e-boek en mp3 by die volgende web –adres:

**http://end-times-prophecy.com**
© 2012 by Susan Davis

# NOTA VAN DIE SKRYWER

Hierdie boek is nie geskryf om wins te maak nie, maar eerder om meer mense deur hierdie spesifieke medium te bereik.

Dit is verseker nie om geld te maak deur die profetiese Woorde van GOD nie.

Die prys van die boek was bepaal om slegs die drukkoste te dek en die toekenning aan die skrywer beloop naby nil.

(Daar mag nog ‘n paar sente per boek genereer weens die fliktuerende drukkoste.

Enige oorblywende bedrag oor zero word gebruik om boeke te koop om verniet weg te gee.)

Hierdie boodskappe is so dringend en belangrik dat ons wil verseker dat die prys van die boeke nie in die pad staan van die boodskap om mense te bereik nie.

# OOR DIE PROFESIË

Susan bedien in die gawe van profesië. In 1 Korinthiërs staan: “Jaag die liefde na en beywer julle met die oog op die geestelike gawes, maar veral om te profeteer.”

Soos altyd moet alle profesië teen Die Bybel getoets word. As die profesië ooreenkom met wat in Die Bybel staan, word van ons verwag om dit te gehoorsaam.
Huidiglik gebruik God nie profesië om nuwe leerstellings te begin nie.

Dit word gebruik om te versterk wat God reeds in Die Bybel vir ons gegee het. God gebruik ook profesië om ons individueel te waarsku oor gebeure wat binnekort gaan plaasvind.
Net soos in die Ou Testament gebruik God ook profete in die Nuwe Testamentiese Tyd waarin ons nou lewe.

Die boek Handelinge in die Nuwe Testament noem van die profete soos Judas en Silas (Handelinge 15:32) en Agabus (Handelinge 21:21) en daar was ook ander. Die bediening van profete in die Nuwe Testamentiese tyd word ook genoem in 1 Korinthiërs 12:28; 14:1,29,32,37, sowel as in Efesiërs 2:20; 3:5; 4:11.

Jesus kies profete om vir Hom op die aarde te werk. Jesus gebruik ook ander maniere en daarmee saam gebruik Hy ook profesië en profete om Sy begeertes aan Sy kinders te kommunikeer. Die Bybel self is profeties geskryf deur die inspirasie van die HEILIGE GEES.

Daar is mense wat sê dat profesie die gevaar stel dat daar by Die Bybel gevoeg kan word, of weggeneem kan word. Wel, Die Bybel spreek van profesie as ‘n gawe van die HEILIGE GEES.

Die manier waarop daar by Die Bybel bygevoeg word of weggeneem word, is nie deur woorde wat deur ‘n profeet van die HEILIGE GEES ontvang word nie, maar deur GOD se konsepte te probeer verander deur nuwe onbybelse en valse geloofskonsepte van ander gelowe in te bring.

Die taak en doel van die profete in Die Bybel was altyd om die volk van GOD se fokus terug te bring na GOD en SY WOORD, Die BYBEL.
Volgens **1 Thessalonicense 5:19-21, “Blus die Gees nie uit nie. Verag die profesie nie, beproef alle dinge; behou die goeie.”**

Die wyse waarop profesië getoets word, is deur hul inhoud te vergelyk met wat Die Bybel sê.
In al die profesië wat volg, het ek, Mike Peralta, boekvoorbereider, die boodskappe persoonlik getoets en almal is in ooreenstemming met wat Die Bybel sê. U moet self ook die boodskappe toets volgens Die Bybel. As dit in ooreenstemming met Die Bybel is, verwag God dat julle dit ernstig sal opneem en Sy instruksies sal volg.

# INHOUDSOPGAWE

Inleiding Deur Die HERE

GETUIGSKRIFTE

1. Nederigheid.
2. Stel Nie Julle Vertroue Op Ander Mense Of Julleself Nie.
3. Opleiding In Nederigheid.
4. Vertrou Op God.
5. Vergifnis.
6. Leef In Die Wêreld, Maar Wees Nie Deel Van Die Wêreld Nie.
7. Wederkoms En Bruilofsmaal Van Die Lam.
8. Maak Gereed Vir Die Wegraping.
9. Oor Die Verlore Kerk.
10. Sug Na Die Wêreld.
11. Die Wêreld Stuur Af Op Moeilikheid En Groot Probleme.
12. My Spoedige Wederkoms.
13. Die Uur Kom Vinnig Nader.
14. Die Wêreld Het Teen My Gedraai.
15. Die Leiers Volg My Nie.
16. Die Uur Van My Koms Kom Nader.
17. Oor Die Antichris.
18. Die Tyd Van My Spoedige Neerdaling Kom Nader.
19. Maak Voorbereidings.
20. Julle Tyd Is Bykans Om.

21. Buite My Wil, Hardloop Julle Teen My.

22. Boosheid Is Oppad Om Die Wêreld Te Vernietig.

23. Die Horlosie Slaan Amper Middernag.

24. Moenie Met Mekaar Stry Nie.

25. Hou Op Om Mekaar Te Weerstaan.

26. Ek Sal Julle Nie Saamneem As Julle Onbelyde Sonde Het Nie.

27. Hou Julle Oë Op My Gevestig.

28. Julle Moet Gereed Wees As Julle Saam Met My Wil Kom.

29. Julle Ewigheid Is Op Die Spel.

30. Nou Moet Julle Na My Hardloop, Nie Loop Nie.

31. My Bruid Is Beeldskoon In Al Haar Weë.

32. Baie Min Aanbid My En Bekeer Hulle Tot My.

33. Ek Is Gereed Om My Bruid Te Kom Haal En Na Veiligheid Te Neem.

34. Ek Wil Die Eerste Plek In Julle Lewens Hê Of Geen Plek Nie.

35. Daar Lê Geen Voordeel In Om ‘N Verlore Sterwende Wêreld Na Te Jaag Nie.

36. Baie Wat Dink Hulle Is Gered, Bluf Net Hulself.

37. Julle Het Baie Min Tyd Oor Vir Heiligmaking.

38. My Opregte Ware Volgelinge Hou Hulle Oë Oop In Afwagting - Hulle Is Op Hul Hoede.

39. My Getuienis - Aangaande Hierdie Dokument En Tyd Van Vas.

# INLEIDING DEUR DIE HERE

My kinders, dit is julle GOD wat praat. Ek kom baie gou. MY Koms is naby, selfs voor die deur. Ek kom. Julle moet julle gereed maak.

Hierdie joernaal is voltooi gedurende ‘n 40-dae vas van MY dogter, Susan. Sy het op MY aandrang gevas. Ek het haar na ‘n plek van afsondering gebring sodat sy die self kon aflê.

Gedurende hierdie tyd het Ek haar baie Woorde gegee wat Ek na MY kinders wil bring.

Sy het MY Woorde geskryf onder MY leiding. Al hierdie briewe bevat belangrike inligting waarop Ek wil he dat julle moet agslaan, want MY KOMS IS NABY.

Ek is julle HERE en REDDER, YAHUSHUA (JESUS CHRISTUS).

Alle skriftelike aanhalings kom uit die King James weergawe van Die Bybel.

Hierdie Woorde is gedikteer deur GOD, Die VADER en Sy Seun, YAHUSHUA HAMASHIAGH (JESUS CHRISTUS OF JESUS DIE GESALFDE OF JESUS DIE MESSIAS) aan Susan gedikteer gedurende ‘n 40-dae vastyd en geskryf tussen 27 Januarie 2012 en 6 Maart 2012.

# ERKENNINGS / GETUIENIS

Baie dankie vir jou e-pos en dat jy GOD se Woorde met my gedeel het en dat jy my so baie geseën het. Ek het gebid en die HEILIGE GEES gevra om my te lei om so baie dinge te verstaan en om in Sy weë te wandel.
Bid asseblief ook vir my. Weereens baie dankie en mag GOD jou en jou werk vir Hom seën. -
Leser 1

Liewe, liewe Susan. Baie dankie YAHUSHUA vir die briewe en wat U U dogter laat ervaar het sodat dit geskryf kon word.
Ek het die volgende dag begin en omtrent 10 blaaie op ‘n slag gelees. Ek is so geseën. -
Leser 2

Susan, baie dankie vir die verbintenis wat jy gedeel het. Dit het my absoluut geseën en my gees honger na die HERE YAHUSHUA. -
Leser 3

Hallo my liewe suster Susan. Ek het die Boodskappe/ Briewe van GOD wat jy gedurende jou vas geskryf het, amper klaar gelees. Dit is werklik SY WOORDE.
Ek bedoel ek kan die 100-bladsye dokument net nie neersit nie. Sy Waarheid, Sy Wysheid en Sy Pleidooi met ons, is verbasend.
Hy is so nederig en liefdevol om die nasies te kom waarsku. Ek dank HOM daarvoor en seën jou dat jy dit met my gedeel het. -
Leser 4

Liewe Susan. Dankie my liewe suster dat jy dit aan my gestuur het. Ek is alreeds halfpad deur die dokument. Dit het my op my knieë gebring voor die HERE.
Ek bid dat miljoene dieselfde sal doen. Mag GOD jou seën oor jou gehoorsaamheid en getrouheid aan HOM. Liefde vir altyd in ons MESSIAS. -
Leser 5

Susan, dit is ‘n uiters gesalfde profesië van die HERE. Ek het baie profesië gehoor vandat ek in 1979 ‘n baba-christen was.
Ek het baie gesalfde profesie gelees en gehoor oor die afgelope 33 jaar en die boodskappe in die boek is van die mees gesalfde profesië wat ek al in my lewe gelees of gehoor het.

Mike Peralta
(Boekvoorbereider)

# HOOFSTUK 1

## NEDERIGHEID

Nederigheid is ‘n nederige onderdanigheid. Dit is ‘n gewilligheid om ander te bedien, sonder klagte en om ander se knoue oor te sien met ‘n glimlag en vergiffenis. Dit is ‘n begeerte om ander te bedien en GOD tevrede te stel.

Dit is ‘n begeerte om GOD ten alle tye te dien met hoopvolle verwagtings, om saam te werk met ‘n gewillige gees wat altyd gereed is om GOD en ander te dien. Nederigheid is altyd gewillig om terug te staan, om ongemerk in die agtergrond te wees.

**Lukas 14:7-12 “En toe Hy merk hoe hulle die voorste sitplekke uitkies, vertel Hy aan die genooides ‘n gelykenis en sê vir hulle: Wanneer jy deur iemand na ‘n bruilof uitgenooi is, moenie die voorste sitplek inneem nie, ingeval daar nie miskien een wat waardiger as jy deur hom uitgenooi is nie, En hy wat jou en hom genooi het, kom en vir jou sê: Maak plek vir hierdie man. En dan sal jy met skaamte die agterste plek begin inneem.**
**Maar wanneer jy genooi is, gaan en neem die agterste plek in; sodat wanneer hy kom wat jou genooi het, hy vir jou kan sê: Vriend, gaan hoër op. Dan sal jy eer hê voor die wat saam met jou aan tafel is.**
**Want elkeen wat homself verhoog sal verneder word, en wat homself verneder, sal verhoog word.**
**En Hy sê ook vir die man wat Hom genooi het: Wanneer jy ‘n oggend- of middagete gee, moenie jou vriende nooi, of jou broers of bloedverwante of ryk bure nie, sodat hulle jou nie miskien ook eendag weer uitnooi en jy vergelding ontvang nie.**
**Maar wanneer jy ‘n feesmaal gee, nooi armes, verminktes, kreupeles, blindes, En jy sal gelukkig wees, omdat hulle niks het om jou te vergeld nie; want dit sal jou vergeld word in die opstanding van die regverdiges.”**

**Mattheüs 19:30 “Maar baie wat eerste is, sal laaste wees, en wat laaste is, eerste.”**

Dit is die mense wat vergete bly omdat hulle so in hul kleinheid in die agtergrond inskakel. Hulle wil nie op die voorgrond wees nie. Hulle is weggesteek, stil en onderdanig aan GOD. Dit is nederigheid en dit is MY Bruid.

Sy is al hierdie dinge. Sien julle nou julle tekortkominge? Laat ONS voortgaan… Wat beteken dit om nederig te wees? Dit is om agter die skerms te werk en nie te begeer om op die voorgrond opgelig te word nie. Dit beteken algehele onderwerping aan GOD. Dit is nederigheid en dit is MY Bruid. Dit is om te begeer om GOD in alle dinge te gehoorsaam.

Nederigheid is nie om julle te bekommer oor wat ander mense van julle dink nie. Dit is om vir ander dinge te doen sonder om iets terug te verwag. Dit is om GOD se guns te soek en nie die van mense nie. Dit beteken om nader aan GOD te wees en Hom tevrede te stel.

Dit is stil en onvoorbarig.

Dit is om in ‘n verhouding met GOD te groei.
Dit beteken om soos CHRISTUS te wees. Nederigheid is aanneemlik vir die HERE. ‘n Nederige Godvresende persoon skyn in GOD se Oë.

Nederigheid is om GOD te behaag en in Sy Weg te wandel. Om nie jouself hoog te ag nie en nie te dink jy is beter as ander nie, maar om eerder minder van jouself te dink en nie ander te veroordeel nie. Ek is die enigste EEN wat mag oordeel. Dit beteken nie dat julle verneder moet word nie. Dit beteken om ander te respekteer, al struikel hulle en om hulle dan nie in julle harte te verneder nie, maar om eerder meegevoel met hulle te hê, want julle is ook nie te goed om voor ‘n Heilige GOD te sondig nie.

Dit is wat gebeur as iemand nederig is. Hulle bou aan ‘n wonderlike getuienis. Hulle is hoog aangeskrewe in MY Koninkryk en in MY Oë. Die Oor van GOD is na hulle gedraai. Ek luister na MY nederige dienaars wanneer hulle na MY uitroep. Ek sal tot die uiterste gaan om MY nederige dienaars te red. Ek sal hemel en aarde beweeg vir MY nederige dienaars. Verstaan julle dit?

MY dogter, MY nederige dienaars dien MY in volle oorgawe. Hulle weet hulle kan niks sonder MY doen nie. In al hul weë soek hulle MY altyd soos ‘n kind sy ouer soek. Dit is MY nederige dienaars. Hulle loop nie in hul eie wil nie, maar vertrou slegs op MY in hul daaglikse lewe. Hulle soek na antwoorde by MY.

Hulle vertrou MY en Ek antwoord hulle. Ek gee hulle MY beste, want hulle soek MY bo alle ander dinge vir antwoorde. Hulle is nederig en glorieryk in MY Oë. Hulle het ‘n sagmoedige skoonheid om hulle. Hulle is nie soos die wêreld om hulle nie.

Hulle staan uit in ‘n skare. Hulle skoonheid is Goddelik en hemels. Dit is soos dit in die Hemel is - vol van mense wat sekuriteit in hul GOD het, want Hy voorsien in al hul behoeftes.

Dit is nie nodig om kortaf, onbeskof, arrogant of vol trotsheid te wees nie. Al hul behoeftes word deur MY voorsien. Hulle is tevrede, gewillig en gelukkig om te dien, want Ek vervul al hul begeertes, altyd. Niemand hoef aandag te soek in die hemelse koninkryk nie.

Almal is belangrik vir GOD. Almal is vervul. Dit is ‘n plek van heiligheid, vrede, rustigheid, liefde, lag en geluk.

Kinderlike geloof is belangrik, want ‘n kind dink nie vooruit nie. ‘n Kind bly na aan sy ouer, want hy vertrou sy ouer. Hy hou vas aan sy ouer met hoopvolle verwagting op instruksies, leiding en leierskap. Die kind neem nie die rol van die ouer oor nie. Hy weet beter. Hy kan nie lei nie, hy vertrou net op sy ouer om in al sy behoeftes te voorsien.

Wanneer die kind buite sig van sy ouer is, word hy paniekerig, want hy weet al sy behoeftes word voorsien deur die ouer wat hy leer liefkry en vertrou het. Dit is soos die verhouding tussen die ware nederige volgelinge en GOD. Die nederiges volg GOD blindelings met vertroue en gehoorsaamheid en GOD verlos hulle.

Daar is nêrens anders oplossings nie. GOD is soewerein en die enigste Ware Hoop, Betroubare Hoop.

Kinders kyk na hul ouers vir alles wat hulle nodig het. Hulle huil agter hulle ouers aan, want hulle weet hulle ouers kan hulle help. Net so verlos GOD die nederiges wat HOM volg met ‘n nederige rein hart.
Maak dit nou vir jou sin, MY dogter? Kan ‘n trotsaard sy maniere verander en nederig word? Dogter, die antwoord is: “Ja, deur die leiding van GOD en die onderwerping aan Hom.” Met ander woorde alles is moontlik met GOD? Ja, alles is moontlik met MY.

**Spreuke 15:33 “Die vrees van die HERE is die tug van die Wysheid en nederigheid gaan dit vooraf.”**

Laat ONS begin. Nederigheid gaan oor liefde. Liefde kom uit ‘n nederige hart. Liefde spruit nie voort uit hoogmoed nie. Hoogmoed vernietig liefde… Hoogmoed sê: “Ek is beter as jy.”
“Ek weet meer as jy.”, “Jy is minder werd as ek.”, “Jy is waardeloos vir my”, “Ek is selfstandig en het jou nie nodig nie.” Dit is waarvoor hoogmoed staan, MY kind.

Hoogmoed is lelik in al sy vorme. Dit is eie-eer, selfgesentreerd, selfsugtig en sy wortels kom uit die bose. Selfverheerliking staan op teen GOD en sê: “Ek het GOD nie nodig nie. Ek is my eie GOD. Ek heers oor myself.” Dit is lelik en veragtelik. Daar is geen skoonheid daarin nie. Daar is geen opligting daarin nie. Dit stoot ander weg. Dit laat mense minderwaardig, verstote en verworpe voel.

Daar is niks naby Goddelik omtrent hoogmoed nie en dit is die teenoorgestelde van die karakter van CHRISTUS. Daar is niks Christeliks in hoogmoed nie. Niks goed spruit daaruit voort nie - net boosheid. Verstaan jy, MY kind? Hoe kan ons wegkom van die verskynsel van hoogmoed, HERE? Dogter, jy moet weghardloop van hoogmoed, ver weg. Soek nederigheid ten alle tye.

Dogter, dis nie nodig om jouself op te hef om die aandag van ander te wen as jy MY Liefde en Meegevoel het nie.

Soek MY Liefde en Meegevoel en wees daarmee alleen tevrede en alle begeertes om liefde te soek van mense wat jou omring, sal verander in MY allesinsluitende Liefde. Die mense om jou kan nie jou diepste behoeftes vervul nie - net Ek kan dit vir jou doen. Net Ek kan die honger soekende leë hart tevrede stel.

Ek het al die antwoorde vir die eensame leë hart. Ek kan al jou begeertes vervul. Mense kan nie. Dit is nie vir mense moontlik nie, al wil dit so voorkom. Daar is net klein kortstondige bevrediging in die goedkeuring van ander. Ek is die Fontein wat vul tot volheid. Ek vervul en bevredig al die verlangens en begeertes van die menslike hart. Kom na MY en Ek sal jou behoefte aan liefde en meegevoel vervul.

Lê jou hoogmoed af. Dit is ‘n vernietigende mag wat geen plek het vir liefde nie. Dit werk buite die liefde en bring aftakeling vir almal.  Hoogmoed is die eerste boosheid. Nogtans heers dit vandag nog in mense se harte. Hoogmoed en trotsheid laat mense alle ander weë soek behalwe GOD.

Mense verhoog hulself deur posisie te soek by die werksplek, deur hul talente, deur hul gesondheid, deur hul besittings en verhoudings met ander mense. Dit is alles afgode en maak dat hulle nie hul oë op GOD rig vir leiding nie. Hulle bou slegs hulself op deur strewes na dinge wat Ek nie ingestel het nie sodat hulle suksesvol kan lyk vir die mense om hulle. Slegs die nederiges soek GOD vir leiding in hul nood en lê hul begeertes af om goed en die guns van mense na te jaag.

Wanneer jy streef om rykdom bymekaar te maak en ‘n naam vir jouself te maak in die wêreld of selfs die bediening, is dit jy wat aanvaarding en goedkeuring by ander soek. Dit is nie MY Wil nie, dit kan nie MY Wil wees nie. MY nederige kinders soek MY daagliks vir hul node en Ek verlos hulle. Dit is hoe Ek hulle leer om op GOD te vertrou.

Wanneer MY kinders in hul eie krag oorwinning kry, het hulle eintlik verloor, want Ek sal nie die wat buite MY Wil is, beloon nie.  Alhoewel alles goed lyk en voel is dit valse sekuriteit.

Ek laat ook toe dat MY kinders faal in hul eie pogings sodat hulle kan leer dat hulle MY nodig het.  Ek het nodig om die begeerte van hul harte en die antwoord op alles te wees.  Alles anders is valse hoop en lei MY kinders uit MY Wil.

Ja, hierdie is trotse kinders wat hul eie pad loop sonder om MY te raadpleeg, te ken en te vertrou in die saak. Dit lei tot ‘n derderangse bevrediging.  Hulle strewe en strewe en eindig telkens leeg en hulle verlang na meer en word nooit werklik versadig nie, maar wil altyd nog meer hê. Hulle besef nie. Ek is DIT wat hulle na soek nie. Ek is die enigste pad na ware vervulling van die hele hart, hele gees en hele siel.

Ek bevredig, voltooi en maak heel.  Ek vul die leegheid van die menslike hart se verlangens.  Niemand en niks anders kan nie.  Dit is die basis van hoogmoed en die sonde wat daaruit voortvloei, ‘n hart wat altyd soek na bevrediging en aanvaarding van alles en almal, behalwe GOD. Leeg, eensaam en onvervuld is die uiteinde, ‘n treurige einde wat Ek nie vir MY skepping bedoel nie.

Hoogmoed, ‘n lelike sonde wat heeltemal sonder liefde van enige vorm is, wat ‘n liefdelose toestand is wat geen liefde vir enigiemand inhou nie. In kontras hiermee gee nederigheid liefde. Dit dien nie die self nie. Dit heers nie oor ander nie. Dit staan terug vir ander om eerste bedien te word. Dit ag ander hoër as homself. Dit misbruik nie ander nie. Dit is nie onbeskof en arrogant nie. Dit is nie katterig nie. Dit het nie ‘n houding nie en is nie vertonerig nie. Dit is mooi, sagsprekend, dierbaar, liefdevol, met meegevoel, Goddelik, Christelik en is Godsoekend.

Dit is nie dominerend nie en forseer nie sy sienswyse nie. Dit gee slegs om vir die toestand van ander mense. Dit is nederigheid, altyd in die agtergrond en begeer nooit die voorste stoel nie. Dit is MY Weg - geduldig en standvastig.

Nederigheid is ‘n vorm van liefde. Dit dwing nie homself op ander af nie. Dit wag sy beurt af. Dit het lief bo alles. Dit wil nie ander mense aftakel om self opgelig te word nie.  Dit soek slegs wat goed is vir die ander mense.

Hoekom is nederigheid mooi vir MY, GOD? Ek is gelukkig wanneer MY kinders hulleself voor MY verneder. Dit toon eer, respek en vertroue in MY, hulle GOD. Hulle plaas al hulle hoop en verwagting op MY om hul behoeftes te voorsien. Hulle los hul begeertes om in hulself te kyk vir antwoorde deur hul eie prestasies, eie krag en eie selfvererende wil. Hulle sal nie sommer hul eie harte volg, hul GOD eenkant toe stoot en fokus op selfsugtige ondernemings wat hulle sal wegneem van die Enigste Ware Weg, Ek, hulle GOD, nie. Ek is die enigste Weg, Waarheid en Pad.

Baie word mislei deur ander eie weë na te volg in plaas van naby MY te kom en MY Wil, MY Waarheid en MY Rigting vir hul lewens te soek.

Hulle jaag na wat die wêreld sê reg is: posisie, roem en geluk op enige manier, behalwe MY, GOD. Dit is misleiding op 'n hoë vlak.

Ek sê nie dat julle nie moet werk of die lewe geniet nie, maar Ek sê soek MY eers sodat Ek julle op julle lewenspad kan lei en help om die regte weg te volg en besluite te neem soos julle in die wêreld leef. As julle julle planne en drome sonder MY intervensie gaan najaag, leef julle buite MY Wil en stel julle julself bloot aan MY vyand en julle lewe in sonde en nie in MY Wil nie. Dit is hoogmoed en rebellie. Baie is vasgevang hierin.

**Spreuke 18:12 "Voor die verbreking is die mens se hart hoogmoedig, maar nederigheid gaan die eer vooraf."**

**Spreuke 29:23 "Die trotsheid van 'n mens verneder hom, maar die nederige van gees sal eer verkry."**

**Mattheus 23:12 "Wie hom verhoog, sal verneder word, en wie hom verneder sal verhoog word."**

**Jakobus 4:6 "Maar Hy gee groter genade, daarom sê Hy: GOD weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade."**

**Spreuke 8:13 "Die vrees van die HERE is om te haat wat sleg is; hoogmoed en trotsheid en 'n slegte wandel en 'n huigelagtige mond haat Ek."**

Hoe bly 'n mens in U Wil, HERE? Dit is hoe om in MY Wil te bly: Gee julself oor aan MY - volle oorgawe. Dan sal Ek julle weë bepaal. Dit moet daagliks gebeur. Kom elke dag na MY en vra MY vir leiding en rigting soos 'n kind. Dit is kinderlike geloof. Die wêreld het 'n beeld dat om onafhanklik te wees die weg na suksesvolle lewe is. Dit is 'n meesterplan van verleiding van MY vyand.

Hy het die wêreld met hierdie leuen verkul. MY kinders gaan deur die lewe met vertroue in hul eie beplanning en denke sonder om eenmaal vir MY, hul Skepper, te raadpleeg, want hulle is onder die indruk dat alles goed gaan. As dit reg lyk, dan is dit reg. Maar dit is egter 'n bose plan om MY kinders van die Nou Pad af te gooi. Slegs Ek het die regte weg, die regte pad vir MY kinders om te bewandel en die rigtiing gee Ek daagliks vir hulle.

**Johannes 5:30 "Ek kan uit Myself niks doen nie. Soos Ek hoor, oordeel Ek en MY oordeel is regverdig omdat Ek nie MY wil soek nie, maar die Wil van die VADER wat MY gestuur het."**

Wanneer mense in hierdie wêreld leef, is dit nodig dat hulle soms vooruit beplan. Wat daarvan? MY kind, ja, MY kinders leef in die wêreld, maar Ek kan selfs rigting gee aan keuses wat vir die toekoms gemaak moet word. Wanneer MY kinders MY soek, dan is die antwoord soms: 'Wees stil en wag.'

Net MY kinders wat doelbewus na aan MY wandel en daagliks saam met MY loop, sal hierdie insig gegee word.  Wanneer MY kinders ver van MY is en net soms na MY kom, sal Ek hulle nie seën nie. Ek is nie ‘n GOD by wie jy net so af en toe ‘n draai maak nie, soos MY kinders dink nie. Baie kom na MY in ‘n krisis en daarna vergeet hulle MY. Hierdie kinders ken MY nie.

Ek is ‘n GOD wat intiem wil wees. Ek wil naby MY kinders wees. Louheid is boosheid in MY Oë. Ek sal die wat lou is uitspoeg.

**Mattheus 7:21 - 23 “Nie elkeen wat vir MY sê: HERE, HERE! sal ingaan in die Koninkryk van die Hemele nie, maar hy wat die wil doen van MY VADER wat in die Hemele is.**
**Baie sal in daardie dag vir MY sê: HERE, HERE, het ons nie in U Naam geprofeteer en in U Naam duiwels uitgedrywe en in U Naam baie kragte gedoen nie?**
**En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van MY, julle wat die ongeregtigheid werk!”**

# HOOFSTUK 2

## MOENIE JULLE VERTROUE OP JULLESELF OF ANDER STEL NIE

Nou, MY dogter, laat Ons begin. Vandag wil Ek die probleem van vertroue in ‘Self” bespreek. Om selfonderhoudend, selfvoldaan en selfgesentreerd te wees, is ‘n bose vangtou. Dit word deur die wêreld gepropageer en deur MY vyand geïnspireer.

Om selfvoldaan te wees is niks anders as om jouself bo GOD te stel nie. Dit beteken om in jou eie wil te lewe in plaas van in GOD se Wil. Net soos hierdie 40-dae vas MY Wil was. Wanneer mense doen wat hulle verkies om te doen sonder om MY te raadpleeg en MY leiding te volg deur ‘n noue verhouding met MY. Hulle lewe apart van wat MY Wil is en verval so in sonde - Ek sien dit as rebellie teen MY.

Ek wil hê MY kinders moet volgens MY Wil lewe. Soms lyk MY Wil nie reg volgens die standaarde van die wêreld nie. Die wêreld propageer dat jy geld, posisie, sekuriteit en menslike liefde en guns moet najaag. MY Wil is volgens wêreldse standaard nie normaal nie. Dit lyk anders, maar MY Wil is reg.

Ek het die mens geskape en Ek het hulle gevorm om op MY te vertrou en in MY Wil te wandel - Om MY Wil te ken, moet julle jul lewens voor MY neerlê in nederige onderdanigheid en MY daagliks raadpleeg.
Hulle wat MY opreg nastreef deur tyd aan MY af te staan, intieme tyd met MY in die skuilplek en met MY Woord spandeer, sal MY en MY Wil vind. Dit vereis om keuses te maak.

Julle moet kies, want wêreldse afleidings kan julle van die reguit en nou pad afgooi. Daar is baie ander paaie om op te gaan, maar almal lei na vernietiging, want die pad na die hel is ‘n breë pad en baie gaan daarop. Min mense vind hierdie belangrike nou pad wat na MY en die ewige lewe lei. Hulle luister eerder na ander wat self mislei is.

Baie van MY kerkleiers is mislei en mislei baie ander, want hulle glo dat deur baie goeie werke te doen en om besig te wees met die dinge van die kerk is die weg na ewige sekuriteit, maar dit is ‘n misleiding.
Dit is slegs moontlik deur ‘n intieme verhouding met MY en deur MY werklik te ken en tyd te spandeer om MY beter te leer ken. Dit is die sleutel tot ewige veiligheid en sekuriteit.

**Psalm 91:1 “Hy wat in die skuilplek van die ALLERHOOGSTE sit, sal vernag in die skaduwee van die ALMAGTIGE.”**

Die liggaam word in die kerk gevoed, maar dit kan nie werklik korrek funksioneer sonder die voeding wat Ek gee in MY skuilplek in die tyd wat hulle spandeer om MY te leer ken in ‘n diepe verhouding nie. Dit is waar die liggaam werklik versterk word. Dit is daar waar Ek MY Wil en MY Woorde oordra aan MY skape sodat hulle die aanslae van die vyand kan weerstaan.

Dit is deur ‘n intieme verhouding met MY dat julle die slaggate en temptasies kan weerstaan. As julle die pad alleen gaan loop, sal julle sukkel en uiteindelik val. Dit is omdat julle nie weet wat Ek van julle verlang nie, en Ek is aan die einde van alles die Regter wat almal aan die einde gaan oordeel.

Hoe kan julle gereed wees om voor MY te staan as julle nooit naby MY probeer kom het om uit te vind wat Ek van julle verwag nie. As julle MY sonder hierdie intieme verhouding ontmoet, sal julle met leë hande voor MY staan, omdat julle op eie geloof, denke en wil staatgemaak het. Julle sal tekort skiet en verloor.

**Romeine 14:12 “So sal elkeen van ons dan vir homself aan GOD rekenskap gee.”**

Moenie mislei word nie. Baie van MY sogenaamde leiers spandeer nooit tyd met MY nie en hulle opereer nie volgens MY Wil nie. Dit is asof die blindes die blindes lei langs blinde paaie van vernietiging. Baie sal verbaas wees oor hoe hulle mislei is deur te vertrou op mense wat GOD nie ken nie en self mislei is.

Julle kan nie julle vertroue sit op wat reg lyk in die wêreld nie.Julle moet julself aan MY oorgee.

Gee julself heeltemal aan MY oor en soek MY met julle hele hart. Dit is wat Ek vereis.

MY woord spreek hierdie Waarheid. Lees dit korrek en beproef dit vir julleself. MY leiers, te veel hou van die wêreld en die wêreldse wyse. Hulle verander MY Woord om hulself te verontskuldig wanneer hulle met die wêreld meng. Die wêreld is in vyandskap teen MY. Lees MY Woord. Hierdie waarheid is nie bedek nie. Julle kan nie die wêreld en vir MY albei liefhê nie. O ja, julle is in die wêreld, maar julle moet MY en MY Weë volg terwyl julle in die wêreld is.

**Jakobus 4:4 “Egbrekers en egbreeksters weet julle nie dat die vriendskap met die wêreld vyandskap teen GOD is nie. Wie dan ‘n vriend van die wêreld wil wees, word ‘n vyand van GOD.”**

Om elke draai is daar verleidings wat julle wil verhoed om ‘n intieme verhouding met MY te soek. Julle moet ‘n groter begeerte hê om tyd met MY te spandeer as om aandag te gee aan die wêreldse verleidings. Julle gaan niks bereik nie en ‘n teleurstellende leë einde tegemoet gaan as julle die dinge van die wêreld stel bo ‘n verhouding met die SKEPPER van alle lewe - die SKEPPER van julle, die sterre en die hemelruim.

**Hebreërs 10:38-39 “Maar die regverdige sal uit die geloof lewe; en as hy hom onttrek, het my siel geen welbehae in hom nie. Maar by ons is daar geen onttrekking tot verderf nie, maar geloof tot behoud van die lewe.“**

Moenie ‘n glorieryke ewige pad saam met MY, die SKEPPER en ONDERHOUER van alle lewe, verruil vir goedkoop genot wat die wêreld bied nie. Wat julle in die wêreld najaag, is leë genot en uiteindelike dood. Julle kies julle eie bestemming, julle glo julle kan julle eie pad baan en dat Ek dan julle besluite sal seën. Julle het nie na MY toe gekom om MY intiem te leer ken nie. As julle dit gedoen het, sou julle leer dat dit anders is. Julle is mislei deur die weë van die wêreld en deur MY slinkse vyand.

Hy wil hê julle moet doen wat julle dink die beste vir julleself is, sonder MY. Dit kan Ek nie seën nie. Dan wonder MY kinders hoekom hulle so baie probleme het. Die ergste leuen van MY vyand is om te glo dat alles goed is wanneer julle lewe sonder ‘n intieme verhouding met MY. Dit is die grootste leuen van almal. Alles lyk of dit goed gaan, maar wanneer julle voor MY staan, sal Ek julle beveel om van MY weg te gaan, julle werkers van ongeregtigheid. Ek het julle nooit geken nie.

**Mattheüs 7:21 “Nie elkeen wat vir My sê: HERE, HERE! Sal ingaan in die Koninkryk van die Hemele nie, maar hy wat die wil doen van MY VADER wat in die Hemel is.”**

Baie sal in daardie dag vir MY sê: HERE, HERE, het ons nie in U Naam duiwels uitgedryf nie en in U Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van MY, julle wat die ongeregtigheid werk!”

Ja, dit is MY Woord. Ek het julle nie geskep om sonder MY te leef nie, julle eie weg te beplan sonder om MY te raadpleeg nie... Ja, julle kan dit doen omdat julle ‘n vrye wil het, maar wanneer julle nie volgens MY wil lewe nie, sondig julle teen MY.

Ek gee MY kinders ‘n vrye wil sodat hulle kan kies om ‘n intieme verhouding met MY te hê en op MY leiding te vertrou of hulle kan weg van MY lewe. Wanneer MY kinders weg van MY lewe en buite MY Wil lewe en hulle eie planne soek, werk hulle teen die planne van MY Koninkryk en dit is boosheid. Hulle veroorsaak vernietiging en aftakeling sonder dat hulle weet omdat hulle selfsugtiglik geglo het hulle kan hulle lewens buite MY Perfekte Wil en Planne lewe.

Hulle bring probleme op hulself en ander. Hulle stel hulleself bloot aan die valstrikke van die vyand. Kinders, weg van MY kan julle nie staande bly teen die geslepenheid en strikke van MY vyand nie. Julle dink julle is so wys. Sonder MY is julle weerloos.

Hoekom praat Ek van diegene met kinderlike geloof asof hulle MY Koninkryk gaan beërwe? Dit is omdat hulle erken dat hulle MY nodig het om elke hoek net soos ‘n kind sy ouer elke oomblik nodig het. ‘n Kind weet dat hy sonder sy ouer in groot gevaar is.

Net so weet MY kinders dat hulle sonder MY in groot gevaar is en hulle vertrou op elke Woord van MY. Dit is hoekom Ek MY kinders smeek om tyd in MY Woord te spandeer waar baie kennis oorgedra word. Alle antwoorde oor hoe om hierdie lewe te hanteer is in MY Boek. Ek het hierdie Boek vir die mensdom as leiding gegee.

MY GEES openbaar Waarheid in die blaaie. Slegs deur oorgawe en die ontvangs van MY GEES in volle maat sal julle lig ontvang wat nodig is om MY Woorde te verstaan. Dit is nie deur die leerstellings van mense nie, maar deur MY GEES dat die Woorde wortel skiet in julle harte. Slegs deur MY GEES kan julle die liggewende lewe van MY Boek ontvang.

**Mattheüs 18:4 “Elkeen dan wat homself verneder soos hierdie kindjie, hy is die grootste in die koninkryk van die hemele.”**

**1 Korinthiers 2:11-14 “Want wie van die mense weet wat in ‘n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in GOD is nie, behalwe die GEES van GOD. Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die GEES wat uit GOD is, sodat ons kan weet wat GOD ons deur genade geskenk het. Daarvan spreek ons ook, nie met woorde wat die menslike wysheid leer nie, maar met die wat die HEILIGE GEES leer, sodat ons geestelike dinge**

**met geestelike vergelyk. Maar die natuurlike mens neem die dinge van GOD nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word."**

Die wêreld is tans vol valse leringe en misleiding. Moenie toelaat dat MY vyand julle mislei deur sy bose propaganda nie. Hy wil hê julle moet deur al die daaglikse boodskappe wat julle ontvang, glo dat julle die dinge van die wêreld kan vertrou. Julle vertrou op alles behalwe op MY, die EEN wat LEWE GEE.

Julle vertrou op geld, opvoeding, wêreldse sekuriteit en regerings - Dis valse hoop en sekuriteit. Dit is 'n hoë vlak misleiding en lei MY kinders weg van MY. MY kinders wantrou hulle vertroue in MY.

Hulle draai 'n bietjie na MY en dan vertrou hulle op al die ander dinge. Dit is nie intiem nie.

Ja, julle is intiem met die wêreld en julle eie begeertes, maar nie met MY nie. Julle moet na MY toe kom en alles voor MY neerlê. Julle kan MY nie werklik ken nie, totdat julle jul wêreldse sekuriteit eenkant geskuif het en na MY toe gekom het en 'n intieme verhouding met MY gesoek het nie.

Enigiets anders buiten die verhouding.is louwarm en ek sal nie 'n louwarm verhouding eer nie. So baie sal verbaas staan wanneer hulle MY van aangesig tot aangesig sien en uitvind dat hulle buite die Koninkryk staan omdat hulle met die wêreld saamgespeel het en ook 'n afskeeptyd met MY spandeer het. Hulle sal so geskok wees.

**Openbaring 3:16 "Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit MY mond spuug."**

Wat wil Ek van MY kinders hê en wat verwag Ek van hulle? Ek wil hulle lewe hê. Ek wil dit heeltemal in volle oorgawe hê. Om met die wêreld te dans en dan met MY, is boosheid. Lees MY Woord. So baie mense lees MY Boek en neem daarvan wat hulle wil om hulself te verontskuldig sodat hulle nog die wêreld kan geniet en dink hulle sal teen die einde daarvan nog in MY Koninkryk ingaan.

Wat 'n skok vir diegene wat ontdek dat Ek slegs hulle aanneem wat alles aan MY oorgegee het en hulself aan MY geoffer het. Hulle najaag van rykdom, beroemdheid en besittings was tevergeefs en het hulle uiteindelik buite MY Koninkryk gehou. Hul eie wil en toekomsbeplanning het hulle op 'n pad buite MY Wil gelei en weg van MY ware doel vir hul lewens, waarvoor Ek hulle geskape het, gehou. Die lewe wat Ek hulle gegee het sou hulle vervulling gegee het.

O ja, niemand haal asem van dag tot dag sonder dat Ek dit bepaal het nie. Dit is hoekom MY kinders nie moet staatmaak op hul eie selfsugtige planne buite MY Wil en ware doel vir hul lewens nie. Ek kan enige lewe neem soos Ek wil. Niemand lewe sonder MY besluit vir sy lewe nie. Ek gee lewe en neem dit soos Ek goedkeur of verkies.

Dit is hoekom dit onverstandig is vir mense om hul eie planne buite MY Wil vir hul lewens, te maak. Dit is die hoogtepunt van hoogmoed en dit is boosheid. Dit is die manier waarop MY vyand MY kinders van MY weglei op paaie wat normaal en reg lyk, maar wat na vernietiging lei. So word baie deur die vyand verlei.

**Job 12:10 “In WIE se Hand die siel is van alles wat leef, en die gees van alle menslike vlees.”**

**Psalm 104:29 “U verberg U aangesig, hulle word verskrik; U neem hulle asem weg, hulle sterwe en keer terug tot hulle stof.“**

# HOOFSTUK 3

## OPLEIDING IN NEDERIGHEID

Dogter, Ek is gereed om vir jou ‘n Woord te gee. Luister aandagtig wanneer Ek praat. Ek wil nou nuwe inligting meedeel. Ek wil praat oor opleiding oor hoe om nederig te wees.

Dit is die weg van die nederiges: MY nederiges het ‘n rustige stil hart. Hulle loop rustig op die pad sonder om voordeel of posisie te soek. Hulle raadpleeg MY in al hul weë. Hulle streef na die Wil van GOD. Hulle wil nie die middelpunt wees nie. Hulle wil nie aandag trek of erkenning vir huself verkry nie.

Hulle wil net MY Liefde hê en versorg word deur MY. Ek vervul hul verwagtinge en voorsien in hul behoeftes. Ek gee alles wat hulle nodig het om te lewe. Ek is hulle Rots.

Ek is vir ewig getrou aan MY nederige dienaars. Ek gee hulle vrede en rus in elke storm. Ek is altyd aan hulle sy, altyd daar om hulle by te staan. Ek is lief vir MY nederige dienaars. Hulle is ‘n lieflike geur vir MY. Ek bemin hulle en hulle bemin MY. Ons is onafskeidbaar.

Ek is die lug wat hulle inasem. Hulle skyn soos sterre. Hulle soek nie die weë van die wêreld nie. Ek hou hulle vervuld. Die wêreld het geen mag oor hulle nie. Hulle soek MY vir geluk en Ek berei wat hulle begeer.

Hulle word nooit teleurgestel nie. Baie min loop hierdie weg. Min vind dit. Diegene wat dit vind, vind die weg na MY Ewige Koninkryk.

**1 Petrus 5:6 “Verneder julle dan onder die Kragtige Hand van GOD sodat Hy julle kan verhoog op die regte tyd.”**

MY nederige dienaars luister altyd na MY Stem. Hulle beweeg wanneer Ek hulle vra en hulle dien met ‘n blye hart wanneer Ek dit nodig het. Hulle geniet dit om in MY Koninkryk te dien. Hulle is tevrede om hul KONING te dien en Ek gee hulle vrede en geluk.

MY Liefde is oorvloedig oor hulle.  Niks ontbreek hulle nie.

Om nederig te wees beteken om jouself laaste te stel en nooit te begeer om eerste te wees nie. Dit is wysheid om eerder laaste te wees as eerste. ‘n Dwaas soek om eerste te wees. MY nederige dienaars is wys en weet wat MY, hulle GOD, behaag. MY kinders is die nederiges, die wat in die wêreld nie raakgesien word nie. Hulle is versteek buite die sig van die wêrelddom.

Hulle tel nie in hierdie wêreld nie, maar in MY Koninkryk is hulle die heersers en opsigters. In MY Hemelruim is hulle hoog opgelig. Ek eer MY nederiges, Hulle sit saam met MY op MY Hemelse Troon en geniet MY Teenwoordigheid.
Die nederiges wat hulself laaste ag in hierdie wêreld, geniet hoë posisie in MY Koninkryk. Hulle word opgelig en hoog geag vir hul lewens van onderdanigheid in hierdie wêreld.  Hulle gee MY vreugde en Ek gee hulle vrede, ewigdurende vrede.

**Markus 10:31 “Maar baie wat eerste is sal laaste wees, en die wat laaste is, eerste.”**

Ek loop saam met die wat nederig is en maak MYSELF aan hulle bekend. Dit is MY geskenk vir hul offergawe. Wat ‘n heerlike geur is hul liefde vir MY en Ek sal hulle eer.

Nederigheid is die Weg van die Koninkryk van GOD. Elkeen in MY Koninkryk is gevul met nederigheid. Hoogmoed kan nie ingaan nie. Dit het geen plek in MY Koninkryk nie, net vreedsame onderdanigheid aan MY, GOD.

Dit is ‘n Koninkryk vol stille nederigheid waar almal tevrede is met die oorvloed van liefde en skoonheid. Daar is niemand wat ontevrede is met hul lewe in die Hemel nie. Net hoop en vrede spruit voort. Die wêreld word oorstroom met liefde.

**Johannes 2:16 “Want alles wat in die wêreld is - die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe - is nie uit die VADER nie, dis uit die wêreld.”**

# HOOFSTUK 4

## VERTROU OP GOD

Laat ONS begin, MY dogter. (7 Februarie 2012). Vandag gaan Ons nuwe grond betree. Ek wil praat oor vertroue in GOD. MY kinders vertrou MY nie. Hulle sê hulle vertrou MY, maar hulle harte is ver van MY. Hulle vertrou op hulleself. Dit is boosheid. Hulle vertrou op die wêreld en die dinge van die wêreld.

Hulle loop nie MY Pad nie, want hulle vertrou dit nie. As hulle MY vertrou het, sou hulle MY Pad, MY Wil en MY Volmaakte Weë gevolg het.

Hulle soek ander instruksies om in te gaan. Hulle slaan ander rigtings in. Hulle soek die wêreld vir al hul antwoorde deur geld, beroemdheid, besittings, sekuriteit, romanse, vermaaklikheid - alles, maar nie vir MY, hul GOD, nie.

Hulle leef ‘n leuen as hulle sê hulle vertrou op MY, terwyl hulle antwoorde soek van die wêreld. Leuens, dit is alles leuens. “Vertrou op die HERE”, sê hulle, maar hulle gee nooit hulle lewens oor aan MY nie en hulle hou aan om na die wêreld te draai vir hul antwoorde. Hulle leef ‘n leuen en sien dit nie self raak nie.

Ja, Ek seën MY kinders met oorvloed. Ek laat reën en sonskyn oor regverdiges en sondaars. MY kinders kan nie sê hulle vertrou MY en dan pleeg hulle egbreek teen MY deur die wêreld lief te hê nie. Dit is Godslasterlik.

Ek begeer kinders wat hulle lewens voor MY neerlê in oorgawe en alle vertroue op MY stel deur hul toekomsplanne eenkant te skuif en in MY Perfekte Wil vir hul lewens te vertrou. Hulle hoef nie te strewe en te sukkel en hulle oor die toekoms te bekommer nie. Sorg Ek nie vir die spreeu nie? Hoeveel te meer sal Ek nie sorg vir MY kinders wat hulleself vir MY neergelê het en opreg op MY vertrou nie?

**Mattheüs 5:44 - 45 “Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê, seën die wat julle vervloek, doen goed aan die wat julle haat en bid vir die wat julle beledig en vervolg. Sodat julle kinders kan word van julle VADER wat in die Hemel is, want HY laat SY son opgaan oor slegtes en goeies en HY laat reën op regverdiges en onregverdiges.”**

**Psalm 4:5 “Offer offerandes van geregtigheid en vertrou op die HERE.”**

Ek is ‘n GOD op wie julle kan vertrou. Daar is geen ander Rots nie. Alles anders is sinkende grond.

Ek is GOD deur al die eeue, die ALFA en die OMEGA, die BEGIN en die EINDE. Ek is betroubaar. Hoekom mors julle julle tyd en kommer op eie planne? Niemand weet wat die volgende uur inhou nie.

Julle planne kan tot niet gaan in ‘n oomblik. Hoekom hou julle so desperaat daaraan vas asof dit julle kan red, asof julle daarop kan vertrou? Dit is afgodsaanbidding voorwaar.

**Mattheüs 7:26 "En elkeen wat na hierdie Woorde van MY luister en dit nie doen nie, sal vergelyk word met 'n dwase man wat sy huis op die sand gebou het."**

Hou op om aan julle eie feilbare planne vas te hou. Gee julle lewens aan MY in volle oorgawe. Net Ek ken die toekoms, julle toekoms. Net Ek weet wat julle môre sal doen.

Julle eie planne en wense vir julle toekoms, buite MY Wil, sal tot vernietiging lei, want slegs die wat in MY Wil lewe en ten volle aan MY oorgegee is, is waaragtig veilig. Al die ander mense wat buite MY Wil lewe en hul eie rebelse wil volg, sal nie in sekuriteit en veiligheid kan voortgaan nie. Dit is 'n ernstige saak, MY kinders.

Word wakker en hou op om op julle eie rebelse weë staat te maak en vertrou op julle GOD.

Slegs Ek ken die Weg na die Nou Pad. Moenie bedrieg wees en dink julle kan die pad sonder MY vind nie - dit is dwaasheid. Min vind hierdie Weg, want min hou op om aan hul eie weë vas te hou. Hulle dink hulle weë is reg, want almal om hulle is op dieselfde pad, maar die weg na die hel is breed.

Moenie julle vertroue stel in die menigte om julle wat julle mislei nie. Kan julle dan nie sien nie? Kan julle dan nie verstaan nie, MY kinders?

**Mattheüs 7:13-14 "Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan."**

Vertrou op MY. Ek is betroubaar. MY Woord staan vas. Lees MY Boek. Ek verlos die wat waarlik verlos wil word. Ek is 'n GOD wat diegene verlos wat hulself waarlik aan MY oorgee in nederigheid en gebrokenheid. Kom en word bevry en leer om op julle GOD te vertrou.

# HOOFSTUK 5

## VERGIFFENIS

Laat ONS weer begin. (7 Februarie 2012). Nou wil Ek oor 'vergifnis' praat. Kinders, Ek wil met julle oor hierdie saak van vergifnis praat. MY kinders se harte is onvergewensgesind en hulle dra griewe teen mekaar in hulle harte rond. Ek kan nie diegene vergewe wat nie vergewe nie. Is dit duidelik? Hoe kan Ek julle vergewe as julle julle medemens om julle nie kan vergewe nie?

Spreek MY Woord nie daaroor nie? Om te vergewe is om lief te hê. Onvergifnis lei tot allerhande sonde, bitterheid, wraak, valse aantygings, ens. Dit gee die vyand 'n houvas om in te kom en julle te vernietig. Dit verhoed julle om na aan MY te kom en intiem met MY, julle GOD, te verkeer. Dit verhoed julle om MY Gees te ontvang.

**Mattheüs 6:14-15 "Want as julle die mense hul oortredinge vergewe, sal julle Hemelse VADER julle ook vergewe. Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle VADER julle oortredinge ook nie vergewe nie."**

As julle nie kan vergewe nie, kan julle nie gereed wees vir MY Seun se Spoedige Wederkoms nie. Dit sal julle terughou en ONS van mekaar skei.

Los die onvergewensgesindheid af. Vergewe mekaar. Laat staan die kwade gevoelens teenoor mekaar. Wat wen julle deur kwade gevoelens teen 'n ander te koester? Julle ly meer as die persoon vir wie julle kwaad is. Kan julle nie verstaan nie? Sal julle julle ewige redding in die weegskaal plaas deur 'n grief teen iemand te koester?

**Markus 11:25 "En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het, sodat julle VADER wat in die Hemel is ook julle jul oortredinge mag vergewe."**

Julle moet julle harte ondersoek en die vraag vra: Wat is soveel werd dat julle bereid is om julle ewige lewe prys te gee? - 'n Kleinlike onenigheid? Vergewe en stap weg en julle sal 'n donker wolk voel wegskuif. Selfs as die ander persoon julle nie kan vergewe nie, bid vir hulle. Ja, bid vir julle vyande. Bid vir hulle met 'n opregte hart en Ek sal vir julle liefde gee vir hulle wat julle kwaad aandoen. Ek sal julle 'n sagte hart gee.

Hoe kan julle verwag dat hulle wat nie MY Pad volg nie en wat nie MY HEILIGE GEES ontvang het nie, julle moet behandel asof hulle MY volgelinge is. Julle moet geduld, vriendelikheid en verdraagsaamheid bewys aan die wat MY nie ken nie.

Dit is onmoontlik vir mense wat MY nie waaragtig ken nie, om hulle te gedra asof hulle MY ken. Kan julle verstaan? Julle kan nie die vrugte van die Heilige Gees verwag van hulle wat dit nie het nie en wat MY nie in hulle lewens het nie.

**Mattheüs 5:44-45 "Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê, seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg sodat julle kinders**

**kan word van julle VADER wat in die hemele is, want HY laat SY son opgaan oor slegtes en goeies en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges."**

Die wêreld dink dit kan sonder GOD voortbestaan. Hulle mislei hulself. Net Ek kan alles bymekaar hou. Net Ek wys die regte manier om te leef vir die mensdom. Die wêreld wat MY verwerp leef onder 'n valse lering en bose verleiding. Dit het baie Goddeloos geraak.

Daar is geen waarheid nie, net kompromie en misleiding. Behalwe die wat MY Perfekte Weg volg, is die mensdom onder valse lering en korrupsie. Niks en niemand kan meer vertrou word nie.

Slegs MY Bruid wat op die aarde oorgebly het en in MY Perfekte Wil bly, is op die Reguit Pad. Net sy is stabiel en vertrou. Almal anders bewandel die pad van boosheid, onstabiel in al sy weë.

Binnekort gaan Die Bruid weggevoer word en die wêreld gaan al sy lig verloor. Duisternis sal alles omvou. Daardie dag kom nader.

Vergiffenis: Dit is die sleutel om na MY terug te keer. Vergewe almal. Daar is geen onvergewendheid wat werd is om julle siel oor te verloor nie.

**Lukas 6:37 "En julle moet nie oordeel nie, dan sal julle nooit geoordeel word nie. Julle moenie veroordeel nie, dan sal julle ook nie veroordeel word nie. Spreek vry en julle sal vrygespreek word."**

Dogter, dit is jou HERE wat praat. Laat ONS begin. Ek wil nou instruksies gee oor hoe om met ander saam te leef.

Te veel mense minag mekaar en het min geduld en min respek. Dit alles lei na wederstrewigheid. Dit lei na ontevredenheid en seergemaakte gevoelens. MY kinders is selfsugtig. Hulle wil voor staan op alle gebiede. Hulle is ongevoelig teenoor die behoeftes van ander. Dit lei tot argumente en woede.

Kinders, dit maak MY hartseer, maar die hoofoorsaak van alles is selfgesentreerdheid. Dit spruit uit 'n gebrek aan nederigheid.

**Spreuke van Salomo 15: 33 "Die vrees van die HERE is die tug van die wysheid, en nederigheid gaan aan die eer vooraf."**

Slegs met 'n nederige hart sal dit moontlik wees om suksesvol met mekaar saam te leef.

Julle moet julle begeertes afstaan en gee sodat julle naaste tevrede is.

Dit vra van julle om terug te staan vir julle naaste. Dit is die manier waarop die nederige lewe. Dit dra vrugte: 'n vreedsame, tevrede en gelukkige omgewing.
Min leer die manier van lewe. Min vind hierdie Waarheid, maar dit is die Weg van Vrede, MY Weg.

Ek gee hierdie reëls om volgens te lewe aan MY kinders sodat hulle vreedsaam en gelukkig kan wees. Nogtans doen hulle hul eie ding en eindig dikwels in onmin en strewe swaar.

Wanneer sal hulle leer dat MY Weg die beste is om te volg? Ek weet alle dinge. Ek weet hoe MY kinders die beste saam kan lewe. Ek gee reëls en leidrade oor hoe om vreedsame gelukkige tuistes te hê.

Dit verg egter dat MY kinders hulle eiegeregtigheid en selfsug sal neerlê en MY Reëls sal volg.

**Psalm 34:15 "Wyk af van wat verkeerd is, en doen wat goed is, soek die vrede en jaag dit na."**

Selfsugtige keuses skep ongelukkige tuistes. Laat MY oor julle huise heers… Laat MY oor julle harte heers. MY Weg is vrede, kalmte en Liefde. Ek sal julle huise verander in die gelukkige tuistes wat Ek vir MY kinders bedoel het. Buig julle harte vrywillig voor MY neer en Ek sal vrede oor julle laat reën.

Julle huishoudings sal in stille sekerheid, liefde en vrede lewe. Begaan die weg van stille tevredenheid en nederigheid. Neem ander se gevoelens in ag en geluk sal volg. Laat MY oor julle huise heers en Ek sal huise van blydskap en geluk voortbring.

**Psalm 37:11 "Die ootmoediges daarenteen sal die aarde besit en hulle verlustig oor groot vrede."**

# HOOFSTUK 6

## LEEF IN DIE WÊRELD, MAAR WEES NIE VAN DIE WÊRELD NIE

Laat ONS begin: Vandag wil Ek praat oor om in die wêreld te lewe. MY kinders lewe in die wêreld, maar hoef nie 'van die wêreld' te wees nie. Die wêreld is vyandskap teen MY. Ek gril vir die oorweldigende boosheid.

Kinders, julle kan in die wêreld saam met die wêreldlinge leef sonder om deel te hê aan die dinge van die wêreld. Die wêreld sal julle lei langs paaie van vernietiging en hartseer.

**Jakobus 4:4 "Egbrekers en egbreeksters, weet julle dan nie dat vriendskap met die wêreld vyandskap teen GOD is nie? Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van GOD."**

Ek is julle enigste bron van vervulling, vrede en kalmte. Moenie vir leiding na die wêreld draai nie. Julle sal net mislei word. Julle moet na MY draai vir leiding. Hou aan MY vas in hierdie belangrike uur. Ek het al julle antwoorde.

Ek wil julle ongeluk en smart spaar, maar julle moet volledig julle lewens na MY toe draai - Slegs dan kan Ek oorneem en julle bevry.

Julle kan veilig deur die wêreld gaan en nie beïnvloed word deur sy sluheid nie, maar julle het MY nodig om aan julle sy te wees. Ek kan julle lei verby die oneindige verleidings en strikke van die wêreld wat julle van MY wil wegtrek.

Ek wil hê julle moet op MY fokus. Hou julle oë op MY gerig, julle REDDER, Ek is julle deur na veiligheid. Alle ander deure lei na vernietiging. Moenie mislei word en julle oë van MY wegneem nie. Ek bied julle hoop in 'n wêreld waar daar geen hoop is nie.

O, dit lyk of daar hoop is, maar wat normaal lyk, is misleidend.

**Psalm 25:15 "My oë is altyddeur op die HERE, want HY sal my voete uit die net uitlei."**

Dit is nou die laaste ure. Die wêreld is in die eindtyd. Die wêreld lyk so oortuigend normaal, maar dis nie alles so nie, - dit lei na 'n pad van vernietiging.

Binnekort gaan baie dit te laat uitvind. Maak julle oë oop. Die wêreld bied slegs valse hoop.

Laat MY julle lei. Gee julle lewens oor aan MY. Ek sal julle oë oopmaak met MY HEILIGE GEES en julle sal hernu word en dinge sien soos dit werklik is en dan sal julle die Waarheid sien. Net MY HEILIGE GEES kan julle geestelike oë wat deur die wêreld mislei is, oopmaak.

Ek is gereed om julle die geestelike oogsalf te gee om dit moontlik te maak. Julle moet MY net daarvoor vra.

Gee julle lewens, harte, siele en geeste aan MY oor en laat Ek julle die sig gee wat julle nodig het om veilig deur hierdie wêreld te gaan.

**Openbaring 3:18 "Ek raai jou aan om van MY te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie, en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien."**

# HOOFSTUK 7

## DIE WEGRAPING EN DIE BRUILOFSFEES VAN DIE LAM

Laat ONS begin. Hierdie Woorde is vir elkeen wat dit ontvang. Vandag gaan Ek praat oor die Komende Wegraping, die wegneem van MY Bruid, MY Kerk.

Hierdie oomblik gaan skielik aanbreek. Baie kinders is nie gereed hiervoor nie. Hulle weerstaan MY en hou aan die wêreld vas. Hulle wil in die wêreldse weë wandel. Hulle is baie bedrywig en slaan nie ag op MY waarskuwings nie... Binnekort gaan MY waarskuwings ophou en dan moet Ek kom om MY Bruid weg te neem. Sy sal nie meer daar wees nie.

**Daniël 12:4 "En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde toe, baie sal dit deursoek en die kennis sal vermeerder."**

Haar identiteit is aan die wêreld onbekend. Sy is goed verskuil. Ek het haar in veilige berging. MY Lig skyn deur haar - die laaste oorblywende lig op aarde. Die tyd is kort en spoedig sal die lig uitgaan. MY sendelinge sal verhuis na hul Hemelse woning, veilig weg van die tirannie op aarde.

Die wegraping sal 'n groot gebeurtenis wees, die wegraping van MY kinders wat gereed is. Daar was nog nooit so 'n gebeurtenis in die wêreld se geskiedenis nie. Daar sal ook nooit iets soortgelyks plaasvind voor of daarna nie. Dit is die grootste "Exodus" van alle tye.

MY kinders sal in 'n oogwink weggaan en nuwe verheerlikte liggame ontvang. Hierdie liggame sal bestand wees en vir ewig hou. Dit sal liggame wees soos die verheerlikte liggaam wat Ek het. Ek is die VOORVRUG van baie ander. Hierdie kinders sal 'n lewe ervaar wat hulle nog nooit geken het nie, 'n glorieryke ewige lewe.

**1 Korinthiërs 15:51-54 "Kyk Ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwenk, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word. En wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid beklee is, dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: Die dood is verslind in die oorwinning."**

Daar wag baie wonderbare dinge vir MY weggeraapte kinders. Laat Ek julle 'n insae gee: By hul aankoms sal hulle deur hul geliefdes begroet word, familie en vriende wat reeds in die hemel is. Ek sal toekyk. Dit is 'n oomblik van groot glorie.  Wat 'n groot geskenk om verenig te word met lang vermiste familie. Daarna sal MY kinders gelei word na die groot Bruilofsfees van die LAM. Ek sal die geleentheid aanbied.

**Openbaring 19:9 "Toe sê Hy vir my: "Skryf - Salig is die wat genooi is na die Bruilofsmaal van die LAM.  En Hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van GOD."**

Dir tafel sal oorvloedig berei wees. Elke verskeidenheid sal voorsien word. Die fyner besonderhede van die geleentheid sal verstommend wees. MY kinders sal aansit by ‘n sitplek met hul name in letters van egte goud. Die toebehore sal van egte goud wees wat versier is met juwele. Daar sal ook soliede goue borde versier met juwele wees. Die tafeldoek sal van suiwer sy wees met goue weefsel.

Lig sal deur die weefsel skyn. Die koppies van goud sal juwele om die rante hê.

Elke sitplek sal ‘n spesiale geskenk vir daardie kind hê. Die geskenk sal ‘n herinnering wees aan MY Verhouding met. Daardie kind. Dit sal uniek wees vir elke kind. Elke geskenk sal ‘n spesiale betekenis hê vir elke kind, uit ONS lang verhouding. Daar sal baie verrassings by die Geleentheid wees - MY Bruilofsmaal.

**Mattheüs 22:2 “Die koninkryk van die hemele is soos ‘n koning wat ‘n bruilof vir sy seun berei het.”**

Elke kind sal ‘n engel hê wat hom bedien. Die kos is voorberei in MY hemelse kombuis. Daar sal niks ontbreek nie. Alle voedsel sal van hemelse proporsies wees, kos wat van die aarde herken word, asook kos wat nog nooit voorheen gesien is nie. Asemrowende prag is ‘n goeie beskrywing is ‘n goeie beskrywing vir die bereide tafel.

MY tafel sal vol ligte, kerslig en menorahs wees. MY kinders sal klede van lig dra. Hulle sal lig uitstraal en daar sal geen skadu’s wees nie.

**Jakobus 1:17 “Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die VADER van die ligte by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie.“**

Ek sal die seëning lei vir MY Bruid. Ek sal ‘n loflied vir haar sing, want sy is beeldskoon vir MY. Daar sal dans en musiek en blydskap oral rond wees.

MY Bruid sal MY in al MY Glorie aanskou, want Ek is stralend van aanskyn. MY Skoonheid sal deurskyn en MY Liefde sal oorloop en almal teenwoordig oorweldig. MY VADER sal met groot vreugde toekyk, want daar gaan dans en vieringe wees.

Ek sal met MY Bruid dans en Ons sal soos EEN wees. MY kinders sal dans en feesvier. Alle harte sal bly wees. Niemand sal hartseer wees nie. Dit sal ‘n groot uur van glorie en liefde wees.

Daar sal duiwe deur die lug vlieg. Hulle sal in pragtige patrone vlieg en formasies vorm met pragtige boodskappe vir MY Bruid. Sy sal verstom staan.

Ek sal MY Bruid ‘n ring gee. ONS name sal daarop geskryf staan.

Oral sal blomme wees van alle kleure: nuwe en ou kleure. Lieflike geure sal in die lug hang. MY kinders sal in ekstase wees.

**Lukas 15:22 "Maar die Vader sê vir Sy diensknegte: Bring die beste kleed en trek hom dit aan, en gee 'n ring vir sy hand en skoene vir sy voete."**

MY engele sal die lug vul met sang en dans en musiek. Hemelse instrumente sal pragtige musiek speel. Die sterre sal uitroep in viering van die LAM en SY Bruid.

**Job 38:6-7 "Waarop is sy fondamentsklippe op ingesink? Of wie het sy hoeksteen gelê. Toe die morester saam gejubel en al die seuns van GOD gejubel het? U sal my die pad van die lewe bekend maak; versadiging van vreugde is voor U aangesig, lieflikhede in U regterhand, vir ewig."**

Die hele Hemelse skare sal vergader en lofsange sing vir die Bruilof van die LAM. Almal sal lofsange sing tot die Koning, Sy Bruid het gekom. Sy het haarself gereed gemaak. Laat die blydskap begin.

**Openbaring 19:7 "Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die Bruilof van die LAM het gekom en Sy vrou het haar gereed gemaak."**

Die LAM wat die sonde van die wêreld wegneem, verenig met SY geliefde in Heilige Huwelik. Groot is SY Naam. Loof Sy Heilige Naam voor die hemele, want HY is getroud met SY geliefde en HY het haar hart gewen.

**Johannes 1:29 "Die volgende dag sien Johannes Jesus na hom kom en hy sê: Daar is die LAM van GOD wat die sonde van die wêreld wegneem."**

MY kinders sal ook hul hemelwonings gewys word: O Dogter, die prag en die praal.

Oë het nie gesien en ore het nie gehoor wat vir MY glorieryke Bruid wat MY liefhet, wag nie.

**1 Korinthiërs 2:9 "Maar soos geskrywe is: Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van die mens nie opgekom het nie, wat GOD berei het vir die wat Hom liefhet."**

Dogter, hierdie wonings sal meer opwindend wees as enigiets wat die aarde kan bied. Niks kan vergelyk word met die weelde wat op MY Bruid wag nie. Hierdie wonings sal die smaak en voorkeur van elke kind bevredig. Geen twee wonings sal dieselfde wees nie. Elke een is verskillend van die ander.

**Johannes 14:2-3 "In die huis van MY VADER is daar baie wonings, as dit nie so was nie, sou ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle 'n plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle 'n plek berei het, kom Ek weer en sal julle na MY toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."**

MY kinders gaan oorstelp wees oor wat hulle in elke huis gaan ontdek. Elke huis het besonderhede wat sy eienaar gaan verbly. Daar is niks op aarde waarmee 'n mens die ornamente en prag van elk van die huise kan beskryf nie.

Al die binnehuise het unieke verrassings. Die wonings is lewendig. Dit vervoer MY kinders na en van wonderlike plekke om te geniet en ondervind.

ONS sal saam die avonture deel. ONS sal lag en verken. Die opwinding sal nooit einde kry nie. Daar sal regdeur tuine en plesier wees.

Musiek en lieflike geure sal in die atmosfeer hang. Elke huis sal met liefde en blydskap gevul wees Eensaamheid sal nooit ‘n probleem wees in die hemel nie. Ek is altyd by MY kinders, vrolik en gelukkig in mekaar se geselskap.

**Psalm 36:8 “Hoe kosbaar is U goedertierenheid, O GOD. Daarom skuil die mensekinders onder die skaduwee van U vleuels.”**

**Psalm 36:9 “Hulle verkwik hulle aan die vettigheid van U huis en U laat hulle drink uit die stroom van U genietinge.”**

MY Liefde omvou elke beweging van hulle. Blydskap, liefde en geluk is die toekennings van die ewige tuistes, onbeskryflike ewigdurende geluk.

Dit is slegs ‘n voorsmaak van dit wat nog sal kom. MY kinders het geen begrip van wat vir hulle wag nie. Dit is onmoontlik om met aardse vergelykings te beskryf wat die hemel inhou.

MY kinders, kom geniet die hemelse lieflikhede in die ewige Koninkryk met wonings spesiaal voorberei met liefdevolle aandag vir MY Bruid.

**Psalm 16:11 “U sal My die pad van die lewe bekend maak; versadiging van vreugde is voor U Aangesig, lieflikhede in U Regterhand, vir ewig.”**

# HOOFSTUK 8

## MAAK GEREED VIR DIE WEGRAPING

Laat ONS begin. Nou, MY dogter, daar is baie voorbereiding om te doen in die dae wat voorlê voor die wegraping. MY kinders moet tyd met MY spandeer in MY Skuilplek, ‘n stil tyd om MY te leer ken. Ek het hulle volle aandag en vriendskap nodig. Ek wil MY Hart met hulle deel. Ek het ‘n volle oorgawe van hulle harte en hul lewens nodig.

**Psalm 91:1 “Hy wat in die skuilplek van die ALLERHOOGSTE sit, sal vernag in die skaduwee van die ALMAGTIGE.”**

MY kinders is geheg aan die wêreld. Hulle glo die wêreld hou alles vir hulle in. Die wêreld is leeg en kil. Elkeen vir homself, niemand gee werklik om vir enigiemand anders nie. Dit het ‘n wêreld geword waar elkeen kyk wat hy vir homself kan buit.

Elkeen kyk wat by vir homself uit ‘n ander kan kry vir sy eie selfsugtige wins. Dit is ‘n wêreld vol hopeloosheid en hartseer. En MY kinders kleef steeds daaraan vas met die gedagte dat dit ‘n blink toekoms vir hulle inhou. Hulle word betoor deur sondige mense wat hul sondige weë promofeer.

MY kinders moet wegbreek van hierdie nonsens en terugkeer na die Lewende GOD, hulle SKEPPER, wat al die antwoorde vir hulle het vir hierdie lewe en die hiernamaals.

Ek is die Grote GOD van Alle lewende asemhalende wesens. Ek het die sleutels tot die ewige lewe. Gee julle ten volle aan MY oor voor Ek MY Groot Aankoms na die aarde gaan maak, MY Bruid kom haal, en gaan terugstaan sodat die aarde kan ontvang wat dit toekom.

**Job 12:10 ”In wie se hand die siel is van alles wat leef, en die gees van alle menslike vlees.”**

Dit staan op die drumpel om te gebeur. Oorgawe is nodig om deel van MY Bruid en geredde kinders te wees. Daar is nie ‘n uitsondering nie. Gee ten volle oor, laat MY Gees toe om in julle gees te kom en dit te hernu.

Maak julle harte skoon met die bedekking van MY Bloedrantsoen en die Lig wat MY Woord julle bied. Dit is alles nodig om julle siele te red, om skoongemaak te wees sonder ‘n vlek of ‘n plooi, wit gewas en gereed vir julle wegname na veiligheid. As julle twyfel, lees MY Woord.

**Efesiërs 5:25-27 “Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos CHRISTUS ook die gemeente liefgehad en HOMSELF daarvoor oorgegee het, om dit te heilig, nadat HY dit gereinig het met die waterbad deur die woord, sodat HY die gemeente voor HOM kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees.”**

Bid om vervul te word met die HEILIGE GEES. Lê julle lewens af en bely julle sondes. Begin vas om julle weersin in julle sonde voor MY, julle HEILIGE GOD, te toon. Ek sal julle herstel en lei na die Ewige Waarheid. In MY Weë en MY Wil.

Julle eie wil sal julle tot vernietiging lei. Dit is die breë pad wat MY Woord van praat. Kom binne MY Wil. Dit is die nou pad, die veilige pad waarheen Ek julle sal neem.

**Mattheüs 7:13-14 "Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan. Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei en daar is min wat dit vind. "**

MY Woord sal julle op die pad van Lig lei. Alle ander paaie lei na vernietiging. Kom in MY Lig, MY Wil. Gee MY julle lewens. Laat MY toe om julle van die sonde van julle verlede te verlos en julle die pad te wys wat lei na die vryheid van die mag van sonde.

**Psalm 119:105 "U Woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad."**

Watter sonde ookal julle onder sy mag het, Ek kan julle bevry, maar julle moet eers 'n volle oorgawe maak, bekeer en erken dat julle sonde het waarvan julle bevry wil word. Doen dit met 'n opregte belydende hart. Ek sal bly wees om julle te bevry van die mag van die sonde. Dit maak nie saak watter mag julle oor julle het nie. Ek kan julle vry maak.

Niks is vir MY onmoontlik nie - niks. Ek het gekom om die gebondenes vry te maak. Julle moet net vra.

**Lukas 1:37 "Want geen ding sal by GOD onmoontlik wees nie."**

Laat MY toe om julle van hierdie las te bevry. Laat MY julle smart en hartseer wegneem. Laat MY julle verstand verlig en julle las wegneem. Laat MY julle gereed maak vir MY Komende Glorie. Dit is alles julle s'n - gee oor, lê al julle aardse begeertes af en kom na MY in volle oorgawe. Ek sal julle vrede gee wat alle verstand te bowe gaan en julle kan voor MY aangesig regverdig staan. Ek kan julle regverdig stel voor MY, MY VADER en Die HEILIGE GEES.

**Filippense 4:7 "En die vrede van GOD wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en sinne bewaar in Christus Jesus."**

Hierdie liefde kan nie gekoop word nie. Dit is verniet - verniet om te neem, julle hoef net te vra. Maak gou om die aanbod te aanvaar, want die tyd is kort tot MY wederkoms. Moenie uitstel nie. Die uur het nou aangebreek om julle te was in MY Bloed en gereed te maak.

**1 Johannes 1:7 "Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar: en die Bloed van JESUS CHRISTUS, SY SEUN, reinig ons van alle sonde."**

Laat Ons begin, Dogter.  Vandag wil Ek die lot bespreek van die wat agterbly. Die tyd na die Wederkoms sal die wêreld nie dieselfde wees nie. Daar gaan groot omwentelinge oral plaasvind. Die wêreld sal nie

dieselfde lyk nie. Verskrikking sal die land tref. MY lou kinders sal weet wat gebeur het en sal vrees, groot angs sal hulle harte aangryp.

Die wêreld sal nie normaal funksioneer nie. Selfs die natuurskoon sal nie dieselfde lyk nie. Daar sal vure en rampe oral wees. Mense sal blootgestel en onbeskermd wees teen massas bendes wat hulle beroof en uitbuit.

Daar sal nie ‘n weermag wees om hulle te beskerm nie, want alles sal chaoties wees. Baie sal hul lewens verloor wanneer die aarde skielik vernietig word. Groot dele van die wêreld sal verander terwyl groot getalle mense sterf.

**1 Thessalonicense 5:3 “Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid - dan oorval ‘n skielike verderf hulle soos die barensnood van ‘n swanger vrou. En hulle sal sekerlik nie ontvlug nie.“**

Paniek sal uitbreek vanuit elke hoek van die aarde. Daar sal geen toevlug wees vir versagting of ontkoming nie. Voedsel sal verminder tot niks. Daar sal oral desperaatheid wees.

Dit sal vir ‘n tydperk voortduur totdat die antichris intree en die wêreld onder sy beheer bring.Uit die staanspoor sal dit voorkom asof verligting en versagting ingetree het vir die mense wat graag weer normaliteit wil hê, maar die uitkoms wat hy bring sal die dood van baie beteken. Die wat nie onder sy nuwe sisteem sal buig nie, sal die doodstraf kry en baie sal selfs gemartel word.

Om te weier om deel van sy sisteem te wees sal vreeslik wees, want hy sal geen genade betoon nie. Hy is deur en deur boos. Hy sal die hele aarde onder sy tirannie bring. Alle lande sal onder sy gesag buig uit desperaatheid as gevolg van die chaos wat die wegraping nagelaat het.

Dit sal die donkerste tyd van die mensdom wees. Baie sal selfmoord pleeg om ‘n uitkoms te vind. Dit is nie MY uitweg nie en behoort nie as ‘n oplossing oorweeg te word nie.
Die antichris sal sy merk op die mense plaas as ‘n metode van beheer. As julle die merk weier sal julle doodstraf kry. Daar sal geen uitsonderings wees nie.

**Openbaring 13:16-17 “En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe ‘n merk op hul regterhand en op hul voorhoofde gegee word; sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het.”**

**Openbaring 14:11 “En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid. En hulle het dag en nag geen rus nie - hulle wat die dier en sy beeld aanbid, en elkeen wat die merk van sy naam ontvang.”**

Baie van MY lou volgelinge sal dan die prys verstaan wat hulle moet betaal om in MY Koninkryk te kom. Baie sal nie oorgee aan die antichris nie en vir hul geloof sterf. Die getal sal groot wees.

Die antichris gee nie om hoeveel sterf nie. Sy magsug en beheersug sal sy hart vul. Hy sal niks voel vir die menigte wat hul lewens verloor nie. Dit sal ‘n donker tyd wees vir die wat MY Naam verkondig. Deur MY Naam sal baie tot die dood veroordeel word. MY Naam sal weerstaan word en sal as rebellie teen die antichris gesien word. Hulle sal almal wat MY en MY Weg verkondig wil vernietig.

Wat ‘n donker tyd nader vir die kinders. Daar was donker tye in die verlede, maar nog nooit was dit so donker soos die tyd wat voorlê nie. Dit sal nie maklik wees vir diegene wat verwagtend is nie. Duisternis sal heers. Dit is wat MY louwarm kerk sal teëkom.

Louwarm kerke sal in groot getalle na MY terugkeer. Mense sal MY soek soos nooit tevore nie. Ek sal natuurlik daar wees vir hulle, maar hulle sal nogtans deur moeilike tye gaan. Families’ sal van mekaar geskei word en hartseer sal volg. Dit gebeur alles omdat MY kinders hulle harte verhard het en MY Waarskuwings geïgnoreer het.

Al hierdie tragiese dinge kan verhoed word as MY kinders na MY toe sou kom in nederige belydenis, MY aangesig sou soek en MY intiem sou leer ken. Hardloop in MY Wagtende Arms! Ek sal hulle die Waarheid wys oor MY Spoedige Wederkoms en hoe om gereed te wees as die Bruid.

Kom, Kinders, hardloop, Ek wag met Ope Arms om julle van hierdie dinge te red. Ek is die Groot REDDER. MY begeerte is om julle te red. Niemand hoef agter te bly nie. Daar is plek vir almal wat hul lewens voor MY neerle. Ek vereis volkome oorgawe en aflegging van julle sondes.

Moenie mislei word nie. Daar is geen ander weg nie. Laat MY toe om julle te verlos van hierdie komende verskrikking.
Laat Ons weer begin. MY kinders dink hulle het nog baie jare in die toekoms. Hulle verstaan nie dat MY geduld op is met hierdie wêreld nie.

MY kinders is so opgevang in die dinge van die wêreld dat hulle nie sien hoe ver die wêreld van MY Waarheid en die dinge wat MY, GOD, verteenwoordig, verwyder is nie. Selfs hul kerke is ver van MY Woorde, MY Waarheid en MY Boek.

Die leiers van MY kudde is opgevang in wêreldse aktiwiteite en doen MY werk om hulleself te vervul.
Hulle het nie meer en verlang nie meer ‘n suiwer liefde vir MY nie. Hulle jaag weelde, roem en eer na van die wat hulle omring en dink dan Ek sal hulle seën.

Hulle glo dat groot getalle lidmate in hul kerke ‘n maat is vir sukses en dat Ek tevrede is. Ek is slegs tevrede as MY leiers hul volgelinge wys om MY eerste te soek in al hul weë en in stille diepe verhouding met MY te wandel. Baie min verkondig dit, want dit streel nie die ore van die menigtes wat hulle in hul geboue wil lok nie. Die getalle mense bring geld en geld maak almal gelukkig, maar MY Koninkryk is nie oor rykdom in hierdie lewe nie.

**Lukas 16:13 “Geen huiskneg kan twee here dien nie; want hy sal of die een haat en die ander liefhê, of die een aanhang en die ander een verag. Julle kan nie GOD en mammon dien nie.”**

MY leiers is ver van MY verwyder en hoekom nie? As hulle groot getalle lok, wanneer is daar tyd vir MY? Ek is die rede hoekom hulle bestaan! Ek is die EEN wat die son laat skyn en laat reën.

Dit is ‘n donker uur en dit word daagliks donkerder; Nogtans weerhou die leiers hierdie waarheid van MY kudde. Hulle steek dit weg en bring slegs boodskappe van blydskap en geluk. MY kudde word mislei en nie voorberei nie. Hulle dink alles gaan goed en hulle word nie voorberei om gereed te wees nie.

Watter woorde van waarskuwing sal hulle wakker skud? Wat moet hulle hoor om te glo dat MY
Boek alle waarheid voor hulle uitgelê het. Nogtans hoor niemand en glo niemand nie.
Wat moet vir die kerk gesê word om ag te slaan op die waarskuwings sodat hulle die wêreld kan aflê en sien wat aangaan en gereed wees vir wat kom?

**Hosea 4:6 “MY volk gaan ten gronde weens ‘n gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou GOD vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet.”**

Hulle is sag en word mislei. Tyd gaan verby en die kerk is dormant asof niks verkeerd is nie. Hoe aan die slaap is die lou kerk nie. Hoe min stel hulle belang in MY en waarvoor Ek staan. As die kerk MY werklik in ‘n intieme verhouding sou soek, sal geeneen van MY waarskuwings hulle verras nie en hulle sal voorbereid wees.

Dit is ‘n groot tyd van duisternis vir die kerke. Baie min is wakker en let op wat besig is om te gebeur.  Min volg MY aanwysings en weë. Genade is nie vir die wat moedswillig rebels is en nie hul sondes bely nie. Jy kan MY HEILIGE GEES bedroef en onderdruk en wat kan jy dan doen, Kerk?

**Efesiërs 4:30 “En bedroef nie die HEILIGE GEES van GOD nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing.”**

Wanneer julle MY HEILIGE GEES uit julle geboue jaag omdat Hy te veeleisend is na julle smaak - Ek en MY Heilige Gees is Een. Wie dien julle as julle MY HEILIGE GEES en die beweging van MY HEILIGE GEES, weerstaan in julle teenwoordigheid. Wie aanbid julle werklik? Julle is besig met afgodsaanbidding.

**Handelinge 7:51 “Julle hardnekkiges en onbesnedenes van hart en ore, julle weerstaan altyd die HEILIGE GEES; net soos julle vaders, so ook julle.”**

Julle het julle eie GOD geskep, ‘n GOD wat pas by julle wêreldse begeertes, maar dit is nie die EEN WARE LEWENDE GOD nie. Dit is slegs ‘n afgod.  Julle het gedink die mense van die verlede wat afgodsbeelde aanbid het, is skandelik, maar julle doen dieselfde.

Kom na MY in nederige belydenis, kerke, en Ek sal julle siele reinig. Ek sal julle vergewe dat julle mammon aanbid het en MY verlaat het. Ek begeer om julle terug te bring na MYSELF. Laat MY toe om herlewing te bring, julle vrede te gee en reg te stel met julle GOD.

**Markus 8:36 “Want wat sal dit ‘n mens baat as hy die hele wêreld win en aan sy siel skade lei?“**

Soos dit nou staan, is julle ver van MY en MY Weë. Ek sal dit nie seën nie. Kom asseblief terug na MY, MY verlore kerk. Ek wag nog ‘n bietjie langer. Om uit te stel, is nie ‘n keuse nie. Word wakker en gee ag op hierdie waarskuwing. Neem aksie. Baie lewens is in gevaar.

**2 Timotheüs 4:3-4 “Want daar sal ‘n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle ‘n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede en die oor sal afwend van die waarheid en hulle sal wend tot fabels.“**

# HOOFSTUK 9

## DIE VERLORE KERK

Laat ONS begin. In hierdie Woord wil Ek oor MY verlore kerk praat, die wat dink hulle is veilig in MY, maar hulle is ver van MY. Ek spreek julle nou aan. Baie glo dat hulle in kerke is wat die volle Waarheid oor MY en waarvoor Ek staan verkondig.

Die waarheid is dat die meeste kerke oor die wêreld verkondig afgewaterde weergawes van waarvoor Ek staan. Dit beteken dat hulle halwe waarhede aan die mense verkondig, want die mense kan nie die volle waarheid verdra nie.

Hulle wil nie MY Volle Evangelie ken nie.  Hulle wil hoor wat die oor streel en wat hul wêreldse begeertes en lewens omsluit.

Die uur van MY Wederkoms is naby en Ek kan nie MY halfhartige louwarm gelowiges saamneem nie. Hulle sal agterbly. Hulle sal dan besef wat hul halfhartige Godsdiens vir hulle inhou.

**Openbaring 3:15-16 "Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy maar koud of warm! Maar nou, omdat jy lou is en nie warm of koud nie, sal Ek jou uit MY mond spuug."**

Nou, Kinders, julle kan nie op kerkleiers staatmaak om julle die volle waarheid te bied nie. Julle moet MY self soek om julle die volle waarheid te gee. Julle moet MY Boek lees, gee ten volle oor aan MY en vra om met die HEILIGE GEES vervul te word met 'n belydende nederige hart.

Daar is geen ander weg nie. Ek wil 'n volle oorgawe hê. Ek sal julle 'n volle lewe gee en julle oë oopmaak vir die Waarheid, MY Waarheid. Dan sal julle weet wat Ek van julle verwag sodat julle in MY koninkryk ontvang kan word.

Die kerk het die beeld verloor van wat dit beteken om MY volgeling te wees. Hulle volg nie MY Insettinge en MY Weë nie. Hulle soek vir verdraaiings om te doen wat hulle wil en nog goed oor hulleself te voel.  Dit gaan reeds vir 'n lang tyd aan en nou is dit buite beheer en baie min wil die Volle Waarheid aanvaar.

Min wil verstaan wat MY Woord werklik sê. Hulle wil storietjies hoor wat hulle laat goed voel oor hulself soos hulle kom en gaan, maar wil nie werklik vir MY ken en WIE EK is nie.

Hulle dink net hulle ken MY. Ek is nie werklik bekend aan die meeste van MY volgelinge nie. Baie speel net in 'n verhouding met MY. Hulle verstaan nie wat dit beteken om MY hul GOD te maak nie. Ek is net 'n bystander wat in hul lewe inkyk, maar wat nooit 'n deel van hul lewens is nie. Ek is nie deel van 'n intieme verhouding in hul lewens nie.

**Mattheüs 7: 21-23 "Nie elkeen wat vir MY sê : HERE, HERE ! sal ingaan in die Koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die Wil doen van MY VADER wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir MY sê: HERE, HERE, het ons nie in U Naam duiwels uitgedrywe en in U Naam baie kragte gedoen**

**nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van MY, julle wat die ongeregtigheid werk."**

Dit bedroef MY grootliks, want dit is die werklike rede waarvoor Ek MY kinders geskape het, om naby MY te wees en die lewenspad saam te loop. Maar die wêreld trek hulle so dat hulle die minderwaardige wêreldse pad gekies het eerder as om hul SKEPPER te ken.

Dit is hartseer dat mense so weggevoer kan wees oor die skepping dat hulle die SKEPPER verwerp, die Een wat alles gemaak het waaroor hulle so gaande is. Dit is werklik tragies. MY kinders, julle verstaan nie dat Ek heiligheid en reinheid vereis nie.

Kinders, Ek wil julle EERSTE GEDAGTE, julle EERSTE LIEFDE en julle EERSTE wees. Dit is waarvoor julle geskape is - om MY vriend te wees, vir ewig. As julle nie nou die pad saam met MY wil loop nie, hoe kan Ek verwag dat Ons ‘n ewige pad saam moet wandel. Wie verwag julle om vir ewig mee verbind te word - MY of MY vyand? Julle moet julleself die vraag afvra.

MY Liefde is dieper as enige liefde wat mense ken. Moenie jouself tekort doen deur minderwaardige bevrediging te soek nie. Julle sal nooit ‘n groter liefde as MYNE kry nie.

Kinders, julle moet julle harte ondersoek. Waar staan ONS, jy en Ek? Waar pas Ek in julle lewe in? Is Ek aan die buitekant en kyk Ek in, of is ONS in ‘n verhouding? Is Ek die middelpunt van julle lewens? Waar wil julle hê moet Ek wees. Julle moet julleself afvra.

Ek wag op julle. MY Arms is wyd oop om julle in ‘n volle verhouding te bring met julle SKEPPER, julle GOD.

Die uur breek aan vir baie belangrike besluite wat geneem moet word. Wil julle deel wees van MY Bruid? Sy is alles vir MY. Sy wag vir MY en kyk uit vir MY. Ek is meer as net ‘n verbygaande flirtasie. Ek is nie iemand wat sy net nou en dan opsoek en aanroep wanneer sy iets nodig het nie.

Ek en sy is saamgebind. Ek beweeg, sy beweeg. Ons smelt saam. Ons is Een. Sy is in MY wil en sy beweeg op MY Nou Pad. Ons rigting is dieselfde.

So, MY kinders, Ek gee julle die keuse. Alhoewel Ek wil hê julle moet MY kies, het julle nog ‘n vrye wil. Ek nooi julle uit om in die Perfekte Verhouding en Doel te kom waarvoor julle geskape is. Die keuse is julle s’n. Moenie te lank wag nie. Die aanbod staan nie vir ewig nie.

# HOOFSTUK 10

## BEGEERTE NA DIE WÊRELD

Ja, Dogter, ONS kan begin. Susan, dit is waaroor Ek vandag wil praat: Die sonde wat ontvlam in die harte van mense - dit is die sonde van begeerte vir die wêreld. Al die weë van die wêreld is boosheid. Bose mense wat bose dade inspireer. Alles wat die wêreld doen is weg van GOD.

Die wêreld is nie in MY Wil nie. Die wêreld profeteer dikwels dat hulle MY ken, maar dit is ver van MY en MY Waarheid. Dit gaan volstoom in die rigting waarin hulle wil gaan, sonder om MY, Die SKEPPER, ooit te raadpleeg. Dit is boosheid.

Om buite MY Wil te leef, is boosheid. Die enigste wil wat nie boosheid is nie, is MY Wil. Sien julle dit dan nie, MY kinders? Hoe kan die wêreld in GOD se rigting beweeg as dit so ver weg is van WIE EK is en waarvoor Ek staan. Ek staan vir Heiligheid en Reinheid van hart, wet en orde, waarheid en eerbaarheid. Hierdie wêreld staan al MY Weë teë en kom nie eens naby wat MY Boek bepaal as Waarheid en GOD se Ewige Weg nie.

Die wêreld staan MY en MY Weë teë met elke kans wat dit kry en ook vir die wat MY volg. MY Weë word nie gerespekteer of geëer nie. As hulle dit sou doen sou hierdie wêreld nie die hartseer, ellende, siekte en benoudhede ervaar het wat hulle nou oorweldig nie. MY Weë bring seëninge. Die wêreldse weë bring vervloekinge en vloeke wat vermeerder.

Slegs die wat werklik na aan MY en MY Woord leef, ontvang die vrede en kalmte wat Ek gee, selfs in die ergste omstanndighede. Dit is MY Bruid wat MY volg sonder die minste huiwering. Sy het MY lief. Sy beweeg nie ver van MY nie.

Sy weet ek is haar lewensbron, haar krag, haar liefde en sterkte.

Waar anders kan sy gaan om haar rus te vind? Sy weet beter as om MY Sy te verlaat vir ander begeertes. Ek is al beproef, bewys, getoets en getrou bevind aan haar. Ek is haar ALLES in alles. Niemand kan MY plek in haar oë vul nie.

Die wêreld ken nie MY Liefde nie. Dit is tevrede met ‘n minderwaardige nabootsing van geluk. Hoe hartseer is dit dat mense die wêreld en sy weë volg en glo die wêreldsisteem sal geluk bring en die antwoorde inhou vir al hul vrae.

Binnekort sal hierdie wêreld sy laaste oorblywende lig verloor wanneer Ek kom om MY Bruid uit sy midde te haal. Sodra sy uit die prentjie is, sal die wêreld ‘n donker verlate plek wees. Daar sal niks wees wat naastenby ‘n weerspieëling is van ‘n lig van Waarheid en skoonheid nie, slegs uiterste walglikheid en boosheid sal voortspruit. Dit is die wêreld wat binnekort kom.

Dit is wat spoedig gaan plaasvind.

**2 Thessalonicense 2:3-4 "Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo al wat GOD genoem word of voorwerpe van aanbidding is."**

**2 Thessalonicense 2:6-7 "En nou, julle weet wat hom teëhou, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word. Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is."**

'n Wêreld wat nie volgens MY Wette en Beginsels leef nie, is soos 'n skip sonder 'n anker. Dit is 'n skip wat vergaan en besig is om te sterf, 'n sinkende skip.

Binnekort, Kinders, sal julle dood en vernietiging sien soos nog nooit tevore nie. Want hierdie wêreld het gekies om hulle rug te draai op hulle GOD, hulle SKEPPER. Moenie mislei word nie.

Die wêreld kan nie aanhou bestaan buite MY Weë en Insettinge nie. Sy is 'n sinkende skip. Dit is nou tyd om uit die skip te klim. Sal julle kom as Ek MY getroue volgelinge roep? Sal julle MY volg, of sal julle agterbly en vashou aan die valse hoop dat die wêreld al die antwoorde vir julle het?

Luister julle nog na die wolwe in skaapklere wat MY nie werklik ken nie, wat 'n vorm van Godsdiens het, maar die krag daarvan verloor het? Gaan julle aanhou om mislei te word en verblind te word omdat julle die wêreld so geniet?

**2 Timotheus 3:5 "Mense wat 'n gedaante van Godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af."**

Kom na GOD en vind uit dat daar 'n Groter Waarheid is, daar is 'n Groter Vrede en daar is 'n Groter Liefde. Ek is HY. Jaag na MY, Kinders. Kom leer ken MY. Ek is werd om na te jaag. Ek is werd om te ken en tyd aan af te staan. Ek is die EEN wat julle geskape het en lewe gegee het. Wil julle nie die ewigheid met MY deurbring nie? Daar is 'n alternatief.

Dit is 'n plek waar al die goedheid van die lewe wat van MY kom, ontbreek. Ja, alles wat goed is in die lewe kom van MY. Ek het alles geskape. Sonder MY sal julle nie al die goeie dinge wat julle so geniet en vanselfsprekend aanvaar, wat van die Hart van GOD kom, ooit weer hê nie.

So, dink ernstig hieroor na. Julle besluit oor julle ewigheid - met of sonder GOD. Julle kies, julle besluit. Kom Ek julle haal wanneer Ek MY Bruid kom red? Dit is julle keuse. Maar daar is 'n prys om te betaal. Julle moet julle liefde vir die wêreld en julle najaag daarvan laat staan, want die wêreld se weg is nie MY Weg nie. Ek sal julle laat kies oor die rigting wat julle sal inslaan. Baie min mense kies MY Weg, baie min.

**1 Johannes 2:15 "Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die Liefde van die VADER nie in hom nie."**

# HOOFSTUK 11

## DIE WÊRELD SPOED AF OP GROOT PROBLEME

Laat ONS begin, MY dogter. Nou wil Ek praat oor die dinge wat spoedig gaan plaasvind. Die wêreld spoed af op groot probleme. Donker wolke trek oral saam.
Binnekort, baie gou sal hierdie wêreld verander. Alles sal oornag verander sodra die Bruid verwyder is.

Die wêreld sal donkerder word as wat dit nog ooit was met geen hoop op herstel nie, MY kinders, dit sal baie gou gebeur. Begin om vir hierdie werklikheid voor te berei. Ek vererger nie die Waarheid nie, MY Woorde is betroubaar. Die uur van verandering gaan spoedig plaasvind. Die plan is uitgelê en kan nie verander word nie.

Die wêreld het boos geraak. Geen mens, regering of mag kan stop wat gaan gebeur nie. Dit is ‘n manifestasie van Openbaring en die laaste dae. Die uur van MY SEUN se Wederkoms is naby.
Spoedig sal die wêreld weet wat soos ‘n dief in die nag gebeur het. Daar is niks wat hierdie gebeurtenis kan stop nie. Dit is voorspel en dit gaan nou gebeur, volgens MY Woord.

**1 Thessalonicense 5:2 “Want julle weet self baie goed dat die dag van die HERE kom soos ‘n dief in die nag.”**

Kinders, julle moet voorbereiding tref. Maak julleself gereed. Wees gereed vir MY Spoedige Wederkoms en MY SEUN se Aankoms. Hy kom met SY Engele Weermag deur die lug om SY Geliefde te kom haal. Hierdie uur het amper aangebreek.

Word wakker getroues. Maak gereed. Berei voor vir die Grootste Gebeurtenis in die geskiedenis. Die BRUIDEGOM kom vir Sy Bruid. Maak gereed. Almal moet gereed wees. Kom en wees gereed deur die Bloed van die LAM. Bedek julle met Sy Bloed. Dit is beskikbaar. Gee oor aan Sy Groot Liefde. Maak HOM julle begin en julle einde. ONS is EEN: VADER, SEUN en HEILIGE GEES.

Nou, Kinders, die vyand maak sy planne. Hy gaan die mensdom aanval. Alle beskawing gaan verander Hy gaan die mensdom aanval. Alle beskawing gaan verander word en verwyder word. Moenie onbewustelik gevang word nie. Hierdie groot omwenteling staan op die drumpel om te gebeur.

Maak julleself gereed. Die mensdom gaan verval in ‘n onherstelbare sinnelose boosheid. Slegs wanneer MY SEUN Terugkeer sal dinge tot ‘n slotsom kom, wanneer die boosheid uit die weg geruim word.

**2 Thessalonicense 2:8 “En dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die HERE met die asem van SY mond sal verdelg en deur die verskyning van SY Wederkoms tot niet sal maak.”**

Binnekort, Kinders, sal julle moet besluit; Wat sal julle glo? Waaraan sal julle vashou? ‘n Verdwynende aarde of MY Wil en MY Weë? Ek bied ‘n Ewige Koninkryk aan. Moenie glo dat hierdie aarde vir julle ‘n toekoms inhou nie. Alles sal binnekort verander.

Die landskap sal vir ewig verander. Moenie gulsig wees en aan ‘n toekoms vashou wat nie bestaan nie. Julle mors julle tyd.

Word bekend met hierdie Waarheid en besef wat dit vir julle inhou. Lees MY Boek en vergelyk dit met wat nou besig is om te ontvou. Die ooreenstemming is eindeloos, want die gebeure wat Ek lank gelede voorspel het, manifesteer nou. Dit is nie toeval nie. Dit is die Magtige Woord van GOD wat waar word.

MY Woord maak nie foute nie en word bewaarheid. MY Woord is standvastig. Ek is die ALMAGTIGE GOD, ALTYDTEENWOORDIGE WAARHEID, ONVERANDERBARE KONING van konings, HEERSER bo alle heersers. MY Woorde is onveranderlik…

**1 Petrus 1:24-25 “Want alle vlees is soos gras, en al die heerlikheid van die mens soos ‘n blom van die gras. Die gras verdor en sy blom val af, maar die Woord van die HERE bly tot in alle ewigheid. En dit is die Woord wat aan hulle verkondig is.”**

Kom, skrik wakker julle wat slaap. Nou is die uur om te ontwaak. Wees op en wakker. Nou is die tyd. Verwyder dit wat julle blind maak. Lê die dinge van die wêreld af en gee aandag.

Middernag kom nader.

Kinders, Ek waarsku julle. Moenie onverhoeds gevang word nie. Wees gereed. Maak gereed.

Die uur van die Wederkoms van die SEUN is op hande…

# HOOFSTUK 12

## MY SPOEDIGE WEDERKOMS

Laat ONS begin. Vandag wil Ek die probleme van die wêreld aangaande MY Seun se Spoedige Wederkoms bespreek.

Die wêreld staan op die drumpel van ‘n ontploffing van verandering. Verandering kom van alle kante: die vinnige verwydering van MY Bruid - diegene wat hulself gereed gemaak het: Hulleself gereinig het in MY Bloed en gewas het in MY Woord. Ook die dramatiese gevolge van die verwydering van die Bruid, wat gevolg word deur skielike vernietiging en die opkoms van die Antichris stelsel.

**Efesiërs 5:25-27 "Manne, julle moet julle eie vroue liefhê, soos CHRISTUS ook die gemeente liefgehad het en HOMSELF daarvoor gegee het, om dit te heilig, nadat HY dit gereinig het met die waterbad deur die Woord sodat HY die gemeente voor HOM kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees."**

Dit sal ‘n oornagse astronomiese verandering wees. Niks in die geskiedenis van die wêreld sal ooit groter wees as hierdie verandering nie. Die wat agterbly sal dit ervaar en die wat saamgeneem word sal dit weet.

Menigtes sal sterf gedurende die verandering soos die vernietiging die wêreld oorneem. Daar sal voortdurende vernietiging wees terwyl Ek MY Wraak op die aarde uitstort. Wat die aarde tot dusver ervaar het, is slegs ‘n voorsmaak van wat gaan gebeur. Dit is hoekom Ek aanhou om MY Waarskuwings uit te stort deur die tekens en deur MY dienaars, jonk en oud.

MY Waarskuwings was duidelik en onveranderd, beide deur MY Woord en deur waarskuwings wat Ek deur ander gee. Ek verander nie - Ek is EWIGDURENDE WAARHEID. MY Waarheid verander nie.

Kinders, die uur kom nader, die tyd het aangebreek om te spreek en almal om julle te waarsku dat vernietigende oordeel na die aarde oppad is.
So baie mense dink MY Boek is ‘n fabel of ‘n sprokie, maar elke Woord is Waarheid en dit gaan alles tot werklikheid kom.

Binnekort gaan Openbaring homself uitspeel, stap vir stap. Julle sal alles voor julle oë sien gebeur. Dit is reeds besig om te gebeur. Julle moet oplet wat aangaan. Alles wat gebeur is lank gelede voorspel. So, hou op om te twyfel. Hou op om na ander te luister wat MY nie ken nie. Lees MY Boek vir julleself. Soek MY HEILIGE GEES vir Leiding. Hy is altyd gereed om die Waarheid te openbaar en die oogsalf te gee wat julle nodig het vir hierdie Waarheid.

**Openbaring 3:18 "Ek raai jou aan om van MY te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word, en wit klere dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie geopenbaar word nie; en salf om jou oë te salf sodat jy kan sien."**

Ek wil nie hê julle moet onverwags gevang word nie. Ek wil hê julle moet opgewek word in die Waarheid en gereed en sober wees. Ek wil hê MY kinders moet in die Lig kom en die Waarheid sien.

Die Waarheid is beskikbaar, vryelik beskikbaar. Daar is geen rede om in die duister te bly en nie gereed te wees vir wat gaan gebeur nie. Ek kan julle raad gee en lei. Laat MY toe om dit te doen. Ek begeer om dit te doen.

Ek wil julle graag vashou en verseker dat julle die verskrikking wat aan die kom is, vryspring. Daar is ‘n uitweg. Kinders, kom in MY Getroue Arms. Ek is ‘n Barmhartige, Liefdevolle GOD wat gereed staan om julle te versorg, nieteenstaande waar julle was en wat julle gedoen het.

Kom! Kom! Dit is nou die uur van julle verlossing. Moenie vasgevang word in ‘n wêreld wat buite beheer tol omdat hulle die EEN Ware Lewende GOD en MY Perfekte Weë, verwerp het.

Baie sal te lank uitstel en spyt wees oor hul besluite. Moenie toelaat dat dit met julle gebeur nie. Ek is gereed om MY Hart met julle te deel, om teenoor julle oop te maak, julle ‘n kykie binne MY te gee en intieme tye met julle te deel.  MY begeerte is om julle in te lig en deur julle moeilike omstandighede te dra.

Laat MY asseblief deel in julle moeilikste probleme. Ek verlang na so ‘n verhouding met julle. O, hoe begeer Ek dit. Moenie vir MY, julle SKEPPER, wegstoot nie. Neem MY aanbod aan om naby julle te wees, nader as wat enigiemand andrs ooit aan julle was.

Dit is wat Ek MY kinders bied, ‘n verhouding wat anders is as enige menslike verhouding - een met julle GOD wat julle beter ken as enige iemand anders - Ek bied julle hierdie nabyheid. Ek gee julle MY Hart. Dit is MYNE om te gee en Ek gee dit vir julle. Dit is julle s’n as julle vra. So min mense vra daarvoor, maar dit is beskikbaar.

Kinders, Ek maak MY Hart oop vir julle en nooi julle om in te kom en deel te hê en MY teenwoordigheid te geniet. Kom leer ken MY as meer as net ‘n GOD wat ver is.

Julle het toegang tot MY. Ek kan julle diepste gedagtes en sorge met julle deel. Ek kan julle vertroos en deur die ergste tye in julle lewens neem en bemoedig. Ek is ‘n liefdevolle GOD, gewillig om oop te maak en intiem met julle te wees en hierdie lewe met julle te deel.

Julle hoef nooit weer hierdie pad alleen te loop nie. Elk is altyd aan julle sy. Ek is daar om julle te vertroos, te ondersteun en te bemoedig. Kom, leer ken MY in die verhouding wat Ek altyd bedoel het ONS moet hê.

Dit is waarvoor julle geskape is - om intiem naby MY te wees. Dit is julle doel in hierdie lewe. Julle mag anders glo, maar Ek is julle SKEPPER en Ek sê so. Ek wil daar wees in die lae en hoë tye in julle lewens, vir die moeilike tye en die vreugdevolle tye, en die lewe met julle deel, saam op die reguit pad.

Dit is die lewe wat Ek vir julle beplan het. MY Perfekte Plan en Wil vir julle lewens.

**Psalm 139:3 “U deurvors my gaan en my lê en U is met al my weë goed bekend.“**

So, kom na MY. Gee julle lewens oor aan MY. Maak dit oop voor MY.in nederige onderdanigheid en Ek sal dit neem en skoonmaak en gereed maak vir MY Koninkryk en julle kan aansit by MY Bruilofsmaal as MY Bruid. Julle hoef slegs te vra en Ek sal julle dit alles gee. Ek begeer om julle in MY wêreld te bring. Ek, GOD, is gereed en wagtend. Hou op om julle lewens sonder julle MAKER te leef.

# HOOFSTUK 13

## DIE UUR SPOED NADER, MY KINDERS

So, laat ONS begin. Kinders, Ek praat met MY kinders. Die uur kom vinnig nader. Ek kom vinnig op die vlerke van wit duiwe, op ‘n vorse ryperd met miljoene en miljoene engele wat MY begelei. Hierdie dag kom nader. Julle moet gereed wees en wagtend uitkyk vir MY.

**2 Thessalonicense 3:5 “Mag die HERE julle harte rig tot die liefde van GOD en die lydsaamheid van CHRISTUS.“**

Ek is vlymskerp altyd op tyd. MY Woord is betroubaar. Ek doen wat Ek beloof en Ek doen dit op die bepaalde tyd.

Hierdie uur is besig om tot ‘n einde te kom. Moenie hoop opgee vir die wat MY ernstig verwag nie, want hulle sal nie teleurgestel word nie.

Ek is die GOD wat by MY Woord hou. MY Woord is betroubaar en standvastig. Ek is die ROTS. Niemand wat hul vertroue in MY stel, sal teleurgestel word nie - niemand nie.

Ek verander nie. Ek is dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid. Ek is die ALFA en OMEGA. Kinders, julle moet julle gereed maak. Stoot julle wêreldse sorge eenkant toe en maak gereed.

Hoe maak julle gereed? Ek wil nederige oorgawe hê.

Ek wil nederige opregte bekering hê en julle erkenning van julle sonde voor ‘n HEILIGE GOD teenoor wie julle verantwoordelik is.

Ek wil volle oorgawe hê. Moet niks terughou nie. Ek wil hê dat julle al julle vertroue en geloof op MY moet vestig. Ek wil hê julle moet met die HEILIGE GEES gevul word. Kom en ontvang ‘n vol olielamp.

Ek wil hê julle moet julleself in MY Woord was. Ek wil hê julle moet julleself reinig in MY Kosbare Bloed - Bloed wat Ek gegee het as rantsoen vir julle.

Ek wil hê julle moet MY in al julle weë soek en MY in die geheime plek leer ken. Ek wil hê julle moet dag tot dag met MY saamloop en elke oomblik op MY vertrou.

Dit is julle HERE wat praat. Kinders, Ek wil hê julle moet wakker wees en met helder oë uitsien in afwagting vir MY. Ek wil hê julle moet die Tekens sien, die Tyd ken en MY Boek lees.

Moenie in die duister wees oor die Waarheid nie.

Dit is ‘n donker uur en dit gaan nie ligter word nie. Daar is nie helder lig oppad vir hierdie wêreld nie, slegs verskrikking, uiterste boosheid wat wag.

Luister aandagtig. MY Waarheid is altyd betroubaar. Jy kan altyd daarop staatmaak. Ek het gesê hierdie uur van duisternis gaan kom en nou is dit op julle. Kinders, dit is nie nou die tyd om gemaklik te wees nie en slapend gevang te word nie. Staan op en kom na MY Waarheid.

Maak julle verhouding met MY reg. Ek wag op julle. Maak julle los van die wêreld wat julle so heelhartiglik vertrou. Moenie aan ‘n verkrummelde wêreld vashou asof dit al die antwoorde vir julle het nie.

Hou op om tussen die wêreld en MY te wieg. Ek kan nie julle halfhartige oorgawe aanvaar nie. Dit sal nooit aanvaar word nie. Julle moet in volle oorgawe na MY kom, anders kan ons nooit saamwees vir ewig nie.

Dit is MY voorskrif om in MY Koninkryk te kan ingaan. Dit is wat MY Bruid bereid is om te doen om volkome ‘n deel van MY Wêreld te wees. Sy is bereid om MY haar hele wese te gee. Ek wil volle oorgawe hê. Niks anders is goed genoeg nie.

Kinders, Ek het vir julle ‘n volledige vernederende dood gesterf - niks is teruggehou nie. Daar was niks uitgelaat nie. Ek het alles gedra. Ek het Alles van MY gegee.

Ek het nooit weggedraai van MY Begeerte om julle straf te dra nie. Ek het dit in volle maat ontvang. Elke moment was gruwelik en martelend. Ek was ‘n Lam voor die honde. Daar het niks van MY oorgebly toe dit verby was nie. Die prys is ten volle betaal.

**Psalm 22:17 “Want honde het my omsingel; ‘n bende kwaaddoeners het my omring; hulle het my hande en voete deurgrawe.”**

Moenie hierdie groot prys wat Ek vir julle skuld betaal het, verwerp nie. As julle hierdie aanbod nie aanvaar nie, sal julle geen ander verlossing van julle sondes ontvang nie. Alhoewel mense soek na ‘n ander uitweg, bestaan dit nie.

Ek is die enigste betaling: MY gestorte Bloed, MY lyding aan die kruis, MY gebroke liggaam, MY gebroke hart. Ek het julle prys betaal vir julle sondes en Ek het dit vryelik gedoen, uit MY EIE Wil, sodat julle gemeenskap kan hê met MY VADER, MY en die HEILIGE GEES. Dit is wat Ek verduur het en hoekom.

**Hebreërs 13:12 “Daarom het Jesus ook, om die volk deur Sy eie bloed te heilig, buitekant die poort gely.”**

Dit is ‘n Kosbare Geskenk, MY kinders. Dit is prysloos - niks kan daarvoor betaal nie. Moenie dit minag of afbreek nie. Hanteer hierdie gawe met respek. Daar is geen groter gawe as dit nie, een deur julle GOD aan julle geskenk.

MY kinders, Ek vra nie betaling vir hierdie geskenk nie. Daar is geen betaling wat julle kan maak wat naby die waarde daarvan kan kom nie. Dit is vry, vryelik gegee en is beskikbaar vir julle om te ontvang.  Moenie hierdie onskatbare gawe van so ‘n Nederige en Vrygewige GOD wegwys of minag nie.

Om so ‘n Groot Gawe af  te wys, bring ewige straf.  Om so ‘n gawe te verwerp, bring die ewige hel. Verstaan julle, MY kinders?

So, moenie hierdie aanbod ligtelik opneem nie. Waardeer dit, want dit is ‘n Mees Kosbare Gawe van julle GOD vir julle redding en ewige verlossing van helse straf.

**Hebreërs 10:29 “Hoeveel swaarder straf , dink julle, sal hy verdien wat die SEUN van GOD vertrap het en die Bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die GEES van die genade gesmaad het.”**

Dit is beslis ‘n Uitsonderlike Gawe. So min in die wêreld kyk daarna en heg waarde daaraan. So min mense sal op MY Strate van Goud loop, want mense het ‘n baie ligte houding teenoor MY Groot en Genadige Geskenk aan die mensdom. Julle moenie mislei word nie. Om so ‘n Groot Gawe te minag is gevaarlik.

Hou dit dus na aan julle harte, heg waarde daaraan, waardeer dit en wees bly daarvoor, want daardeur kry julle die ewige verlossing, hoop en die ewige lewe in die Groot Koninkryk van GOD.

MY Gawe aan die mensdom kon net Ek betaal en net Ek kon bereik wat geen ander lewende wese kon bereik nie. Ek gee vryelik MY Liefde, groter as enige ander liefde wat bekend is.

Kom eet saam met MY aan MY Tafel van Liefde en ondervind liefde soos geen ander nie. Ek gee vryelik. Dit is ‘n aanbod wat mens eenkeer in ‘n leeftyd kry. Neem dit. Neem dit verniet. Dit sal nie altyd beskikbaar wees nie.

Dit is MY Liefdesoffergawe wat Ek Uitgestort het vir wie ookal dit wil aanneem...

HEER YAHUSHUA

MAGTIGE KONING

NEDERIGE LAM

OFFERGAWE UITGESTORT

# HOOFSTUK 14

## DIE WÊRELD HET TEEN MY GEDRAAI

Laat ONS begin, MY kind. Kinders, Ek wil die wêreld aanspreek wat teen MY gedraai het. Hierdie wêreld het teen MY gedraai en dit waarvoor Ek staan. Dit het gruwelik onbewoonbaar geraak.

**Jakobus 4:4 "Egbrekers en egbreeksters weet julle nie dat vriendskap van die wêreld vyandskap teen GOD is nie? Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van GOD."**

MY kinders, hierdie wêreld is vol sonde. Daar is nêrens waar julle kan gaan om heiligheid en waarheid te kry nie. Selfs MY kerke is ver van MY. Selfs die wat verklaar dat hulle MY ken, is op 'n afstand. Hulle hou MY op 'n afstand.

Ek word nie eens deur MY EIE leiers geraadpleeg nie. Hulle soek MY nie. Hulle ken MY nie. Hulle kerke het broeiplekke van sonde geword, want hulle preek vals boodskappe. Hulle het MY nog nooit geken nie en wil MY ook nie ken nie. Ek is 'n onbekende GOD.

Die wêreld het nie tyd vir sy GOD nie. Dit reik uit na MY met woorde, maar nie in Waarheid nie. Die wêreld is vol leuenaars en diewe, manne wat grootpraat en egbreek en die wêreld en sy weë najaag, maar nooit sy GOD nie.

Hoe hartseer vir die wat MY nie ken nie, maar sê hulle ken MY en dink hulle ken MY. Ek is 'n GOD wat geken kan word. Ek is nie verborge vir die wat MY soek nie. Ek is nie onbekend aan die wat na aan MY kom in nederige oorgawe nie. Ek is bekend.

Draai na MY toe en Ek sal na julle toe draai.

**Psalm 73:28 "Maar wat My aangaan, dit is vir my goed om naby GOD te wees; in die HERE het ek my toevlug gestel om al die werke te vertel."**

Kinders, oral waar julle gaan, skuil boosheid. Daar is niks in die wêreld wat nie deur die vyand daar gestel is om julle te verhoed en te verhinder om naby MY, GOD, te wees nie.

Die wêreldsisteem is ingestel om MY kinders van MY Weë te laat dwaal en hulle van MY weg te hou. As MY vyand julle kan besig hou met ander gode en afgode, kan julle MY nie soek en die ware pad na MY Redding, MY Heiligmaking en MY Vryheid vind nie.

Dit is die vyand se plan om julle te laat faal, om te veroorsaak dat julle MY Redding en julle plek in MY Koninkryk sal verloor. Die wêreldsisteem sluit aan by die planne van MY vyand. Alles is ingestel op selfverheerliking, selfvervulling en nie om GOD te soek, GOD na te streef of GOD te vind nie.
Hy wil nie hê julle moet na MY soek nie. Hy wil hê julle moet vasgevang word in 'n sisteem wat verkondig dat 'Self" die mees belangrikste is, Maak op 'Self' staat, beplan julle eie toekoms en vertrou niemand behalwe julleself nie.

Dit is nie MY Weg nie, Kinders. MY Weg en MY Wil sê volg GOD, vertrou GOD, soek GOD se Wil, GOD se Weg.

As julle julle eie wil en planne soek, is julle buite MY Wil en dit is sonde. Julle leef in sonde as julle buite MY Wil is.

Hoe kan julle MY Wil vir julle lewens weet as julle nie na MY soek en heeltemal aan MY oorgee nie? Julle moet julle eie planne en wil neerlê en MY toelaat om julle lewens te rig. Slegs deur in MY Wil vir julle lewens te leef kan julle werklik vrede en geluk ervaar, die vrede wat Ek gee.

As julle julle eie pad volg, weg van MY sal dit lei tot vernietiging. Julle sal nooit in staat wees om weg te breek van julle sonde nie. MY Weg is om gevul te wees met die HEILIGE GEES en ‘n vol olielamp te hê. Dit is die enigste manier om gereed te wees vir MY Spoedige Koms en gered te wees.

Kinders, julle moet wakker word. Dit is die Waarheid. Daar is geen ander Waarheid nie.

**Mattheüs 25:4 “Maar die verstandiges het olie in hul kanne saam met hulle lampe geneem.”**

# HOOFSTUK 15

## LEIERS VOLG MY NIE

Laat ONS weer begin. Kinders, Ek is in pyn oor hierdie wêreld wat MY so minag. Ek word gladnie hoog geag nie. Ek word selde deur MY EIE mense aangeroep, hulle wat MY skape lei.  Hulle maak hul eie planne, heeltemal sonder MY. Ek kan nie op hulle staatmaak nie. Hulle vertel nie hulle mense die Waarheid nie, net wat hulle glo hulle moet hoor.

Daar is nêrens waar MY mense kan gaan om die Waarheid te hoor nie. Hulle moet na MY toe kom. Hulle sal in hul eie kerke mislei word. Hulle sal verward wees oor wat normaal en reg lyk net om in strikke te val wat MY vyand gestel het.

Hy wil hê hulle moet glo dat hulle kan staatmaak op die woorde van hul leiers en dat om MY te soek onnodig is. Waarheid kan slegs gevind word deur die gereelde was van MY Woord. Dit verg dissipline. MY kinders, julle is MY dissipels en dissipelskap verg dissipline. As julle vasgevang is in die afleidings van die wêreld, hoe kan julle verwag om in MY Wil te wees? Dit kan nie wees nie. Ek is nie 'n GOD wat geminag en verstoot kan word nie.

Hierdie wêreld is besig om die gevolge te sien daarvan om sy GOD te verstoot. Daar is gevolge as julle wegdraai van GOD, aaklige gevolge. Ek voel nie goed oor die wat na aan MY kom, en dan weer die wêreld soek as 'n beter alternatief nie. Dit is beslis nie 'n wyse ding om te doen nie. Nogtans is dit wat die wêreld doen. Hulle verlaat alle hoop deur hulself te dien en hul eie weë te volg.

Die uur van MY Spoedige Wederkoms het aangebreek. Hoe staan julle, MY kinders? Is julle naby MY of dryf julle weg van MY terug na die wêreld? Die wêreld bied julle geen hoop nie. Dit is 'n falende, verlore verkrummelende wêreld. Dit is verlore omdat dit GOD nie meer soek vir leiding nie.

Demone beheer die wêreld deur verskeie mediums, deur boodskappe van die wêreldsisteem wat in plek is en deur kerke wat mislei is.

Slegs MY Woord is betroubaar - dit verander nie. Fokus op MY Woord. Verdiep julle in sy blaaie. Maak tyd om MY Woorde te lees. Spandeer tyd daarmee. Bid MY GEES om alle Waarheid aan julle te openbaar. Hy sal as julle HOM opreg vra. Hy verlang om julle in die Waarheid te lei. Dit is SY Grootste Begeerte vir julle om na die Waarheid gelei te word en gereinig te word deur MY Woord.

**1 Korinthiërs 2:13 “Daarvan spreek ons ook, nie met woorde wat die menslike wysheid leer nie, maar deur die wat die HEILIGE GEES leer, sodat ons geestelike dinge met geestelike vergelyk.“**

Kinders, moenie dat hierdie wêreld 'n web oor julle oë spin en julle verblind nie. Moenie toelaat dat die vyand julle laat afdwaal soos so baie verlei word nie. Wees op julle hoede. Kom in MY Lig. Word gevoed met MY Waarheid deur MY Heilige Hand.

Ek verlang om julle te voed met Waarheid en julle te versterk met onderrig uit MY Woord. Laat toe dat Ek julle MY Lig bring. Laat Ek aan julle openbaar wat julle nooit voorheen verstaan het nie. Ek het baie om met julle te deel. Ek wil julle uit die duisternis red.

Dit is nou die tyd om die Waarheid te weet en nie afgewaterde halwe waarhede en leuens nie. Julle wil nie kanse vat met julle saligheid nie.

So, kom na MY. Roep uit na die Waarheid. Ek sal julle die Waarheid gee, onveranderde Waarheid.

Nou, MY kinders, dit is nou die uur

Ek is YAHUSHUA,
SKEPPER van Alles.

# HOOFSTUK 16

## DIE UUR VAN MY WEDERKOMS IS OPPAD

Laat ONS begin, Dogter. Die uur, MY kinders, breek aan vir MY Wederkoms. Die uur breek aan so seker soos nag in dag verander. Ek kom en daar is niks wat dit kan voorkom of keer nie.

Julle moet ag slaan op die belangrikheid van hierdie gebeurtenis. Dit sal totale ontwrigting vir almal inhou. Nie een lewende wese wat asemhaal sal ongeraak staan nie.
Daar sal diegene wees wat saam met MY in glorieryke heerlikheid sal ontsnap en dan die wat die uiterste vernietiging en uiterste verlies moet ly.

Die manier waarop julle hierdie gebeurtenis gaan ondervind, hang van julle af - hoe julle dit gaan ervaar, hang van julle af. Sal julle saam met MY kom wanneer Ek MY Bruid na veiligheid neem of sal julle verkies om te bly en die ergste in die gesig te staar: MY Woede wat Ek gaan uitstort. En MY vyand in volle mag?

Nou, dit lyk soos ‘n eenvoudige keuse, maar min verkies om saam met MY te kom na veiligheid. Min soek MY en glo dat MY Wederkoms naby is. Hoekom dink julle dit is so, MY kinders? Dit is omdat sonde by hulle oorgeneem het.

Hulle het so gewoond geraak aan die sondige wêreld, dat hulle die sondige weë begin liefkry het en begin deelneem het daaraan. Hulle lees nie MY Woord en bou hul vertroue daarop nie. Hulle soek MY nie op vir hul antwoorde nie. Die wêreld en sy volgelinge het die oorhand in hul gedagtes.

Kinders, Ek kan nie diegene red wat nie na MY toe kom in nederige kinderlike oorgawe nie. Sonder volle oorgawe aan MY, kan Ek julle nie red wanneer die tyd aanbreek om MY Bruid te verwyder nie. Sy sal weg wees en julle sal agterbly. Dan sal MY kinders wat agterbly teen MY vyand te staan kom. Dit sal ‘n uur van groot duisternis wees. Daar sal nie ‘n uitkoms wees nie.

**Markus 10:15 “Voorwaar, Ek sê vir julle, elkeen wat die Koninkryk van GOD nie soos ‘n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie.”**

Julle het nogtans ‘n geleentheid om na MY terug te kom in hierdie afsluitende dae voor MY Spoedige Koms. Wanneer julle julleself aan MY gee, moet julle julle wil aan MY oorgee en Ek sal julle ‘n nuwe mens maak en julle vir MY Koninkryk gereed maak.

Ek sien dat baie min mense bereid is om hierdie stap te neem. Slegs ‘n klein deel van die bevolking soek MY werlklik op ‘n vlak van intimiteit soos Ek dit verwag. Min gee hulle lewens oor aan MY. Die meeste mense vertrou hulle lewens toe aan die wêreld en die verwronge denke van mense.

Kinders, julle moet tot julle sinne kom. Ek is die enigste Een wat julle kan help. Daar is nêrens anders om heen te draai nie. Ja, julle kan na die wêreld gaan, maar dit is in ‘n hopelose toestand wat daagliks vererger.
Julle moet begin lewe. Kom na MY. Moenie verblind wees deur dit wat nou normaal voorkom nie.

Voorkoms kan misleidend wees. Die wêreld kan nie sonder MY bestaan nie.

Ek is die MORELE KOMPAS - sonder MY en MY Onfeilbare Weë kan hierdie wêreld nie bly staan met sy wankelende moraliteit nie.

MY kinders, dit gaan baie gou gebeur, MY Spoedige Koms. Ek wil nie hê julle moet verlore wees of agterbly nie. Ek wil hê dat julle na MY moet kom. Dit is MY uitnodiging aan julle. Ek wil hê julle moet tot langs MY kom. Loop op die Nou Pad saam met MY. Laat MY julle raadgee. Laat MY julle lei. Neem MY Hand.

Moenie die groot kans in julle lewens laat verbygaan om MY Bruid te word nie. Sy is beeldskoon en gereed.

Ek het haar baie lief. Sy is MY dierbare kerk wat MY liefhet bo alles. Sy getuig van MY. Ek is haar ALLES in Alles. Ek kom om haar te red van die boosheid wat oppad is. Sy sal uitgespaar word van dit wat kom, weggevoer in MY Wagtende Arms.

# HOOFSTUK 17

## OOR DIE ANTICHRIS

Laat Ons begin. Kinders, Ek wil vandag iets nuuts aanspreek: Ek wil praat oor die Antichris en sy heerskappy op aarde.

Binnekort gaan hy in die aarde kom om te heers en regeer - alles gaan verander.

Die aarde het nog nooit ‘n tiran soos hierdie geken nie. Hy sal geen gevangenes hou nie. Hy is ingestel op vernietiging. Enigeen wat in sy pad staan sal vernietiging ervaar.

Dit sal ‘n mees duistere en verdrukkende tyd wees.

**1 Johannes 2:22 “Wie is die leuenaar, behalwe hy wat ontken dat JESUS die CHRISTUS is. Dit is die antichris wat die VADER en die SEUN loën.”**

Hulle wat MY naam verkondig sal aangeval word. MY Naam sal die dood beteken. Baie van MY Eie sal in vrees huiwer om MY Naam te gebruik. Dit sal wêreldwyd plaasvind. Daar sal wêreldwye tereur en verwoesting wees. Die wêreld het nog nooit sulke verwoesting ervaar nie.

**Openbaring 20:4 “En ek het trone gesien en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die Getuienis van JESUS en oor die Woord van GOD, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings regeer saam met CHRISTUS die duisend jaar lank.”**

Die antichris sal kom in ‘n tyd wanneer die wêreld antwoorde soek en oplossings wil vind vir die aanvang van verwoesting wat volg na die wegraping van MY Bruid. Die gebeurtenis sal spoedig plaasvind. Die wêreld gaan probleme ervaar soos nog nooit tevore nie.

**1 Johannes 4:3 “En elke gees wat nie bely dat JESUS CHRISTUS in die vlees gekom het nie, is nie uit GOD nie; en dit is die gees van die Anti-chris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld.”**

Die anti-chris sal probeer om almal wat MY Weë volg en van MY getuig, uit te roei. Die Antichris sal die merk van die dier instel as hoogste prioriteit om die mensdom te beheer.

Die mense wat nie toegee aan sy eis om die merk te ontvang nie, sal uitgewis word as teenstanders van die sisteem. Die wat die merk neem, sal die wat weier om die merk te neem, vervolg en aanval. Dit sal ‘n verskriklikste tyd wees. Hulle wat gewilliglik die merk neem, sal vir ewig verlore wees. Hulle is die eiendom van die anti-chris heerskappy.

**Openbaring 14:11 "En die rook van hul pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie - hulle wat die dier en sy beeld aanbid, en elkeen wat die merk van sy naam ontvang."**

Kinders, julle moet weer dink oor julle begeerte om hierdie waarskuwings te ignoreer en wat binnekort oor hierdie aarde gaan kom.

Die uur kom nader vir MY Wederkoms vir MY Bruid - hulle sal gered word - MY ware kerk. Hierdie uur kom vinnig nader, want die anti-chris heerskappy is vinnig oppad om in werking te kom.

Die Anti-chris sal genadeloos en bloeddorstig wees. Hy sal niks in sy pad laat staan nie. Hy is vol woede en magsug. Mense beteken vir hom niks. Hy het geen medelye hoegenaamd nie - hy leef net om homself te sien heers en regeer oor die aarde.

Hy sal geweld gebruik om sy magte in beheer te kry. Niks sal hom keer nie, totdat Ek na die aarde terugkeer en dit tot 'n einde bring. Dit is slegs dan dat hy gestop sal word. Niks anders sal hom stop nie. Geen mens of organisasie sal hom kan keer nie. Hy sal onbekeerd wees in sy boosheid.

**2 Thessalonicense 2:8 "En dan sal die Ongeregtigheid geopenbaar word, hy wat die HERE met die ASEM van SY Mond sal verdelg en deur die verskyning van Sy Wederkoms tot niet sal maak."**

Daar is gruwelike tye besig om nader te kom. Agter die skerms word planne neergelê om hierdie heerskappy in plek te kry. 'n Weg word gebaan vir hierdie euwel.

Baie gou sal die mense wat agterbly na die wegraping van die kerk besef aan watter gruwelike anti-chris heerskappy hulle onderwerp is en beheer word.

Die louwarm Christene wat agtergebly het sal dan ten volle verstaan wat voor hulle oë plaasgevind het. Die spyt sal groot wees. Baie sal meegesleep word onder die druk van die anti-chris. Sal makliker wees in vergelyking met die gevolg as julle hom nie volg nie.

Dit sal werklik 'n uur van moeilike besluite wees.  Baie sal in hul harte weet wat hulle te doen staan en deur baie moed en die begeerte om MY Koninkryk te sien, die moeilike proses deurgaan om MY te kies. Baie sal nie hierdie soort geloof hê nie. Dit sal 'n donker tyd wees.

**Openbaring 19:20 "En die dier is gevange geneem en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy hulle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand."**

Waarlik, Kinders, julle moet gou sober raak en julle gereed maak om gered te word - om voorberei te word en gereed te wees.

Die uur staan voor die deur. Julle moet gereed wees - wagtend - oplettend - met julle oë gevestig op MY en gereed. Ek is die Enigste DEUR - Ek is die UITGANG - Ek is die UITWEG. Ek sal vir 'n kort tyd nog die

deur oophou en dan sal dit gesluit word. Dit is die enigste ontkoming van wat gaan gebeur. Dit is oppad. Die uur kom nader.

MY kerk moet gereed maak.

**Mattheüs 25:10 “En onderwyl hulle gaan om te koop, het die Bruidegom gekom en die wat gereed was het saam met Hom ingegaan na die bruilof en die deur is gesluit.“**

Die antichris strek sy vlerke. Hy maak gereed om oor te neem. Hy sien uit na beheer oor die aarde. Hy sal hom deur niks laat verhinder nie. Tereur is sy kleed. Hy wil regeer in wreedheid en niemand op aarde kan hom keer nie. Sy krag kom van MY vyand. Dit is die eintlike een wat agter die gruwel sit.

Moenie hierdie werklikheid versag nie. Niks lyk soos dit in werklikheid is nie. Dinge lyk relatief normaal, maar voorkoms kan misleidend wees. En dit word deur MY vyand uitgedink. Hy wil julle van jul koers afgooi. Hy wil nie hê julle moet die reguit Nou Pad na MY en MY Spoedige Redding bewandel nie.

Misleiding fier nou hoogty. Te veel mense word onder die indruk geplaas dat alles goed en wel is. Alles is nie in orde nie. Die wêreld is besig om uitmekaar te val van die some af.

Kinders, maak julle oë wyd oop. Word bekend met wat nou gereed staan om te gebeur.

Word wakker. Kyk rond. Lees MY Woord met erns en kyk wat nou in die wêreld aangaan.

Hierdie wêreld is eendragtig besig om sy GOD te verwerp uit elke hoek van die aarde. Ek kan dit nie langer verdra nie. Ek gaan MY Hand van Beskerming van die aarde wegneem en dit gee wat dit wil hê, ‘n wêreld sonder sy GOD, sy MAKER, sy SKEPPER.

Ek is ‘n Verdraagsame GOD, maar as die wêreld MY vra om weg te gaan, is dit presies wat Ek sal doen. Dan kan julle uitvind hoe dit sal wees sonder MY hand van Beskerming. Ek is ‘n geduldige GOD, maar MY geduld is nou op vir mense wat aanhou om MY te verwerp. Kinders, Ek soebat julle om asseblief tot julle sinne te kom. Kom na MY in volle oorgawe.

Gee MY julle lewens. Ek sal dit aanneem. Ek sal julle bedek met MY Kosbare Bloed. Ek sal julle reinig met MY Woord. Die tyd kom nader. Julle moet skoongemaak word sodat julle MY kan ontmoet en saam met MY kan gaan na waar Ek is wanneer Ek MY Bruid kom uitroep om MY na veiligheid te volg. Julle kan nog kom. Maak julleself egter gereed, maak julle vinnig gereed. Hierdie uur wag op niemand nie. Niks sal MY Wederkoms stop nie.

Ek is YEHUSHUA – MAGTIGE KONING - NEDERIGE GOD.

**Johannes 15:3 “Julle is alreeds rein deur die Woord wat Ek tot julle gespreek het.”**

# HOOFSTUK 18

## DIE TYD VAN MY NEERDALING KOM NADER

Laat ONS begin. Nou is dit tyd vir MY om oor ‘n nuwe onderwerp te praat: Kinders, die uur kom nader vir MY Binnekorte Neerdaling.

Dit kom gou. Baie, so baie is nognie gereed nie, so baie is besig om weg te val… so baie was nog nooit gereed nie. Daar is baie veranderinge wat gereed staan om te gebeur in hierdie wêreld. Ek wil hê julle moet hierdie Waarheid besef.

Kinders, die uur van MY Binnekorte Terugkeer kom nader. Ek sien dat ontsettend baie nie gereed is nie. Baie glo hulle is gereed, maar hulle is nie. Baie meng nog met die wêreld. Dit mag nie wees nie. Kinders, julle moet julle bande met die wêreld breek.

Die wêreld is ‘n sinkende boot wat julle saam sal laat sink.

MY kinders, Ek is nie beïndruk met die tyd wat julle weg van MY spandeer om dinge van die wêreld na te jaag nie. Julle soek antwoorde deur die wêreld. Dit mag nie gebeur nie, MY kinders.

Wat julle sien is leë hoop, leë beloftes en leë waarheid. Julle verlies sal groot wees as julle sou aanhou op julle weg langs hierdie leë hasepad. Dit sal julle na ondergang lei.

Hoekom hou julle aan om te glo dat hierdie wêreld vir julle waarheid inhou, apart van MY Waarheid? EK IS DIE WAARHEID.

**1 Johannes 2:15 “Moenie die wêreld liefhê, of dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die Liefde van die VADER nie in hom nie.“**

Kinders, luister aandagtig. Julle tyd word kort. Julle het min tyd om julleself reg te ruk. Dit is nou die tyd om julle gereed te maak. As julle beplan om saam met MY te kom, moet julle gefokus bly op MY Koms. MY vyand maak gereed om baie binnekort in aksie te tree.

Sy planne sal ‘n bietjie deur MY Koms verander word.

Sien julle dan nie? Julle moet wawyd wakker wees en gereed wees vir die gebeurtenisse wat spoedig gaan plaasvind. Binnekort sal daar niemand wees wat nie deur die veranderinge wat oor die aarde gaan kom, beïnvloed gaan word nie. Of julle gaan saam met MY weg na veiligheid, of julle gaan bly en met MY vyand te doen het en die woede wat gaan volg.

Hierdie dag is oppad. MY kinders, dit kom en niemand kan dit keer nie. Julle moet julleself gereed maak, want die uur is naby. Dit kom spoedig.

Kom leer MY ken. Daar is geen ander manier nie. As julle nie tyd maak om MY te leer ken nie, kan julle nie saam met MY na veiligheid gaan nie.

Julle moet julle heeltemal aan MY oorgee. Ek wag op julle, Kinders. Wie sal in volle oorgawe na MY toe kom? Wie sal MY leer ken, werklik leer ken? Dit is wat Ek vereis.

Ek het vir julle ‘n weg gebaan. Ek het ‘n weg voorberei. Ek het ‘n groot prys betaal vir julle rantsoen na vryheid sodat dit vir julle moontlik sal wees om saam met MY te kom wanneer Ek MY Bruid kom haal.

Die prys wat Ek betaal het was baie groot. Niemand anders kon doen wat Ek gedoen het nie. Net Ek kon bereik wat Ek bereik het. Net Ek kon so ‘n groot prys betaal - GOD daal tot ‘n vlak waar Hy vertrap is vir die mensdom.

Hierdie prys kan nie bereken word nie. Die waarde van so ‘n daad kan nie bepaal word nie. Daar is geen bedrag wat genoeg is om te betaal vir die prys wat betaal is nie.

**Jesaja 52:14 “Soos baie hulle oor U verstom het - so misvormd  was Sy voorkoms, geen mens meer nie en Sy gestalte was nie soos die van ‘n mensekind nie.”**

Kinders, moenie so ‘n Gawe minag en weier nie. Kom, Ek gee dit vryelik aan julle. Oorweeg asseblief hierdie aanbod. Dit wag vir julle om dit te neem sodat julle vry kan word, vry om saam met MY te kom wanneer Ek MY kinders na vryheid neem.

Dit is alles julle s’n - julle moet kom en julle oorgee. Gee totaal oor aan MY. Dit is wat Ek van julle vra.  As julle nie julleself vir MY gee nie, behoort julle nog aan MY vyand.

Julle behoort nie aan julleself nie.  Julle behoort of aan MY, of aan MY vyand. Kies om MYNE te wees. Ek wag op julle antwoord.

Dit is julle HEER en REDDER, YAHUSHUA, GROTE MESSIAS.

# HOOFSTUK 19

## MAAK VOORBEREIDINGS

Laat ONS begin. (19 Februarie 2012) Kinders, Ek het baie Woorde. Die uur kom nader vir MY Wederkoms. Julle moet voorbereidings maak. Ek wil julle saamneem wanneer Ek MY beeldskone Bruid kom haal, maar as julle nie gereed is nie, kan Ek julle nie saamneem nie.

Julle moet julleself gereed maak. Wys MY julle is gereed. Ek wil hê julle moet wagtend wees vir MY. Ek het nodig dat alle oë op MY gerig moet wees. As julle nie op julle hoede is nie, kan julle nie gereed wees nie. Slegs hulle wat waak sal gereed wees.

**Hebreërs 9:28 "So sal CHRISTUS ook nadat HY eenmaal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat HOM verwag tot saligheid."**

Sommige sê hulle hoef nie wagtend te wees om gereed te wees nie. Dit is 'n leuen van die vyand. Hy is skelm en vol misleiding. Hy wil al MY kinders mislei en van die nou pad aflei. Julle moet ten alle tye paraat wees.

Julle moet uitkyk en gereed wees, want julle weet nie die tyd wanneer Ek kom nie. Ek sal kom soos 'n dief in die nag. Sê MY Woord nie so nie? MY Woord is baie duidelik hieroor. Baie sal onvoorbereid gevang word, want hulle was nie op hul hoede nie.

Moenie deel wees van hulle wat nie ag slaan op MY Waarskuwings om julle oë oop te hou en gereed te wees nie. Hierdie groep sal hartseer en verlore voel wanneer hulle vind dat hulle agtergebly het om die ergste menslike omverwerping en aardse ellende te beleef.

Moenie julle onttrek en ongevoelig wees teenoor MY Waarskuwings nie. Wees gereed - kry lewe - word wakker.

**2 Timotheüs 4:8 "Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid wat die HERE, die Regverdige REGTER, my in die dag sal gee; en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat SY Verskyning liefgehad het."**

MY kinders, julle laat selfs toe dat die werk van julle bediening in die pad staan van om gereed te wees vir die mees belangrikste gebeurtenis. Baie kerke en baie van MY leiers sal agterbly. Moenie in hierdie vangtou vasgevang word nie. Wees op julle hoede. Wees voorbereid. Wees waaksaam.

Moenie dat julle huis beroof word nie. Moenie staan en kyk hoe by julle huis ingebreek word nie. Die wagter wat nie gereed is nie, sal onverhoeds betrap word wanneer die dief onverwags opdaag - beveilig julleself, maak gereed. Julle ken nie die uur wanneer Ek kom om MY kerk weg te neem nie.

**Mattheüs 24:42-44 "Waak dan, omdat julle nie weet watter uur julle HERE kom nie. Maar weet dit: as die huisheer geweet het in watter nagwaak die dief sou kom sou hy gewaak en nie toegelaat het**

**dat in sy huis ingebreek word nie. Daarom moet julle ook gereed wees, want die SEUN van die mens kom op ‘n uur dat julle dit nie verwag nie.”**

Wanneer Ek eers gekom het en MY Kerk, MY Bruid, kom haal het, sal Ek nie weer daarheen terugkeer nie. Die deur sal gesluit wees en niemand sal in staat wees om dit oop te maak nie.

**Lukas 13:24 -25 “Stry hard om in te gaan deur die nou poort, want baie, sê ek vir julle, sal probeer om in te gaan en sal nie in staat wees nie. Wanneer die eienaar van die huis opgestaan en die deur gesluit het, en julle begin buitekant te staan en aan die deur te klop en te sê: HERE, HERE, maak vir ons oop, sal HY antwoord en vir julle sê: EK ken julle nie waar julle vandaan is nie.“**

MY Koms is gou en vinnig. Ek sal nie hierdie gebeurtenis vertraag vir enigiemand of enigiets nie. Dit kom, dit kom verseker. More is dalk te laat. Dit is hoe naby MY Koms is. Moenie julle besluitneming en gereedmaking uitstel nie. As julle te lank wag sal julle MY misloop.

Dit is nie nou die tyd om lui te wees en af te dwaal op die weë van die wêreldse mense nie.

Kinders, moenie draai om ‘n besluit vir MY te maak nie. Ek sal nie vir ewig vir MY lou kerk wag om wakker te word nie.

Oorweeg hierdie woorde asseblief ernstig. Ek gaan nie vir altyd terughou en wag vir ‘n kerk wat weier om MY te omhels en MY te soek nie. Dit kan nie wees nie.

MY Planne sal voortgaan en Ek sal MY kinders wat gereed is, hulle wat MY opreg en afwagtend soek, saamneem. Dit is hulle wat Ek saam met MY sal neem - almal anders sal agterbly.

Ek is jammer as hierdie woorde hard klink, maar MY Waarskuwings was duidelik en deurlopend. Hoekom dink mense ek sal nie MY Woord hou en MY baie, baie Waarskuwings nie deurvoer nie? Was Ek, GOD, nie ewigdurend dieselfde nie? Ek verander nie.

**Hebreërs 13:8 “JESUS CHRISTUS is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid.”**

Wees voorbereid, want Ek is gereed om MY Geliefde te eis. Ek is gereed om haar te kom haal. As julle deel van haar wil wees, moet julle julle gereed maak. Dit is nou die tyd om voor te berei.

Tyd verdwyn. Hou wag en wees gereed.

Dit is MY Woorde. Ek hou MY Woord.

Julle HERE, YAHUSHUA.

# HOOFSTUK 20

## JULLE TYD IS BYNA OM

Laat ONS begin. (20 Februarie 2012) Ek is gereed om vir julle ‘n Woord te gee. Kinders, dit is Ek, julle HERE en Ek is hier om vir julle nuwe rigting te gee.

Die wêreld gaan vinnig agteruit. Die tyd kom vinnig nader vir die wêreld om MY Grimmigheid te ervaar. Hierdie uur kom baie vinnig nader. Hierdie uur kom baie vinnig nader teen ‘n vinnige spoed. Daar is min tyd op die horlosie oor. Die wêreld se swaarkry kom nader. Binnekort sal almal daarvan bewus word, baie gou.

**Openbaring 14:10 “Sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van GOD wat ongemeng ingeskink is in die beker van SY toorn en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die LAM.“**

Kinders, julle moet regop sit en aandag gee. Moenie sulke baie belangrike waarskuwings verontagsaam nie. Wees aan die brand om voor te berei. MY Koms is gou. Daar is min tyd om te mors. Julle moet wakker word. Ek kan nie vir ewig op julle wag nie, Kinders. Ek kan nie.

Ek moet MY Bruid uithaal en wegneem. Sy is gereed. Sy het haarself voorberei. Ek wil hê julle moet ook gereed wees, MY kinders. Kom na MY in nederige oorgawe. Dit is die uur van MY Naderende Koms.

Moenie vir ewig wag nie. Julle het nie ‘n ewigheid nie. Julle tyd is amper om.

Ek weet dit kom na julle as ‘n skok, of moeilik om te glo, maar die waarheid is dat die tyd spoedig is vir MY om MY Bruid te kom haal. Sy is gereed. Ek is gereed en die wêreld het gesamentlik hul rug op MY gedraai.

Binnekort, baie gou sal MY Bruid nie meer verniet wag nie en Ek sal nie toelaat dat sy die dinge moet deurgaan wat vir die inwoners van die aarde wag wat teen MY gedraai het nie. Sy het haar gereed gemaak en die uur kom nader vir haar wegname na veiligheid.

**Openbaring 19:7 “Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die Bruilof van die LAM het gekom en SY vrou het haar gereed gemaak.”**

Dit sal ‘n weelderige geleentheid wees op ‘n skaal wat nog nooit in die menslike geskiedenis ervaar is nie.

Kinders, maak voorbereidings om saam met MY te gaan. Ontmoet MY in die lig. Ek wil julle saam met MY uitneem. Ek sal julle beskerm teen dit wat binnekort gaan gebeur, binnekort en baie gou. Dit is alreeds oppad.

Moenie mislei word deur dit wat normaal en reg lyk nie. Te veel van julle sal aan die wêreld vashou asof dit al die antwoorde het. Die wêreld hou binnekort slegs verwoesting en hartseer in.

Moenie mismoedig word deur die waarskuwings nie. Neem dit aan as Waarheid.

Keer terug na MY Boek. Studeer die Blaaie. Laat die Waarheid voor julle ontvou, MY Waarheid. Soek MY, soek MY GEES.
Laat MY GEES julle die Waarheid wys. Laat MY Gees toe om in julle lewens te kom en julle vars insig te gee in MY Woord. Mense kan nie vir julle die Waarheid wys nie, net MY GEES.

**1 Korinthiërs 2:11-14 "Want wie van die mense weet wat 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in GOD is nie, behalwe die GEES van GOD.**
**Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die GEES wat uit GOD is, sodat ons kan weet wat GOD ons uit genade geskenk het.**
**Daarvan spreek ons ook nie met woorde wat die menslike wysheid leer nie, maar met die wat die HEILIGE GEES leer, sodat ons geestelike dinge met geestelike vergelyk.**
**Maar die natuurlike mens neem die dinge van die GEES van GOD nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit Geestelik beoordeel word."**

MY kinders, die uur het aangebreek. Laat MY toe om in julle harte te werk. Laat MY toe om julle te reinig in MY Reddende Bloed.
Laat Ek julle bedek in MY Volmaakte Bloedrantsoen wat Ek ten volle betaal het, die skandelike kruis waar Ek doodgebloei het vir julle sondes. Ek het dit vir julle gedoen.
MY kinders, vir almal van julle - Ek het vir almal gebloei - almal wat hierdie geskenk wil aanneem.

**Filippense 2:8 "En in die gedaante gevind as 'n mens, het HY HOMSELF verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis."**

Ja, dit is MY Liefde en Gewilligheid om die mensdom te red van hulle verkeerde dade onder die vervloekinge van die wêreld. Nou is hierdie Gawe julle s'n as julle kies om dit aan te neem, 'n volle kwytskelding van julle sondige weë.

Julle moet dit egter begeer. Julle moet na MY toe kom in volle oorgawe. Ek wil sien dat julle die wêreld en die verbintenis met die wêreld moet los. Ek kan julle nie in MY Koninkryk ontvang as julle nog 'n begeerte na die wêreld het nie.

Julle het dus 'n keuse om te maak, Om op MY Weë te wandel of julle eie weë saam met MY vyand. Daar is nie 'n middelweg nie - dis ôf die een, ôf die ander: julle wil of MY Perfekte Wil vir julle lewens. Dit is die keuse wat julle moet maak.

As julle in MY Perfekte Wil wil kom, moet julle in nederige onderdanigheid kom en opreg wegdraai van julle sonde. Ek sal julle met MY Bloed bedek en julle sondige verlede van julle wegneem. Alle rekords sal vernietig word en julle lewens sal soos nuut wees.

**Hebreërs 13:12 "Daarom het JESUS ook, om die volk deur SY Eie Bloed te heilig, buite die poort gely."**

Dit is wat op julle wag as julle na MY toe kom in nederige oorgawe en berou oor julle sondes van die verlede.

Nou is die tyd vir hierdie besluit. Moenie wag nie. Die uur van MY Wederkoms is voor die deur. Geen mens kan dit keer nie.

Julle moet gereed wees. Berei julleself voor. Ek wag op julle antwoord.

Dit is julle Geduldige, Liefdevolle GOD,
YAHUSHUA.

# HOOFSTUK 21

## BUITE MY WIL WERK, JULLE TEEN MY

Laat ONS begin. MY dogter, Kinders, Ek wil met julle praat oor ‘n nuwe onderwerp.

Binnejkort, baie gou sal Ek opdaag om MY Kerk te verwyder. So min is gereed… wagtende… oplettend. So min sal saamgeneem word. Dit is ‘n ernstige saak, MY kinders, baie ernstig.

Baie min van MY kinders skenk werklik aandag, so min stel eers belang. Baie lees nie MY Boek nie en pas nie MY Woorde toe nie en volg nie MY Reëls wat Ek vir hulle gegee het nie. Baie doen net wat hulle wil en gee gladnie om wat Ek dink nie.

Hulle is totaal buite MY Wil en neem hulle eie besluite sonder MY. As julle buite MY Wil leef, werk julle eintlik teen MY. Dit is hartseer, Kinders, dat so baie mense nie MY Woord glo nie en verkies om eerder die wêreld te volg.

Kinders, die wêreld is MY vyand. Julle kan nie die wêreld en vir MY albei hê nie.

**Jakobus 4:4 “Egbrekers en egbreeksters weet julle nie dat die vriendskap van die wêreld vyandskap teen GOD is nie. Wie dan ‘n vriend van die wêreld wil wees, word ‘n vyand van GOD.“**

Wat beteken dit om deel te wees van die wêreld? Dit beteken om na die wêreld te draai vir al julle antwoorde - mense wat niks weet wat die toekoms inhou nie. Net EK, GOD, weet wat die toekoms inhou. Die wêreld volg mense en demone vir raad.

Die wêreldsisteem is MY vyand se sisteem. Hy wil MY kinders se aandag aftrek met allerhande dinge sodat hulle MY nooit nader vir raad nie. So leer ken hulle MY nooit op ‘n dieper intieme manier nie. Dit is gevaarlik, MY kinders.

**Psalm 20:8 “Sommige roem op strydwaens en ander op perde, maar ons sal roem op die Naam van die HERE, onse GOD.”**

Hy wil hê julle moet ver van MY wegbly, waar hy julle kan mislei en vernietig.

Hy sal allerhande maniere gebruik om julle weg te lok. Hy sal julle bediening, julle familie, en enige moontlike manier om julle aandag van MY af te trek. Dit is sy plan om julle aandag van MY af te lei en dit op enige ander ding te vestig.

Dit is sy planne om julle te vernietig en hy kry dit reg met die meeste mense. Net ‘n klein groepie bly na aan MY. Dit is MY ware kerk. Dit is MY ware dissipels wat hul lewens neerlê om MY te volg.

Hoekom dring julle daarop aan om agter die wêreld aan te gaan as EK die EEN Ware Volmaakte LIG is? EK is die EWIGE LEWE. EK gee julle lewe. EK onderhou julle. EK is die EEN wat julle lewens beskerm. EK is die EEN wat lewe gee en dit neem - niemand anders nie.

**Job 12:10 "In WIE se Hand die siel is van alles wat leef, en die gees van alle menslike vlees."**

Hoekom hou julle aan om MY te minag en agter ander liefdes aan te jaag, leë liefdes. Julle grawe 'n gat vir julleself - een waaruit julle nie sal ontsnap nie.

Kom na MY. Bely en gee julle hele lewe oor aan MY. Slegs Ek het al die antwoorde en raad. Net Ek kan dinge vir julle regstel. Net Ek het die sleutel tot julle toekoms. Leer ken MY op 'n intieme manier.

Volg MY opreg en Ek sal julle die sleutel van die Koninkryk gee. Die wêreld hou niks vir julle in nie, net swaarkry, teleurstelling en spoedige dood en vernietiging wat na die aarde oppad is.

Hou op om julle hoop te bou op 'n dooie en sterwende aarde - dood omdat dit MY nie erken as GOD, HEER en MEESTER nie, nie deur enige regering van die wêreld nie.

Al die leiers van die wêreld jaag eerder ander gelowe na as om MY te dien as die enigste HEER en SKEPPER.  Dit is lasterlik en Ek neem dit nie lig op nie.

Die wêreld bewe nie in vrees voor MY nie, daarom moet Ek hulle binnekort herinner en leer WIE EK is. Ek neem MY klein oorskot ware gelowiges uit die wêreld na veiligheid en dan sal die wêreld weet Ek is 'n GOD om mee rekening te hou, en nie EEN om te minag nie.

Binnekort sal Ek MY Hand van Beskerming lig en MY vyand sal in volle mag oor die aarde woed - hy en sy leermag van duiwels. Dit sal 'n donker tyd vir die inwoners van die aarde wees.

**Psalm 111:10 "Die vrees van die HERE is die beginsel van wysheid. Almal wat dit beoefen het goeie verstand. SY lof bestaan tot in ewigheid."**

Wat kan Ek doen om hierdie waarhede aan julle oor te dra? Dit is alles in MY Boek geskryf, maar baie min mense begeer om die waarheid te ken. Hulle hardloop heen en weer oor die wêreld op soek na wysheid en kennis, maar vind nooit die Waarheid nie.

**Daniël 12:4 "En jy, Daniel, hou die woorde geheim, en verseël die boek tot die tyd van die einde toe; baie sal dit deursoek en die kennis sal vermeerder."**

Dit is 'n hartseer tyd vir die mensdom, mense wat die wêreld najaag en geen begeerte het om hul eie SKEPPER te ken nie.
Dit is 'n hartseer tyd vir die mensdom en die gevolge daarvan om MY, GOD, te ignoreer is duidelik; boosheid wat oorneem - wetsoortreding, siektes, dood, ekonomiese ondergang, oorloë en gerigte van oorloë.
Dit is die lot wat mense oor hulleself bring wanneer hulle hul GOD verlaat en die wêreld najaag.

Kinders, kom terug na MY. Dit is nognie te laat nie. Ek sal julle terugneem. Ek wag vir julle. Hardloop in MY Arms. Kom en volg MY. Ons kan nog saam wees tot in ewigheid. Ek kan julle MY Eie maak. Julle kan in MY Koninkryk ingaan en die ewige lewe daar saam met MY geniet.

Ja, Kinders, julle kan MY najaag, Julle SKEPPER, of die wêreld hê sonder MY. Dit is julle keuse om te maak. Ek kom gou vir die wat MY gekies het as hul ENIGSTE LIEFDE weg van die wêreld.

Maak julle keuse tussen MY en die wêreld, want Ek moet binnekort kom om MY Eie te red, die wat teen die wêreld en vir MY, hul GOD, gekies het. Wat gaan julle doen?

Ek wag geduldig, maar nie vir lank nie. Baie gou sal Ek nie ‘n ander keuse hê as om die Bruid na veiligheid te neem nie.

Dit is julle HERE en MEESTER, SKEPPER van die wêreld,
YAHUSHUA

# HOOFSTUK 22

## BOOSHEID IS AAN DIE KOM OM DIE WêRELD TE VERNIETIG

Laat ONS weer begin. Kinders, dit is julle VADER wat praat. Ek het ‘n boodskap vir julle vandag.
Daar is ‘n groot stormagtige front oor die wêreld oppad - dit word “Boosheid“ genoem. Dit kom om die wêreld en die wat daarin woon te vernietig.

Dit sal kom nadat Ek MY Bruid veilig weggeneem het. Sy sal eers uitgaan. Sy sal nie die verskrikking aanskou nie. Die plaag wat oor die land gaan kom sal mense mal maak. Onuitspreekbare gruwels sal oor hulle kom. Dit sal ‘n tyd van uiterste verskrikking wees.

Mense sal verlate wees en vol vrees. Niemand sal vertrou kan word nie. Wat ‘n tyd van verskrikking sal dit wees!

Die antichris sal op die voorgrond wees. Hy sal ten volle sigbaar wees en sy mag sal wêreldwyd wees. Niemand sal hom kan keer nie. Die tiraniese leiers van die verlede is niks in vergelyking met sy heerskappy en bloeddorstigheid nie. Hy sal by verre uitstaande wees in die verskrikking wat hy oor die aarde bring. Niemand sal kan wegkruip nie.

Daar sal geen versagting of ontkoming wees van sy tiraniese beheer nie.

Daar sal slegs een ontsnapping wees van sy heerskappy en regering en dit is die dood. Dit is ‘n donker tyd in die menslike geskiedenis.

**Openbaring 18:4-5 “En ek het ‘n ander stem uit die Hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, MY volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie. Want haar sondes reik tot aan die Hemel en GOD het haar ongeregtighede onthou.”**

Kinders, word bewus van hierdie Waarheid. Lees MY Boek. Lees die beskrywing oor wat gaan gebeur. Moenie onverhoeds betrap word nie. Bring vir julleself bevryding - kom in MY Wagtende Arms. Ek staan gereed om julle te red.

Ek is reg om julle te ontvang, om julle te seën en julle in MY Wonderlike Koninkryk te bring waar daar ewige liefde en skoonheid is. Ek sal julle na MY Bruilofsmaal neem waar ONS gaan verenig en ONS Liefde vir ewig sal deel.

Julle het nie nodig om die toekoms te vrees nie. Julle sal julle nie hoef te bekommer oor wat môre sal bring nie. Julle hoef net julleself aan MY oor te gee. Maak ‘n volle oorgawe aan MY. Gee MY julle hele lewe, julle siel, julle hart en toekomsplanne. Maak MY volkome HEER en MEESTER. Ek sal julle uitlei na veiligheid.

So min wil kom. So min wil deel wees van MY Groot Reddingswerk, wanneer Ek MY kinders gaan uithaal na veiligheid en hulle na MY Hemele gaan neem.

Julle sal ‘n nuwe verheerlikte liggaam ontvang. Dit sal ‘n liggaam vol lig wees, MY Hemelse Lig. Dit sal stralend, ewigdurend, onveranderlik en glorieryk wees. MY kinders, MY Bruid sal mooi wees, beeldskoon om te aanskou.

Ja, hierdie transformasie van MY kerk staan gereed om te gebeur. Sy sal nooit weer dieselfde lyk nie. Sy sal verstommend wees. Die transformasie sal in ‘n oogwink plaasvind. In een oomblik sal MY kerk verander, gereed vir haar BRUIDEGOM, gereed vir MY Teenwoordigheid in uiterste reinheid en heiligheid, ‘n aanskoulike toneel.

**1 Korinthiers 15:51-54 “Kyk, ek deel julle ‘n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word.**
**In ‘n oomblik, in ‘n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word.**
**Want hierdie verganklikheid moet met onverganklikheid beklee word en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word.**
**En wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid beklee is, en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee is, dan sal vervul word die Woord wat geskrywe is: Die dood is verslind in die oorwinning.”**

Sy sal beeldskoon gemaak wees in al haar bekleding. Ek ken MY Bruid en Ek weet dat sy na MY uitsien en MY soek. Haar geloof is standvastig en onveranderlik. Sy is die een vir wie Ek gesterf het. Sy is die een wat MY Gawe ontvang, MY Vrye Geskenk van verlossing aan die mensdom.

Baie min mense wil eintlik die Geskenk hê en dit najaag. Dit maak MY hartseer, Kinders. Ek het bloed gestort en ‘n vreeslike dood gesterf om alle mense te red. Baie min wil dit aanneem. Baie min neem die verlossing aan en gee hulself ten volle oor aan MY.

Kom, MY kinders, moenie deel wees van die wat agterbly en verlore is nie. Skrik wakker.

Kom na MY Oop Arms. Hardloop in MY Wagtende Arms.

Die tyd gaan gou om. Julle is op die drumpel om die begin te sien van die eeu van boosheid en die groot vervolging. Word gou wakker. Vul julle lampe met olie. As dit nie vol is nie, kan julle nie saamgaan nie.

**Mattheüs 25: 4 “Maar die verstandiges het olie in hul kanne saam met hul lampe geneem.”**

Kom en ontvang MY HEILIGE GEES in Sy Volheid. Hy sal julle in ‘n volle verhouding met MY bring. Ek kan julle dan in MY Bloed was en die vlekke van julle kleding verwyder en julle gereed maak vir MY Koninkryk. Dit is waar dat julle sonder rimpels of vlekke kan wees, MY beeldskone Bruid.

**Efesiërs 5:25-27 “Manne julle moet julle eie vroue liefhê soos CHRISTUS ook die gemeente liefgehad en HOMSELF daarvoor oorgegee het om dit te heilig nadat HY dit gereinig het met die waterbad deur die Woord sodat HY die gemeente voor HOM kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees.”**

Ek wil julle by hierdie plek bring hierdie plek van vryheid en ewige lewe. Kom net na MY toe met volle oorgawe en Ek kan begin om julle gereed te maak. Tyd gaan verlore.

Maak julle keuse. Gaan julle agterbly of kom julle saam na vryheid en veiligheid? Kinders, besluit nou.  Ek wil hê julle moet gereed wees, werklik gereed.

MY Liefde Wag Op Julle.
Julle KONING,
YAHUSHUA.

# HOOFSTUK 23

## DIE HORLOSIE STAAN GEREED OM MIDDERNAG TE SLAAN

Laat ONS begin. Kinders, dit is julle HERE wat praat. Ek het baie om met julle te deel.
Die uur is laat. Die horlosie se tyd is om. Dit is amper middernag. Daar is net sowat twee minute oor.

Dit beteken julle het min tyd om gereed te maak. Ek bedoel om regtig julle harte en julleself reg te kry. Dit is nou die uur wat op MY Koms afloop, MY Koms om MY Bruid na veiligheid te neem sodat sy die verskrikking van tirannie en toorn kan vryspring.

Sy sal nie deel in die ergste wat gaan gebeur nie. Ek sal haar vrymaak van die donker tyd wat wag. Sy sal nie geaffekteer word deur wat gaan gebeur nie.

MY Bruid is beeldskoon en gereed gemaak vir MY, haar KONING en BRUIDEGOM.

MY Oë is slegs op haar. Haar skoonheid het MY in vervoering. Sy trek MY aan met haar stralendheid. Sy is voorbereide mense - gereed om hul BRUIDEGOM te ontmoet.

**Hooglied van Salomo 4:9 “U het my hart gesteel, my suster-bruid, u het my hart gesteel met een straal van u oë, met een kettinkie van u halssieraad.”**

Hulle het gereed gemaak. Hulle is gewas in MY Bloed. Hulle is gereinig deur MY Woord. Hulle sien afwagtend uit na MY. Hulle verwag MY daagliks. Hulle is ingestel op MY. Ons verkeer intiem saam.

Ons ken mekaar. Mense het hulle lewens neergelê voor MY en hulle begeertes na die wêreld afgelê. Hulle behoort net aan MY. Hulle soek MY Aangesig en MY Stem. Ek praat en hulle volg. Hulle hardloop agter MY aan.

**Johannes 15:19 “As julle van die wêreld was, sou die wêreld sy eiendom liefhê. Maar omdat julle nie van die wêreld is nie, maar Ek julle uit die wêreld uitverkies het, daarom haat die wêreld julle.”**

Hulle is kosbaar in MY Oë. Ek lei hulle en hulle volg. Hulle lewens weerspiëel MY Lig aan die wêreld. Hulle is MY Beeld vir die wêreld, die verlore kwynende wêreld.

Binnekort sal hierdie beeldskone Lig uit die wêreld gehaal word en al wat sal oorbly sal duisternis wees. Die skaduwees sal in beweeg en oorneem. Duisternis sal die wêreld oorheers uit al vier hoeke. Dit sal werklik ‘n donker tyd wees.

Julle hoef nie hier te wees gedurende daardie tyd nie. Julle kan MY volg in volle oorgawe. Ek sal julle na aan MY bring en julle beskerm en uitlei na veiligheid wanneer Ek MY Kerk kom haal, MY rein Kerk. Sy is gereed en Ek sal haar bewaar van die duister uur wat voorlê.

Kinders, dit is amper tyd vir MY om nader te kom. Daar is min tyd oor. Julle moet julle gereed maak. Daar is nog ‘n baie klein tydjie oor. Moenie hierdie tyd mors met die najaag van sinnelose wêreldse dinge nie. Gebruik die tyd om julleself voor te berei.

Soek MY met julle hele hart. Bely al julle sondes en bekeer julle. Ek wil opregte belydenis hoor uit julle sondige harte. Die harte van die mense mislei hulle. Net Ek kan die innerlike toestand van die menslike hart sien. Ek kan die sonde in die harte weggesteek sien, wat niemand sien nie.

**Jeremia 17:9 “Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken?“**

Laat MY toe om julle harte te reinig en dit skoon te was. Laat MY julle siele reinig. Laat MY toe om julle gereed te maak dat julle voor MY kan staan. Net Ek kan dit doen. MY kinders, net Ek is daartoe in staat.

Ek het die mag om julle heel te maak deur MY Bloedgekoopte Rantsoen vir julle sondes. Ek begeer om dit vir julle te gee, om julle wit te maak en skoon te was.

**Handelinge 22:16 “En nou, waarom versuim julle? Staan op, laat jou doop en jou sondes afwas, terwyl jy die Naam van die HERE aanroep.”**

Kinders, MY kinders, Ek wag op julle om na MY te kom in nederige belydenis opreg uit julle harte. Stap na MY Lig en ontvang MY Verlossing, MY Bloedgekoopte Verlossing. Laat Ek julle skoonmaak en voorberei. Net Ek kan dit vir julle doen. Lê julle lewens neer aan MY Voete. Laat Ek dit ten volle kry.

Moenie bang wees nie. Die wêreld tuimel ineen. Dit het geen antwoorde vir julle nie, geen waarheid nie. Dit is nie betroubaar nie. Net Ek is die ROTS. Net Ek kan met julle lewens vertrou word.

Gee MY julle lewens ten volle. Gee alles aan MY oor, al weet julle nie wat dit beteken nie.

Gee dit aan MY en Ek sal dit van julle neem en vir julle sorg. Ek sal julle MY eie kosbaarste besitting maak en julle met MY Liefde, MY Gees en MY Vrede vul. Julle sal nie die boosheid wat aankom vrees nie, want MY Vrede is groter as julle verstand.

Ek bring vrede wat julle nie verstaan nie. Dit is ‘n bonatuurlike Vrede. Dit is om reggemaak te wees voor GOD, ‘n HEILIGE GOD. Dit is tot in ewigheid vir julle. Ek kan dit vir julle gee - hierdie onbereikbare Vrede.

Dit is nou die tyd om julle geloof in MY te verklaar, om MY te kies. As julle MY nie kies nie, kies julle MY vyand. Daar is net twee keuses moontlik. Julle is ôf vir MY ôf teen MY. Daar is nie ‘n derde moontlikheid nie. Moenie mislei word nie. As julle op die muur sit, is julle nie MYNE nie. Ek wil ‘n volle oorgawe hê.

Kom voor MY in volkome nederige bekering en Ek sal julle sondes van julle verwyder sover as die Ooste van die Weste verwyder is. Ek sal nooit weer daarna kyk nie. Ek sal julle volkome herstel in MY. Ons sal ‘n intieme verhouding hê en julle sal julle GOD ken, MY waarlik ken. Ek verlang na hierdie intimiteit tussen Ons.

**Psalm 103:12 "So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder HY ons oortredinge van ons."**

Kom, leer ken MY. Ek is waarlik werd om te leer ken. Ek sal julle in 'n plek van vrede bring waar julle alles sal verstaan.

MY GEES sal julle lei en julle oë oopmaak vir die Waarheid, lewensreddende Waarheid. Hy sal julle die uur wys waarin julle leef. Julle sal blootgestel word aan die Waarheid soos nooit tevore nie en dan sal julle gered wees en verseker wees van 'n plek in MY Koninkryk.

Dit is wat Ek begeer om na julle te bring.

Kom en leer ken julle GOD. Laat ONS hand aan hand loop. Die uur is op hande.
Ek sal julle uitlei. Tyd gaan verby. Die uur het aangebreek. Kies MY.

Ek is julle HERE en REDDER, die MAGTIGE MESSIAS, DIE NEDERIGE KONING,
YAHUSHUA.

# HOOFSTUK 24

## HOU OP OM ONDER MEKAAR TE STRY

Laat ONS begin. MY kinders, Ek het ‘n nuwe boodskap vir julle.

Alles is nie soos dit voorkom nie. Dinge soos julle dit ken, is besig om tot ‘n einde te loop. MY kinders, dit word donker. Alles is besig om donker te word. Die lewe soos julle dit ken, is besig om dramaties te verander. Binnekort sal daar geen omkeer wees nie, geen kans om te heroorweeg nie.

Dit is MY Waarskuwing. Ek gee ernstige waarskuwings en min steur hulle daaraan, min gee aandag of luister selfs.

Hoekom luister MY kinders nie? Hulle is so opgevang in hul eie wêrelde, nie MY Gedagtes of MY Waarskuwings nie. Dit is ernstig, MY kinders, Ek stuur nie MY Waarskuwings vir MYSELF nie, maar vir julle beswil. Ek weet wat gaan gebeur. Ek wil hê julle moet ook weet.

**Mattheüs 6:24 “Niemand kan twee here dien nie; want of hy sal die een haat en die ander liefhê, of hy sal die een aanhang en die ander verag. Julle kan nie GOD en mammon dien nie!”**

Kinders, Ek wil nie hê julle moet in die duister wees nie, Ek wil hê julle moet wakker word vir die Waarheid. Ek wil hê julle moet besef wat werklik gaan gebeur. Word asseblief wakker. Ruik die boosheid - dit is binne bereik van julle sintuie. Alles het boos geraak. Niemand omhels heiligheid nie. Almal het weggedraai.

**Jesaja 53:6 “Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop: maar die HERE het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom.”**

Net MY rein Bruid bly getrou. Net haar oë is op MY. Net sy hunker na MY en volg MY om elke draai. Dit is MY Bruid, MY Kerk, MY Ware Kerk.

Kinders, hou op om met mekaar te stry. Julle breek mekaar af. Hou op om oor MY Woord te stry. Dit is nie nou die tyd om kwaad te wees vir julle broers en susters nie. Die vyand het ingekom om julle te mislei. Hou op met die onderlinge onenigheid en wees lief vir mekaar.

**Johannes 13:34 “ ‘n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê.”**

Vra vergifnis vir julle sondes teenoor mekaar. Bring seëninge en nie vervloekinge aan mekaar nie. Dit is nie nou die tyd om te baklei nie. Lê julle onmin af en kom na MY.

Ek sal julle wys hoe om met mekaar oor die weg te kom. MY kinders het weggeval omdat hulle met mekaar baklei.

Dit is nie die Weg nie. Dit is nie MY Weg nie. Draai julle aangesig na MY en vra vergiffenis. Gaan dan na mekaar en maak reg. Vergewe mekaar. Tyd gaan verby. Moenie dat julle klein verskilletjies in die pad staan en julle wegneem van MY Ewige Verlossing nie.

Ek wil julle red, MY kinders, maar ek kan nie MY kinders red wat besig is om met mekaar te baklei nie. Dit kan nie gebeur nie. Julle verhinder julle intimiteit met MY en sny dit af wanneer julle vergiffenis van mekaar weerhou.

**Mattheüs 6:14 "Want as julle die mense hul oortredinge vergewe, sal die Hemelse VADER julle oortredinge ook vergewe."**

So vergewe en vergeet heeltemal, sonder om rekord te hou van mekaar se oortredinge. Dit is MY Weg, Kinders, die Weg van 'n HEILIGE GOD. Sit julle griewe tersyde en kom na MY vir vergifnis.

**Mattheus 6:15 "Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle VADER julle oortredinge ook nie vergewe nie."**

Ek wil julle verlos van hierdie sonde. Daar is geen sonde op hierdie aarde wat werd is om julle ewige verlossing oor te verloor nie. Onthou dit asseblief. Kinders, MY Liefde is groot, maar Ek kan nie sonde oorkyk nie. So maak vandag reg en vergewe mekaar. Hardloop daarheen.

Laat niks ongedaan nie. Vergewe alles, sodat Ek, julle VADER in die Hemel, julle kan vergewe. Dit is so eenvoudig. Nogtans gryp so min hierdie kans aan om te vergewe en die verlede se seerkry te laat gaan.

Laat MY toe om die pyn van die verloor te hanteer. Plaas julle hartseer op MY. Ek sal julle na genesing bring. Net Ek kan dit doen. Kom na MY en laat Ek julle sorge dra. Ek sal dit doen. Ek is gewillig.

Laat Ek julle lewens heelmaak en julle pyn genees. Bring julle seer na MY toe. Vergewe die wat julle seergemaak het en kom na MY toe vir verligting van julle pyn. Ek is gewillig om julle 'n volkome geneesde hart te gee. Dit is MY Belofte.

Lees MY Woord. Ek is die GOD wat heelmaak. Laat MY toe om julle volkome te Herstel en vreugde te gee. Ek is die EEN wat Herstel en Heelmaak, niemand anders nie. Laat MY toe om julle te wys wat Ware Liefde is. Net Ek gee Ware Liefde.

**Joël 2:25 "En Ek sal julle vergoed die jare wat die treksprinkaan, die voetganger, die kaalvreter en die afknyper verslind het - My groot leermag wat Ek teen julle gestuur het."**

Ja, die uur van MY Wederkoms kom nader. Laat MY julle reinig en herstel tot 'n nuwe lewe in MY Laat Ek julle gereed maak vir MY Koms. Ek is gereed en gewillig. Ek is julle HOOP, julle enigste HOOP.
Kom na MY. Nou is die tyd. Moenie te lank wag nie. Net Ek is waardig. Waardig is die Lam. Hardloop in MY Arms, vinnig.

Dit is julle HERE, YAHUSHUA.

# HOOFSTUK 25

## EK SAL JULLE NIE SAAMNEEM
## AS JULLE ONVERGEEFDE SONDES HET NIE

Laat ONS begin. Ek is gereed om julle nog ‘n boodskap te gee. Kinders, die uur van MY Binnekorte Wederkoms kom nader. Dit kom presies volgens plan.

Baie dink dat Ek nooit sal kom nie. Baie dink dat Ek vir nog baie jare nie sal kom nie. MY kinders, Ek kom baie gou. MY aankoms is naby, selfs voor die deur. Dit sal baie onverhoeds betrap. Baie sal aan die slaap wees wanneer Ek kom, geestelik aan die slaap.

**1 Thessalonicense 5:6 “Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons waak en nugter wees.“**

Hierdie tyd kom gou. Net die wat waak en MY verwag sal gereed wees. Almal wat nie notisie neem nie sal agterbly om te ervaar wat oppad is. Die tyd is baie naby.

Kinders, julle moet gereed wees. Moenie onverhoeds gevang word nie. Ek wil niemand agterlaat nie, maar ongelukkig sal baie agterbly. Wat ‘n hartseer tyd sal aanbreek. Ek wil hê julle moet nugter wees. Besef die werklikheid. Ek is oppad en MY koms is voor die deur.

Binnekort sal niemand meer verbaas wees nie, want hulle sal duidelik besef wat gebeur het. Die wêreld sal weet dat ‘n groot verandering plaasgevind het en alles verander het. Dit sal binnekort nie meer dieselfde plek wees nie.

MY kinders, luister baie mooi na MY. Ek sal julle nie saamneem as julle onbekeerde sonde het nie. Ek kan julle nie saam met MY neem nie. Dit kan nie gebeur nie. MY kinders, soek MY Aangesig en bely van julle sondes. Maak dit asseblief ‘n prioriteit.

**Lukas 13:5 “Nee, Ek sê vir julle; maar as julle julle nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom.”**

Kom maak julle saak reg met MY. MY begeerte is om julle in MY Koninkryk te bring. Ek wil julle red van wat gaan gebeur. Ek kan julle nie saam met MY neem as julle nie MYNE is nie. As julle nie na MY toe gekom het en julle lewens aan MY oorgegee het nie, is julle nie MYNE nie. Dit is baie belangrik, Kinders. Julle moet julle lewens oorgee aan MY. Lê julle lewens neer voor MY Voete en hou niks terug nie.

Dit is nou die tyd om na MY te kom in nederige oorgawe en bekering. Bring julle probleme en bekommernisse na MY. Ek wil julle lewens hê. Ek sal julle lewens met swakhede en swaarkry verruil vir lewens van liefde, vreugde en vervulling. Ek kom gou, baie gou, terug.

Gou, baie gou gaan Ek na julle toe kom en julle sal wil gereed wees. Hierdie uur beweeg nader.

Laat MY toe om julle Volkome in MY te bring en julle in geheel te herstel. MY Liefde kan al julle sondes bedek. Kom na MY. Ek wag met Ope Arms, Arms wat verlang om julle vas te hou en lief te hê.

**Lukas 5:31 "En JESUS antwoord en sê vir hulle: Die wat gesond is, het die geneesheer nie nodig nie, maar die wat ongesteld is."**

Moenie uitstel nie. Dit is 'n belangrike tyd. Ek sal nie laat kom wanneer Ek MY Bruid kom wegneem nie.

Ek is gereed om haar huis toe te neem na die weelderige wonings wat Ek vir haar berei het. Dit is waar Sy na veiligheid sal gaan.

Ja, MY kinders, maak julleself gereed, want MY Koms is amper daar. Ek praat met julle as 'n VADER wat julle liefhet en vir julle omgee. Ek wil julle red, red van 'n wêreld wat binnekort kranksinnig sal raak.

Laat MY julle die deur na veiligheid wys. Dit gaan binnekort oop, maar dan sal dit weer toegemaak word. Wees dus gereed, want Ek is gereed om julle te ontvang.

Dit is julle HERE,
GOD van die HEMEL,
YAHUSHUA

# HOOFSTUK 26

## HOU JULLE OË GEVESTIG OP MY

**Lukas 13:24-25 “Stry hard om in te gaan deur die nou poort, want baie, sê Ek vir julle, sal probeer om in te gaan en sal nie in staat wees nie. Wanneer die eienaar van die huis opgestaan en die deur gesluit het, en julle begin buitekant te staan en aan die deur te klop en te sê: ’HERE, HERE, maak vir ons oop.’ - sal hy antwoord en vir julle sê: Ek ken julle nie waar julle vandaan is nie.”**

Laat ONS weer begin: Kinders, dit is julle HERE wat praat. Ek wil hê julle moet op MY ingestel bly, julle oë op MY gevestig. Dit is nie nou die tyd om op en af te hardloop en ingestel te wees op die wêreld nie.

Dit is die uur van insig en fokus. Dit is die tyd om aandag te gee en uit te sien na MY en MY Spoedige Wederkoms. Dit kom elke dag nader.

Moenie MY Waarskuwings verontagsaam nie. Hierdie waarskuwings kom van alle kante. Ek stuur boodskappe uit baie rigtings. Dit kom deur rampe, deur oorloë en sprake van oorloë, deur MY profete en boodskappers, deur tekens en wonderwerke in die lug, deur die monde van babas.

Julle sal sonder verskonings wees as julle sou agterbly. Julle sal niemand behalwe julleself kan blameer as julle sou agterbly en die ergste in die gesig staar nie.

MY Boek beskryf baie duidelik die tyd waarin julle nou leef en wat binnekort op hierdie aarde gaan gebeur. Kinders, julle moet wakker wees vir hierdie Waarhede. Moenie leë hande staan en dink Ek het julle geen leiding gegee en geen waarskuwings oor wat gaan gebeur nie.

Ek het julle MY Boek gegee, maar as julle MY Woorde en Waarskuwings ignoreer, kan Ek julle nie help nie.

Ek het MY Boodskappe helder en duidelik uitgegee. Julle sal sonder ‘n verskoning voor MY staan as julle weier om MY boodskappe aan te neem. Ek kan julle aanmoedig, soebat en vra om aandag te gee aan MY Boodskappe, maar Ek sal julle nooit dwing om die besluit te neem nie.

Die keuse is uitsluitlik julle s’n.

**2 Petrus 3:3-4 “Dit moet julle veral weet, dat daar aan die einde van die dae spotters sal kom wat volgens hulle eie begeerlikhede sal wandel en sê: Waar is die belofte van SY Wederkoms? Want vandat die vaders ontslaap het, bly alles soos dit was van die begin van die skepping af.”**

Baie min sal die regte keuse maak of enigsins kies. Geen keuse nie, is nog steeds ‘n keuse vir MY vyand. Ongelukkig sal so baie nie ‘n keuse maak nie en steeds onder sy mag en beheer bly.

Dit maak MY baie hartseer, want Ek het ‘n geweldige prys op Golgota betaal dat MY kinders bevry kan word, waarlik bevry kan word uit die kloue van MY en hulle vyand. Dit is nie nodig dat MY kinders in hierdie lewe en die hiernamaals onnodig moet ly sonder ewige hoop en liefde nie.

**Mattheüs 24:37-39 “En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed, toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het, En dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die SEUN van die mens wees.“**

So, Kinders, word wakker! Ontvang hierdie allerkosbaarste geskenk wat Ek aanbied en laat MY toe om julle vryheid te koop. Ek kan dit vir julle doen. Ek wil. Dit is MYNE om te gee en Ek gee dit vryelik vir julle.

Dit is MY Plesier om julle vervulling, vrede en helder denke te gee. Dit behoort alles aan julle as julle julle na MY draai en julle ten volle oorgee en julle lewens aan MY Voete neerlê.

Laat Ek julle HEER en MEESTER wees. Laat Ek julle met die HEILIGE GEES vul en julle met MY Bloed bedek, sodat Ek julle sonde - rekord kan wegvee.

**Lukas 17:16 “En hy het op sy aangesig neergeval by SY voete en HOM gedank. En hy was ‘n Samaritaan.”**

Laat MY toe om julle die Weg te wys waarin julle moet wandel en om julle vry te maak van die weë van die vyand.

Kom na MY en ontvang ‘n hart wat skoon en rein gemaak is in MY Vuur en skoon gewas is in MY Woord. Dit is net vir julle om te aanvaar.

**Johannes 15:3 “Julle is alreeds rein deur die Woord wat Ek tot julle gespreek het.”**

Laat staan al julle eie planne en gee MY julle lewens. Laat MY toe om julle lewens oor te neem. Ek sal julle lewensplanne met MY Perfekte Plan en Wil vir julle lewens vervang - die planne wat vir julle lewens bedoel was toe Ek julle geskape het. Lewe in MY Wil en sondig nie meer deur julle eie wil te volg nie. Kom in MY Wil en leef perfek voor MY. Dit is MY begeerte vir julle.

Ek is julle SKEPPER. Ek weet wat die beste vir julle is. Kom, aanvaar hierdie Groot Geskenk, Vrede met julle SKEPPER.

Kinders, die tyd stap vinnig aan. Moenie baie tyd mors in oorweging van hierdie besluit nie. Tyd is baie belangrik. Ek wil nie hê julle moet die ergste in die gesig staar nie.

Soek MY en Ek sal julle die Waarheid wys en julle oë oopmaak. Ek sal die skille van julle oë aftrek en julle vry maak en julle gereed maak om saam met MY huis toe te kom na veiligheid.

**Handelinge 9:17-18 "En Ananias het gegaan en in die huis gekom en hom die hande opgelê en gesê: 'Saul, broeder, die HERE het My gestuur, naamlik JESUS wat aan jou verskyn het op die pad waarmee jy gekom het, sodat jy weer kan sien en met die HEILIGE GEES vervul word' En dadelik het daar iets soos skille van sy oë afgeval, en hy kon onmiddellik weer sien, en hy het opgestaan en is gedoop."**

Ek wil hê julle moet wakker word. Dit is MY Begeerte dat julle na MY sal kom tot in MY Wagtende Arms. Moenie huiwer nie. Om te huiwer kan gevaarlik wees en julle julle ewige redding kos.

Hierdie Woorde kom van julle VADER wat Omgee,
YAHUSHUA

# HOOFSTUK 27

## JULLE MOET GEREED GEMAAK WORD AS JULLE SAAM MET MY WIL WEGKOM

Laat ONS begin. Kinders, Ek is julle HERE en Ek het Woorde vir julle.

Die tyd word minder. Binnekort sal Ek MY Bruid kom haal om haar na veiligheid te bring. Sy sal uit die aarde opstyg met triomf en glorie. Sy is MY oorkommer. Ek sal haar na MYSELF bring en haar laat opstyg om MY in die lug te ontmoet.

Hierdie gebeurtenis word die "Wegraping" genoem, maar wat julle dit ookal wil noem, dit gaan baie spoedig plaasvind. Ek sal MY Bruid wegruk en vrymaak van die kettings van 'n wêreld wat op die punt staan om hand uit te ruk - heeltemal buite beheer en sonder GOD.

**1 Korinthiërs 15: 51-52 "Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: 'Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin, want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word."**

Ek is 'n GOD wat beheer en nou sal die wêreld lewe ervaar sonder MY Groot Hand van Beskerming. Dit sal binnekort gebeur.

Baie sal die gebeurtenis aanskou as diegene wat agtergelaat is. Minder sal dit ervaar as diegene wat uit die aarde opgeneem is. Ek wil h julle moet deel wees van die wat gered word, maar julle sal gereed gemaak moet word as julle saam met MY wil gaan.

Slegs hulle wat hulself wit gewas het in MY Bloed en op hul hoede is en uitsien na MY Wederkoms sal saam met MY gaan wanneer Ek MY Bruid opneem saam met MY. Slegs baie min sal saamgaan. Dit is ernstig, MY kinders, die res sal agterbly.

**1 Johannes 1:7 " Maar as ons in die lig wandel, soos HY in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die Bloed van JESUS CHRISTUS, SY SEUN, reinig ons van alle sonde."**

Watter hartseer wag op hulle wat agterbly. Moenie deel wees van hulle nie. Julle hoef nie. Ek het vir julle 'n weg gebaan. Ek het 'n pad oopgemaak. Dit is met MY Bloed wat Ek 'n weg berei het. Die Weg is oop en vry deur MY. Daar is geen ander weg nie.

Niemand anders kan julle red nie. Daar is nie 'n ander uitweg of raad nie. Net dit: draai na MY toe, gee julle oor aan MY. Moenie huiwer nie. Doen dit gou, want MY Koms is naby. Maak tyd om MY te leer ken. Ek staan gereed en wag vir julle.

Kom na MY in nederige bekering. Ek sal julle gereed maak deur MY Bloedbedekking en MY Woord, - reiniging van MY Woord.

**Efesiërs 5:25-27 “Manne, julle moet julle eie vroue liefhê, soos CHRISTUS ook die gemeente liefgehad en HOMSELF daarvoor oorgegee het om dit te heilig, nadat HY dit gereinig het in die waterbad deur die Woord, sodat HY die gemeente voor HOM kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks, maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees. “**

Kom na MY toe. Moenie tyd mors nie. Dit is nou die tyd om ernstig te word met GOD.

Moenie te lank wag nie.

Ek is die HERE, GOD.
YAHUSHUA.

# HOOFSTUK 28

## JULLE EWIGHEID IS OP DIE WEEGSKAAL

Laat ONS weer begin. Dit tyd van MY Nabye Wederkoms is op hande. Dit staan voor die deur.

Daar is baie om te doen. Dit is vir MY nodig dat julle julle lewens aan MY oorgee in volle oorgawe - totale oorgawe. Ek wil alles hê, Kinders. ‘n Halwe ooreenkoms is nie ‘n ooreenkoms nie. Neem dit asseblief ernstig op.

Julle ewigheid is op die spel. Sonder ‘n volle oorgawe aan MY, behoort julle nie werklik aan MY nie. Dit maak nie saak wat julle sê of dink nie. Slegs met ‘n volle oorgawe behoort julle werklik aan MY.

Kinders, Ek wil hê julle moet op MY ingestel bly - alle oë moet op MY gerig wees. Ek ken die weg om uit te kom. Ek ken die wegwysings na die ontsnappingsroete. Net Ek, Ek is die Een wat die sleutel het tot julle bevryding, julle verlossing van dit wat aan die kom is.

As julle links of regs kyk, sal julle aandag afgetrek word. Moenie dat dit gebeur nie. Die tyd is baie kort. MY kinders, julle moet wakker skrik en tot julle sinne kom.

**Mattheus 7:14 “Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind.”**

Die tyd is naby vir MY om MY Bruid te kom haal en saam met MY te neem na haar nuwe tuistes, waar sy vir ewig saam met MY, haar BRUIDEGOM, sal woon.

Ek verlang om haar in MY Arms te neem, na aan MY te hou, MY Liefde oor haar uit te stort, haar te bemin en haar MY Liefde te wys. Baie spoedig sal dit gebeur. Ek is gereed en MY Bruid het haarself gereed gemaak. Sy wag geduldig.

MY Bruid is die lig van hierdie wêreld. Sy skyn helder in ‘n donker, lelike wêreld. Sy is die laaste oorblywende lig. Haar lig is helder en weerspieël MY Lig. Hierdie Lig is Waarheid, MY Ewige Waarheid.

Alles buiten dit is leuens van die vyand. Hy het die wêreld mislei met sy leuens en halwe waarhede. Die wêreld is verblind en kan nie die Waarheid sien nie.

**Jeremia 17: 5-6 “So sê die HERE; Vervloek is die man wat op die mens vertrou en vlees sy arm maak, terwyl sy hart van die HERE afwyk. En hy sal wees soos ‘n kaal bos in die wildernis, en hy sal nie sien as die goeie kom nie, maar die plekke in die woestyn bewoon, ‘n brakkerige en onbewoonde land.”**

Die tyd het aangebreek dat MY kinders moet wakkerskrik en die waarheid in die gesig moet staar. Die wêreld soos dit was, gaan tot ‘n einde kom. ‘n Nuwe eeu is besig om te ontvou, die eeu van die antichris

en die skrikwekkende veranderings wat gaan volg. Niemand sal veilig wees nie, slegs MY volgelinge wat Ek saam met huis toe sal neem wanneer Ek hulle kom uithaal na veiligheid.

Hulle is die enigstes wat die verskrikking gaan vryspring - dit wat die wêreld in die gesig staar wanneer MY vyand beheer oorneem en toegelaat word om te heers en regeer. Wat ‘n duister tyd wat voorlê.

**Openbaring 17 :16-17 “En die tien horings wat jy op die dier gesien het, hulle sal die hoer haat en haar verlate maak en naak, en haar vlees eet en haar met vuur verbrand. Want GOD het dit in hulle harte gegee om Sy bedoeling uit te voer, en een bedoeling uit te voer, en hulle heerskappy aan die dier te gee totdat die Woord van GOD volbring is.”**

Dit sal ‘n uiterste duistere tyd vir die mensdom wees, diepe duisternis en verskrikking gaan kom.
Hierdie uur wat aan die kom is, kom teen ‘n baie hoë spoed nader. Binnekort sal niks meer dieselfde wees nie.

Ek wil hê dat julle, MY kinders, gereed moet wees om saam met MY van hierdie aarde op te styg. Ek wil hê julle moet saam met MY kom. Julle kan alles vermy wat na die aarde gaan kom, as julle net die oogklappe van julle oë sal verwyder en in nederige belydenis en opregte oorgawe na MY sal kom.

Ek verlang om julle in MY Arms te neem en te verlos van al die verdriet wat vir hierdie wêreld voorlê. Dit is MY Grootste Begeerte om julle te red van die uur van verdrukking.

Ek gee baie Boodskappe en Tekens om julle hierdie Waarheid te bring. Min steur hulle daaraan. Te veel mense is nog verbind met hierdie hoer-wêreld en al sy euwels. Ja, Kinders, solank julle vashou aan hierdie wêreld en sy weë, pleeg julle egbreuk teen MY en Ek kan julle nie in MY Koninkryk hê nie.

Breek weg, MY kinders. Kom weg van die wêreld en alles waarvoor sy staan. Sy is besoedel, losbandig en teen GOD en Ek kan hierdie wêreld nie langer verdra nie.

**Esegiël 16:35-36 “Daarom, O hoer, hoor die Woord van die HERE. So sê die HERE: Omdat jou koper uitgestort is en jou skaamte ontbloot is deur jou hoererye met jou minnaars en met al jou afskuwelike drekgode, en vanweë die bloed van jou kinders wat jy aan hulle gegee het.”**

Die tyd stap aan. Kom tot julle sinne. Maak julle oë oop. Aanskou die tye waarin julle lewe. Moenie mislei word deur wat normaal en reg lyk nie.

Ek sal julle in MY Koninkryk inneem vir ewig. Maak ‘n volle oorgawe aan MY. Maak MY julle HEER en MEESTER. Dit is nou die tyd vir hierdie besluit. Moenie talm nie. Dit is julle HEER en MEESTER, YAHUSHUA wat praat.

**Lukas 21:31-32 “So moet julle ook weet dat die Koninkryk van GOD naby is wanneer julle hierdie dinge sien gebeur. Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat alles gebeur het nie.”**

# HOOFSTUK 29

## JULLE MOET NOU NA MY TOE HARDLOOP EN NIE STAP NIE

Ja, Dogter, laat ONS begin. MY kinders, dit is julle HERE wat praat. Ek wil hê julle moet weet dat Ek baie gou gaan kom. Die uur staan reg voor die deur.
Binnekort sal Ek oppad wees om MY Bruid te kom haal. Sy is pragtig en haar skoonheid is stralend.

Ek aanskou haar met ‘n diepe begeerte en is angstig om haar saam met MY te neem na die pragtige hemele en die tuiste wat Ek vir haar berei het. Hierdie uur kom nader, MY kinders. Julle moet gereed maak. Julle moet haastig voorbereidings doen.

Daar is ‘n donker dag wat wag. Binnekort sal Ek MY Bruid kom wegdra. Ek gaan haar wegraap na veiligheid. Dit is oomblikke ver. MY Koms is amper voor die deur. So, kom na MY Wagtende Arms, MY kinders, baie gou.

Julle moet na MY toe hardloop, nie stap nie. Moenie rustig wees nie. Moenie hierdie versoek lig opneem nie. MY waarskuwings is ‘n werklikheid. Ek wil julle na ‘plek van opwekking bring sodat julle kan wakker word en lewe kan kry en die Waarheid kan sien. Baie gou sal hierdie uur voor die deur wees.

Luister na MY, Kinders. Ek wil hê julle moet wakker word. Daar is verskrikking wat na die aarde kom. Dit kom soos ‘n lokomotief. Dit kom aangerol en niks kan dit stop nie.

Geen man, vrou of kind kan dit stop nie.

Daar sal baie ernstige gevolge wees vir die wat nie MY Waarskuwings ernstig opneem nie. Ek het al so baie waarskuwings op so baie maniere uitgegee, so baie waarskuwings. Julle sal sonder ‘n verskoning wees as julle sê julle het nooit geweet nie.

Elkeen dra verantwoordelikheid vir sy eie sonde - soos Ek dit duidelik gemaak het in MY Boek. Dit is alles iuiteengesit in MY Boek, as MY kinders hulle maar net sal verwerdig om dit te lees. Dit neem tyd om MY Boek te lees. Iets wat julle vir die wêreld doen sal eenkant geskuif moet word, om MY Boek te lees. Maar julle wil nie julle wêreldse bedrywighede eenkant skuif vir MY Woord nie.

**Romeine 14:12 “So sal elkeen van ons dan vir homself aan GOD rekenskap gee.”**

Julle sal eerder met die wêreld speel, maar alles wat skitter is nie goed nie, MY kinders. Die wêreld lyk blink en nuut, maar dit is alles giftig en lei net tot die dood.

Sit die wêreld eenkant en aanskou julle GOD. Is Ek nie die moeite werd om na te jaag nie?

**Johannes 12:25 “Wie sy lewe liefhet sal dit verloor, maar wie sy lewe haat in hierdie wêreld, sal dit bewaar vir die ewige lewe.”**

Ja, Ek het vir julle ‘n gruwelike dood aan ‘n aaklige houtkruis gesterf. Dit was oorweldigend verskriklik.

Ja, Ek het MY Lewe aan MY VADER oorgegee na ure van marteling in die hande van wrede, bose, hatige manne wat die wil van hulle vader, MY vyand, gedoen het. Dit is die prys wat Ek vir julle en julle lewens betaal het. Is Ek nie julle tyd, julle liefde en julle aandag werd nie?

**Psalm 22:12-19 “Wees nie ver van my af nie, want die nood is naby, want daar is geen helper nie. Baie stiere het my omsingel, sterkes van Basan het my omring. Hulle het hulle monde teen my oopgespalk soos ‘n leeu wat verskeur en brul. Ek is uitgestort soos water, al my beendere raak los; my hart het soos was geword; dit het gesmelt binne my ingewande. My krag is verdroog soos ‘n potskerf en my tong kleef aan my verhemelte en U lê my neer in die stof van die dood. Want hulle het my omsingel; ‘n bende kwaaddoeners het my omring; hulle het my hande en voete deurgrawe. Al my beendere kan ek tel; hulle kyk, hulle sien met welgevalle op my neer. Hulle verdeel my klere onder mekaar en werp die lot op my gewaad.”**

Kom na MY toe. Ek vra julle om na MY toe te kom. Laat MY toe om julle in MY Arms te hou en te vertroetel as MY Eie. Ek is julle VADER wat julle Liefhet. Daar is geen ander liefde as MYNE nie - geen sterker gevoel vir julle as MYNE nie.

Moenie julle liefde van MY weghou nie. Kom na MY in nederige bekering. Laat MY toe om julle skoon te maak dat julle regverdig voor MY kan wees. Laat MY toe om julle harte met blydskap en geluk te vul. Ek kan dit doen en Ek wil.

Dit is nou die tyd. Moenie wag en talm nie. Dit is die Dag van MY Wederkoms. Ek kom om julle uit te haal. Laat MY toe om julle met MY GEES te vervul. Laat Ek julle heelmaak: Ek wil julle volkome maak in MY. Tyd word gemors.

Binnekort sal daar geen tyd meer oor wees nie. Moenie hierdie aanbod minag en ignoreer nie, die aanbod van MY Kosbare Redding deur MY Bloed wat Ek gestort het vir julle heiligmaking sodat julle heel en vervuld in MY kan wees vir die ewigheid.

**Mattheüs 25:46 “En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdiges in die ewige lewe.”**

Ek verlang om julle intiem te ken. Ons kan hierdie nabyheid hê. Dit is vir julle om aan te neem. Vra MY en Ek sal dit vir julle gee. Ek verlang om intiem met julle te wees en naby julle te wees. Dit is MY Begeerte om altyd naby julle te wees.op ‘n diep en persoonlike manier.

As julle so na MY toe kom, sal Ek ook na julle toe kom. MY Woord bepaal dat Ek hierdie nabyheid van julle verwag. Ek wil hê julle moet MY soek op ‘n stil plek waar Ons mekaar se teenwoordigheid kan deel.

MY kinders, dit is waar Ek julle kan raad gee en lei oor hoe Ek wil hê julle julle lewens moet uitleef. Wanneer julle op hierdie intieme manier na MY toe kom, kan Ons mekaar leer ken en Ek kan MY Planne vir julle en hoe julle moet lewe met julle deel.

Maar eers moet julle in MY Wil wees en om in MY Wil te wees moet julle jul lewens aan MY oorgee - julle alles vir MY gee. Gee julle lewens oor aan MY en hou niks terug nie - maak julle lewens ten volle MYNE.

Ek wil volkome oorgawe hê. Dit beteken dat julle alle ander mense en die wêreld sal verlaat Ek wil hê julle moet wegbreek met julle verbintenis met die wêreld en gewillig wees om MY te volg waar Ek julle lei.

Dit is nie iets wat die meeste mense wil doen nie. Die meeste mense hou vas aan iets wat hulle weier om af te staan. MY kinders, wat staan tussen Ons? Is dit julle werk of julle weelde? Is dit julle bediening? Is dit julle kinders? Wat het julle tussen ONS laat kom? Wat gee julle meer vreugde as EK?

**Mattheüs 10:37-39 “Wie vader of moeder bo MY liefhet, is MY nie waardig nie, en wie seun of dogter bo MY liefhet, is MY nie waardig nie. En wie sy kruis nie neem en agter MY volg nie, is MY nie waardig nie. Wie sy lewe vind, sal dit verloor; en wie sy lewe verloor om MY onthalwe, sal dit vind.“**

Kinders, as julle MY nie eerste stel nie, sal julle verloor dit wat julle meer geluk bring as Ek en vir MY ook. Dit is ernstige Woorde hierdie, maar nodig om te sê. Ek wil hê julle moet hierna luister en oordink hoe julle met MY staan.

Is Ek eerste in julle lewens of het Ek ‘n tweede plek? MY kinders, julle moet julle verhouding met MY oordink. Watter plek het Ek in julle harte? MY kinders, kom staan nader aan MY. Ek verlang om julle na aan MY Hart te hou.

Die uur van MY Wederkoms kom nader. Ek wil nie hê julle moet agter bly en dan die ergste in die gesig staar nie. Kom vind MY. Ek is altyd naby en wag op julle om MY na te jaag. MY Liefde is Groot. Moenie die vreugde van MY Liefde vir ewig misloop nie.

Dit is julle KONINKLIKE BRUIDEGOM,
YAHUSHUA.

# HOOFSTUK 30

## MY BRUID IS LIEFLIK IN AL HAAR WEË

Ja, Dogter, Laat ONS weer begin. MY kinders, dit is Ek, julle HERE. Ek groet julle in die Naam van MY VADER, julle VADER.

Kinders, die uur spoed nader wanneer Ek moet neerdaal om MY Bruid weg te raap. Sy is lieflik in al haar weë. Ek is bly om haar MY Eie te noem. Sy is MY geliefde.

Ek sal haar spoedig in My Wagtende Arms neem. Sy sal by My bly tot in ewigheid.

Ons sal soos verskietende sterre wees, Ek en sy. Ons Liefde sal nie 'n einde hê nie, eindelose ewige Liefde. Die Vrede wat Ek vir haar gee, sal vir ewig duur. Sy is MY dierbare Bruid. Sy is onderdanig en lief vir MY Weë. Sy is MY Geliefde en volg MY. Sy wandel op MY Nou Pad. Sy sien uit na MY. Haar weë is lieflik.

Sy is die laaste oorblywende lig vir die wêreld. Sy wys vir die wêreld MY Weë. Die wêreld sien MY in haar. Sy weerkaats MY Beeld vir die wêreld. Haar weë is nederige en toon kinderlike geloof. Dit is die manier van hulle wat in die Hemel is.

Die uur kom nader om haar uit die wêreld weg te raap. Ek gaan haar na MYSELF neem. Ek neem haar na veiligheid. Binnekort gaan sy saam met MY na veiligheid waar Ek haar sal weghou van die dinge wat gaan gebeur. Hierdie uur is oppad, moenie twyfel nie.

**Mattheüs 18:3 "En Hy sê: Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die Koninkryk van die Hemele ingaan nie!"**

Ek wil hê julle moet gereed wees soos MY Bruid gereed is. Sy het haarself gereed gemaak, gewas in MY Bloed. Sy het haarself skoongemaak en is vlekkeloos en sonder enige plooie.

Sy is gereed om na MY toe te kom in MY Hemele en saam met MY te verkeer en MY Teenwoordigheid te geniet.

**Effesiërs 5:25-27 "Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos CHRISTUS ook die gemeente liefgehad en HOMSELF daarvoor oorgegee het om dit te heilig, nadat HY dit gereinig het met die waterbad deur die woord, sodat HY die gemeente voor HOM kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees."**

Ek is gereed vir haar om na MY toe te kom in die hemele waar Ek is. Dit is 'n geheimenis, 'n groot geheimenis, want sy sal verander in volmaakte perfeksie. Sy sal word soos MY beeld in 'n glorieryke nuwe liggaam.

Haar liggaam sal verander: geen tekortkominge, onverganklik, ewige lig, MY Lig. Sy sal in die Hemele skyn. Sy sal glorieryk en stralend wees, want Ons sal dieselfde eienskappe hê. Hierdie liggaam sal nooit sterf of ooit die dood ondervind nie.

Dit is ‘n ewige fontein van jeug. Die liggaam sal geen beperkings hê nie. MY kinders sal hulle nuwe liggame geniet. Hulle sal nooit pyn ervaar nie. Hierdie liggame verander soos die omstandighede dit vereis. Hulle sal sonder inspanning deur die heelal beweeg.

Hierdie liggame sal vlieg of loop. Hulle sal enigiets kan doen wat die vleeslike liggame kon doen en soveel meer. Dit is liggame van lig. Hierdie liggame sal nooit beperk word soos menslike liggame nie.

Daar is niks wat hierdie liggame nie kan doen nie. Daar is geen beperkings soos met menslike liggame nie. MY kinders sal kan eet en hul kos geniet net soos hulle dit nou doen. Alles aangaande die nuwe glorieryke liggame sal die wat dit ontvang verras en verbaas. Alles sal verander in ‘n asemteug, in ‘n oomblik.

MY kinders sal in ‘n oomblik verander. Dit sal baie gou vir hulle gebeur. Hulle sal verstom staan.  Kinders, dit is ‘n ewige verandering. ‘n Oog het nognie gesien en ‘n oor het nognie gehoor wat Ek vir MY kinders voorberei het nie, MY getroue kinders..

**1 Korinthiërs 15:51- 54 “Kyk, Ek deel julle ‘n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in ‘n oomblik, in ‘n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word: en ons sal verander word. Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word. En wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid beklee is en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee is, dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: Die dood is verslind in die oorwinning.“**

Draai om en kyk na MY. Julle sal nie die gebeurtenis wil misloop en al MY glorie wanneer Ek MY Bruid kom haal nie. Hierdie gebeurtenis is oppad, Kinders, maak gereed, doen voorbereidings. Wees wakker en voorbereid, soek MY. Baie min sien uit en wag vir MY. Hulle is vasgevang in die kloue van hierdie wêreld.

Alles lyk so normaal en reg, maar die wêreld is bedrieglik. Die wêreld is ‘n leuenaar. Sy is vol boosheid en omvou haar eie waarheid. Sy hou vas aan die leuens wat sy bedryf en gee dit uit as waarheid. Daar is geen waarheid in haar mond nie. Die wêreld wil hê julle moet glo alles is reg, maar alles is nie wel nie. Binnekort sal die wêreld dit baie goed besef.

Maak julle gereed. Ek gaan nie meer lank wag nie. MY Koms is reg voor die deur.

Ek staan by die deur en klop. Laat MY in julle harte kom. Die uur verskuif. Die sand in die uurglas word min.

Kom uit julle gemaksone en buig op julle knieë. Bekeer van julle sondes. Gee julle lewens aan MY oor en Ek sal julle reinig en gereed maak.

Ek begeer om dit te doen. Kom weg van die wêreld. Kom uit en weg van die weë van die wêreld. Sy is die dood. Sy sal nie voortbestaan sonder MY nie. Haar ondergang is dat sy haar rug op MY gekeer het en haar eie boosheid begeer.

**1 Thessalonicense 5:23 "En mag Hy, die GOD van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die Wederkoms van onse HERE JESUS CHRISTUS".**

Nee, Kinders, julle moet kies. Gaan julle saam met haar of kom julle uit saam met MY? Dit is julle keuse om te maak. Ek kan dit nie vir julle doen nie. Ek kan net vra dat julle saam met MY moet kom.

Ek wil hê julle moet aan MY Sy wees tot in ewigheid. Ek verlang daarna dat julle saam met MY in MY Hemele moet wees. Maar dit is julle keuse om te maak. Gee ten volle oor aan MY of bly agter.

Ek wag op julle besluit. MY Liefde is geduldig, maar spoedig sal Ek MY Bruid moet kom red. Hierdie Woorde is verseker. Ek is GOD, wat nie lieg nie. Kom na MY toe voor dit te laat is.

Die Groot "EK IS"
YAHUSHUA.

# HOOFSTUK 31

## BAIE MIN AANBID MY EN BEKEER HULLE TOT MY

Laat ONS weer begin. (28 Februarie 2012). MY kinders wat Ek bemin, die uur van MY Wederkoms kom nader. Julle moet voorbereidings tref. Julle moet gereed wees. Maak julleself gereed. Ek wil hê julle moet julleself bedek met MY Bloed.

Die wéreld is besig om tot ‘n einde te loop. Dinge soos dit tans is, gaan ophou en alles gaan verander. Dit loop uit op morele agteruitgang. Dit gaan uitloop in suiwer boosheid. Dit draai heeltemal teen sy GOD.

Baie min soek MY op die vlak wat Ek verwag dat MY kinders MY sal soek. Baie min lé voor MY Voete en aanbid MY en bekeer hulle tot MY. Baie min is gewillig om MY te volg waar Ek hulle lei, sonder terughouding.

**Markus 8 34 “En toe Hy die skare saam met Sy dissipels na Hom geroep het, sé Hy vir hulle: Wie agter MY aan wil kom, moet homself verloën en sy kruis opneem en MY volg.”**

Te veel mense is vasgevang in die wéreld en hulle wéreldse begeertes. Weet julle dan nie dat die wêreld in vyandskap met MY is nie? Ek gaan nie veel langer die wêreld verdra nie.

Ek sal nie toelaat dat dinge so aangaan nie. Binnekort gaan Ek MY Bruid wegraap en MY kinders na veiligheid neem. Sy is beeldskoon en Ek is gereed om haar na die huis te neem wat Ek vir haar in die hemele voorberei het. Dit gaan verseker baie gou plaasvind. MY kinders, julle moet hiervan bewus wees en wakker skrik tot hierdie Waarheid.

So baie is aan die slaap, vas aan die slaap. Hulle is besig om van MY weg te dryf. Hulle val in die vyand se hande en binnekort sal hulle soos voëltjies in die voëlvanger se net val.

**Psalm 124:7 “Ons siel het vrygeraak soos ‘n voël uit die vangnet van die voëlvangers; die vangnet is gebreek, en ons, ons het vrygeraak.“**

Ontwaak en kom tot die besef van hierdie Waarhede. MY kinders, word wakker en besef dat Ek oppad is. Word wakker voor julle onverhoeds gevang word en heeltemal verlore gaan. Die uur van MY Wederkoms kom nader en so baie is nog aan die slaap - diep aan die slaap.

Dit is nie nou die regte tyd om aan die slaap gevang te word nie. Julle moet wakker word. Binnekort sal die vyand julle hê net waar hy wil, as julle nie nou ‘n volle oorgawe aan MY maak nie. Dit is nou die tyd om ernstig te wees met julle GOD.

Ek is ‘n geduldige GOD, maar MY geduld gaan spoedig tot ‘n einde kom. Ek sal nie langer die sterwende wêreld kan verdra nie, sterwend want dit verwerp sy GOD voluit. Elke hoek van die wêreld het MY verwerp. Dit is ‘n eenvormige verwerping. Die wêreld omhels nou boosheid.

Dit omarm boosheid, dit sluimer met boosheid en word wakker om boosheid te doen en gaan lê om boosheid te doen. Slegs MY Bruid volg MY waarlik. Net sy is getrou. Net sy het haar hande skoon gehou.

Net sy volg MY na en het die wêreld verlaat. Net sy het nie haar klere besoedel deur aan die dinge van die wêreld deel te hê nie.
Sy is MY lig in die donker wêreld. Sy skyn helder in die duisternis. Haar lig skyn ‘n straal in die donker wêreld wat by die dag donkerder word.

Binnekort sal hierdie lig verdwyn, want Ek moet haar kom haal en na veiligheid neem. Dan sal die wêreld selfs donkerder en dowwer word. Dit is ‘n donker uur, MY kinders.

Julle moet intree in MY Lig terwyl daar ‘n kans is. Daar is baie min tyd oor. Die tyd is amper op. Die minuut-wyser is amper op middernag.
Moenie hierdie boodskap lig opneem nie. Dit is tot julle voordeel om julle te red.van die ergste, om julle te red van wat oppad is om te gebeur.

**Johannes 8:12 “En JESUS het weer met hulle gespreek en gesê: EK is die LIG van die wêreld; wie MY volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die LIG van die Lewe hê.”**

MY kinders, Ek is lief vir julle soos slegs ‘n liefdevolle vader kan liefhê. Ek wil hê julle moet in MY Arms kom, waar julle veilig sal wees. Dit is slegs deur MY wat julle veiligheid sal vind, slegs deur MY sal julle gered word.
Daar is geen ander weg nie. As julle na die wêreld draai vir antwoorde, sal julle mislei word deur verdraaiings van mense wat niks van MY en MY Waarheid weet nie.

Die uur kom nader, MY kinders. Kom weg van die wêreld. Was julle hande van die vuilheid waarmee sy julle besmet het. Sy lei julle weg van MY. Kom naby MY. Hou julle oë op MY gerig. Ek is die laaste kans op verlossing. Moenie hierdie ENIGSTE Seker Verlossing na veiligheid misloop nie.

**Jakobus 4:8 “Nader tot GOD en Hy sal tot julle nader. Reinig die hande, julle sondaars, en suiwer die harte, julle dubbelhartiges.”**

Maak gereed om deel van MY Bruid te wees. Kom na MY in volle oorgawe. Lê julle lewens voor MY Voete neer. Gee MY julle onderdanigheid en Ek sal julle na veiligheid lei. Dit is MY Belofte aan julle - ‘n veilige uitweg, verlossing van wat binnekort die wêreld gaan tref.

Moenie MY aanbod afwys nie. Moenie maak dat julle gaan spyt wees oor julle besluite nie. Ek staan by MY Woord. Ek kan julle na veiligheid neem. Ek is ‘n Sterke GOD en betroubaar. Moenie dat julle harte vertroebel nie. Spring in MY Reddende Arms.

Julle Getroue GOD,

YEHUSHUA.

# HOOFSTUK 32

## EK STAAN GEREED OM MY BRUID NA VEILIGHEID TE NEEM

MY dogter, laat ONS begin. (28 Februarie 2012). Kinders, Ek is julle GOD wat baie vir julle omgee. Ek wil net die beste vir julle hê.

MY kinders, Ek wil hê julle moet mooi na MY Woorde luister. Luister fyn, want die wêreld gaan binnekort onderstebo draai. Die wêreld gaan binnekort uitmekaar getrek word. In en om die wêreld gaan daar baie dinge gebeur en min daarvan sal goed wees.

Ek is besig om MY Hand van Beskerming van die wêreld te lig, want sy het MY verwerp. Sy loop in die teenoorgestelde rigting as MY Hart, MY Weë en MY Waarheid.

Sy is ‘n skande vir MY. Ek staan gereed om die honde van Satan toe te laat om die wêreld oor te neem.

**Psalm 22:17 “Want honde het my omsingel; ‘n bende kwaaddoeners het my omring; want hulle het my hande en voete deurgrawe.”**

Hierdie gebeurtenis is baie naby. MY kinders, dit is donker dae wat oppad is. Ek sal nie nog baie meer boosheid van die wêreld verdra nie. Ek staan gereed om MY Bruid na veiligheid te neem. Sy sal binnekort weggeneem word.

Ek sal nie nog veel meer van hierdie wêreld verdra nie. Ek is gereed om hierdie wêreld uit te spoeg. Die boosheid wat hierdie wêreld oorgeneem het, is uitwerpsel in MY Oë. Ek kan nie langer daarteen vaskyk nie. Ek sal ook nie toelaat dat MY geliefdes veel langer so baie van hierdie boosheid moet verduur nie.

MY Kerk is gereed om verwyder te word na veiligheid. Die uur kom vinnig nader.

Kinders, hoekom twyfel julle so baie? Waar is julle geloof? Hoekom is julle so twyfelagtig? Of julle dit glo of nie, sal nie verander wat binnekort sal gebeur nie. Dit sal gebeur net soos MY Boek dit uiteensit.

Ek was eerlik in al MY woorde. Ek het die eindtye in MY Boek beskryf. Lees MY Woorde, maak julleself bekend met MY Boek. Lees dit versigtig. Julle sal verstaan dat dit nou werklik die eindtyd is en dat MY Koms naby is.

Kinders, hou op om na mekaar te luister en kom soek MY. Kom na MY met opregtheid van hart en Ek sal julle die Waarheid wys. Ek begeer om aan julle die Waarheid te openbaar.

Ek mislei nie MY kinders nie. As hulle verkies om MY nie te soek nie, dan kan Ek nie Waarheid aan hulle openbaar nie. Hulle sal aanhou om langs dwaalspore en paaie van vernietiging te gaan.

Kom saam met MY en vind julle weg. Ek sal julle na MY baie Nou Pad lei. Daar is min wat dit vind. MY kinders, min soek daarvoor. Moenie deel wees van die menigte wat dit nooit vind nie. Daar is so baie wat langs die pad verlore geraak het en so baie wat op die breë pad van vernietiging is.

**Mattheüs 7:13 "Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan."**

Kom tot julle sinne. MY kinders, kry lewe. Soek MY voluit. Dit is die uur om na die Lewe te kom, die Lewe in MY. Daar is geen ander weg na vryheid en die ewige lewe nie.

Nou is die uur, nou! Hardloop in MY Wagtende Arms. Moenie talm nie. Om terug te hou, sal julle ondergang en sekere vernietiging beteken. Ek wil julle red. Gee julleself en julle alles oor aan MY. Gee MY elke deeltjie van julle. Ek wil julle heeltemal hê. Gedeeltelike oorgawe is nie genoeg nie.

Kom na MY toe en lê julle lewens neer. Ek wil dit ontvang en julle verheerlik vir MY doel om MY te dien en vir ewig die Hemele te geniet.

**Jeremia 30:19 "En uit hulle sal danksegging uitgaan en 'n stem van spelers; en Ek sal hulle vermenigvuldig, en hulle sal nie verminder nie; en Ek sal hulle verheerlik, en hulle sal nie gering word nie."**

Hierdie uur kom tot 'n einde. MY vyand haas hom na die toneel. Binnekort sal dit baie duidelik wees in watter tyd julle lewe, maar dan mag dit moontlik te laat wees vir julle redding en julle sal die geleentheid gemis het om gered te word.

MY kinders, Ek probeer julle wakker skud en na die Waarheid lei. Wat moet Ek doen om julle aandag te trek? As julle te lank wag om na MY te kom, sal julle agtergelaat word. Ek sal gedwonge wees om julle agter te laat. Moenie dat dit gebeur nie.

Bekering, oorgawe en 'n intieme verhouding is wat Ek begeer. Dit is wat Ek van julle vereis. Dit is die vereistes om in MY Koninkryk opgeneem te word. Beskryf MY Boek dit dan nie so nie?

Kom nou voor dit te laat is. Kom en Ek sal julle reinig in MY Bloed en julle sal gereed wees om voor MY te staan en in MY Koninkryk ontvang te word, MY Ewige Koninkryk van Skoonheid.

**Openbaring 1:5 "En van JESUS CHRISTUS, die GETROUE GETUIE, die EERSGEBORENE uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! Aan HOM wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in Sy bloed."**

Tyd gaan verby. Moenie nog 'n minuut in die wêreld laat verlore gaan nie.
Dit is julle HERE en KONING wat praat,
VERHEWE en MAGTIG.
EWIGE HEERSKAPPY,
HERE YAHUSHUA.

# HOOFSTUK 33

## EK WIL DIE EERSTE PLEK IN JULLE LEWENS HÊ OF GEEN PLEK NIE

Laat ONS begin (1 Maart 2012). Kinders, dit is julle HERE. Ek het nuwe Woorde om tot julle aandag te bring.

Daar is ‘n nuwe era wat gereed is om oor die aarde te kom. Dit word gekenmerk deur boosheid en bose manne, bose tye. Julle moet gereed maak om saam met MY te vertrek. Ek wil hê julle moet gereed maak. Ek sal nodig hê om MY Bruid uit hierdie wêreld weg te raap en haar veilig te bewaar.

Ek kan haar nie veel langer in diie wêreld hou nie, want binnekort gaan hierdie wêreld baie lelik en gevaarlik wees. Sy moet apart gesit word vir veiligheid. Dan sal die wêreld sy boosheid uitgiet op die wat agterbly.

Binnekort sal hierdie gebeurtenis plaasvind. Selfs nou kom die voorlopers van die storms saam om ‘n perfekte storm van vernietiging, ‘n golf van tereur, wat spoedig die hele mensdom wat teen MY gekies het, gaan oorweldig.

Ek moet eerste in julle lewens gestel word. Ek moet die eerste plek hê sodat julle die verskrikking kan vryspring. Ek is nie ‘n GOD wat daarvan hou om te sien hoe MY kinders ly nie, maar as julle weier om MY bo die afgode te stel wat julle bo MY in julle harte het, dan sal julle spoedig uitvind wat dit beteken om julle GOD, julle SKEPPER, te verwerp.

Ek is nie ‘n GOD met wie julle kan speel nie. Ek wil die eerste plek hê, of geen plek nie. Ek wil nie tweede of derde plek op julle lys van prioriteite hê nie. Ek het julle vir MY geskape sodat julle MY kan Aanbid, Vereer en om MY te ken. Ek verlang om ‘n intieme verhouding met julle te hê.

As julle MY nie op hierdie manier wil ken nie, dan kan julle julle sin kry. Ons kan dan skei en julle kan bevriend wees met MY vyand en sy ewige bestemming. Ek is ‘n jaloerse GOD. Ek het julle nie geskape om julle met MY vyand te deel nie.

**Deuteronomium 32:16 “Hulle het deur vreemde gode SY ywer gewek; deur gruwels HOM geterg.”**

Julle kan of wil om slegs aan MY te behoort, of julle kan die breë pad na die verderf volg waar so baie ander alreeds gegaan het. Baie min wil MY leer ken bo hulle wêreldse begeertes.

Waar staan Ek in julle lewens? Is Ek nie werd om ‘n eerste plek in julle lewens te vul nie? Ek het vir julle gesterf, MY kinders, ‘n vreeslike pynlike dood. Ek het julle geskape en julle lewe gegee. Ek onderhou julle daagliks. MY kinders, binnekort sal julle moet besluit.

Wil julle MY Vrede, Kalmte en Liefde hê? Wil julle MY versekering hê van ‘n veilige wegraping uit ‘n wêreld wat spoedig inmekaar gaan stort. Dan is dit nou die tyd om te besluit wat julle kies om te doen.  Hoe sal julle julle GOD ontmoet… met liefde en toewyding of met ongevoeligheid?

**Filippense 2:8 “En in gedaante gevind as ‘n mens, het HY HOMSELF verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.”**

Ek wil hê dat julle moet besluit. Is julle bereid om in julle te sterf vir MY en julle alles aan MY oor te gee?

Ek wag vir julle om te reageer op MY aanbod om na MY te kom in nederige bekering en MY te vra om julle sondes te vergewe en julle met MY Bloed te oordek. Dit is slegs deur MY Bloed dat julle gered kan word, slegs deur die offergawes wat Ek aan die kruis gemaak het.

As julle MY geskenk van MY Bloedrantsoen aanvaar met opregtheid van hart, lê julle lewens neer voor MY. Volg MY sonder huiwering. Ek kan julle lewens omkeer, julle reinig en julle vir MY Koninkryk gereed maak. Maak julle gereed om saam met MY te gaan.

Oorweeg hierdie aanbod ernstig. Kinders, julle kan slegs ‘n kort ruk wag. Deur te wag om te sien wat gaan gebeur, en deur die besluit eenkant te skuif, kan julle alles verloor wat Ek vir julle in die volgende lewe uitgesit het.

Moenie dom wees nie. Kom tot julle sinne. Maak gereed, wees gereed. Ek wil hê julle moet verlos wees van die verskrikking wat voorlê.

Ek bid vir julle. Ek bid tot MY VADER vir julle onthalwe. Kinders, hierdie uur gaan gou verby. Ek wil he julle moet besluit. Ek sal kom vir MY Bruid. Moenie hierdie groot beweging van GOD misloop nie. Moenie alles mis wat Ek vir julle berei het nie.

Ek hou MY Woord. EK SAL OORWIN EN MY KERK SAL OORWIN. Julle MOET ag slaan op MY Woorde.

Ek is die Groot “EK IS”
Ek is die HERE, YAHUSHUA
BETROUBAAR OM OP STAAT TE MAAK.

# HOOFSTUK 34

## DAAR IS GROOT VERDRUKKING AAN DIE KOM

Laat Ons begin. (2 Maart 2012). MY kinders, dit is Ek, julle GOD. Ek het nuwe Woorde om vir julle te gee. Kinders, dit is 'n ernstige tyd. Daar is baie smart wat in die wêreld gaan kom. Daar gaan baie lyding en hartseer wees. Hierdie probleme het reeds begin. Sonde neem oor onder die mense.

Moet egter nie vrees nie. Ek het die wêreld oorkom. Ek kom om MY Bruid na veiigheid te neem. Sy is beeldskoon en lieflik om te aanskou. Sy sien uit na MY Wederkoms, MY Spoedige Wederkoms.

Sy hou haar oë gevestig op MY. Ek het haar met MY Hele Hart lief. Ek omvou haar met MY Oë. Ek hou elke beweging van haar dop. Sy is nooit onder MY Oë uit nie.

Binnekort sal sy by MY wees, in MY Hemele, veilig weggesteek, terwyl die wêreld wat sy verlaat het, uitmekaar val.

**Johannes 16:33 "Dit het Ek vir julle gesê dat julle in MY vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin."**

Hierdie gebeurtenis is nou besig om te ontvou, Kinders. Daar is vervolging aan die kom, groot vervolging, soos die wêreld nog nooit gesien het nie. Julle almal lyk of julle rustig is oor MY Waarskuwings, MY Tekens en MY Boek.

Verstaan julle nie dat verskrikking oppad is na die wêreld nie? Dit is aan die kom en geen mens kan dit stop nie. Dit is die gevolg van 'n wêreld wat sy GOD verlaat het en sy GOD verwerp het.

Hierdie wêreld het geen agting vir MY en MY Weë nie. Daarom moet Ek MY Hand van Beskerming onttrek en met MY Bruid weggaan. Binnekort sal die wêreld besef wat ware verskrikking beteken.

**1 Johannes 4:1-8 "Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle van GOD is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan. Hieraan ken julle die GEES van GOD: Elke gees wat bely dat JESUS CHRISTUS in die vlees gekom het, is uit GOD; en elke gees wat nie bely dat JESUS CHRISTUS in die vlees gekom het nie, is nie uit GOD nie; en dit is die gees van die antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld.**
**Julle is uit GOD, MY kinders, en het hulle oorwin, omdat Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is. Hulle is uit die wêreld; daarom praat hulle uit die wêreld, en die wêreld luister na hulle. Ons is uit GOD; hy wat GOD ken, luister na ons; hy wat nie uit GOD is nie, luister nie na ons nie. Hieruit ken ons die GEES van die waarheid en die gees van die dwaling.**
**Geliefdes, laat ons mekaar liefhê; want die Liefde is uit GOD, en elkeen wat liefhet, is uit GOD gebore en ken GOD. Hy wat nie liefhet nie, het GOD nie geken nie, want GOD is LIEFDE."**

Ek sal nie vir julle lieg nie, Kinders. EK is GOD. Hierdie wêreld is nie 'n plek waarin julle sal wil bly nadat julle die uitkoms van die gebeurtenis gesien het nie.

Julle sal nie oorleef wat gaan gebeur as julle in MY wil bly nie. Almal wat MY bely nadat Ek MY Bruid weggeraap het, sal sterf vir hulle geloof. Dit sal ‘n swaar tyd wees vir MY kinders.
Moenie dwaas wees om anders te dink nie.

**2 Timotheüs 3:12 “En almal wat ook Godvrugtig wil lewe in CHRISTUS JESUS, sal vervolg word.”**

Ek sal nie bespot word nie. Hierdie wêreld kan nie op dieselfde manier voortgaan en dink dat daar geen nagevolge sal wees nie. Ek is moeg daarvan om ‘n wêreld te beskerm en versorg wat MY haat en bespot.

Hierdie era staan gereed om te verander. Binnekort sal Ek die wêreld toelaat om te doen wat hy wil. ‘n Wêreld sonder sy GOD wat die boosheid terughou, wat binnekort gaan toeslaan. Die wêreld heg nie ‘n waarde aan MY as sy GOD nie.

Daarom sal Ek dit toelaat om sy grootste begeerte te kry, om homself te regeer sonder ‘n HEILIGE GOD, sy GODDELIKE KOMPAS. Dan sal die wêreld uitvind hoe belangrik dit is om MY Reëls en Wette en Ewige Weë te volg.

‘n Wêreld sonder terughouding, dit is wat MY agtergeblewe kinders van sal getuig. Dit sal ‘n vreeslike tyd wees vir die mensdom. Moenie agterbly nie. Kom nou na MY. Moenie wag nie.

Reinig julleself in MY Bloed en MY Woord. Grawe diep in die blaaie van MY Woord.

Bekeer en gee julle lewens oor aan MY. Laat MY toe om julle te red van wat oppad is. Ek is gewillig. Die tyd is kort. Maak gou. Dit is nou die tyd om in MY Arms te hardloop. MY Liefde wag vir julle.

Laat MY toe om julle van die ergste te red. Kom onder MY Bloedbeskutting en Veiligheid. Ek is angstig om te red.

Hierdie Woorde is Waar en Rein.

Ek is julle GOD, YAHUSHUA,
MAGTIG OM TE RED.

# HOOFSTUK 35

## DAAR IS HEELTEMAL GEEN VOORDEEL IN OM ‘N STERWENDE WÊRELD NA TE JAAG NIE

Laat ONS weer begin. Kinders, dit is julle HERE wat met julle praat. Ek kom. Ek kom op verdubbelde spoed. Moenie ontmoedig raak nie. Hierdie wêreld se tyd om hulself met MY reg te maak, gaan vinnig verby. Binnekort sal die wat weier om hul saak met MY reg te maak deur bekering en volle oorgawe, die gevolge moet verdra.

MY teenstander is bloeddorstig en gewetenloos. Die wêreld gaan verskrikking ondervind soos nog nooit tevore nie. Hierdie tyd kom vinnig nader.

Ek sal nie veel meer van hierdie bose kil wêreld verdra nie Ek het genoeg aanskou en gehoor. Dit is ‘n wêreld wat sy GOD verwerp het en sy rug op MY Weë en MY Waarheid gedraai het.

**Jakobus 4:4 “Egbrekers en egbreeksters weet julle nie dat die vriendskap van die wêreld vyandskap teen GOD is nie? Wie dan ‘n vriend van die wêreld wil wees, word ‘n vyand van GOD.”**

Kinders, as julle sal aanhou om doelloos agter die wêreld aan te hardloop, is julle besig om deur die blindes gelei te word. Daar is heeltemal geen voordeel daarin om agter ‘n sterwende wêreld, wat geen morele kompas het nie, aan te jaag nie Julle moes reeds tot die besef gekom het. Gryp die Waarheid aan.

Daar is geen hoop in hierdie dooie sterwende wêreld wat sy SKEPPER verwerp het nie. Julle moet oplet en aandag skenk. Maak julle oe oop. Julle is besig om van MY Nou Pad weggelei te word.

Kinders, min vind hierdie Nou Pad. Word nugter. Haal die skille van julle oë af. Laat MY toe om die Waarheid vir julle te ontbloot.

Hou op om met die vyand te speel asof dit alles net ‘n skadelose spel is. Hy is dodelik gevaarlik, gereed om julle aan te val wanneer julle dit die minste verwag. Julle is nie mans genoeg vir hom sonder MY nie. Julle kan nie alleen teen hom staan nie.

Julle moet na aan MY kom om beskerm te word. Dit is net deur na aan MY te wees dat julle veilig is. Dit is slegs deur in MY Boek te bly en ‘n noue verhouding met MY te hê, dat julle sal oorlewe. Verstaan julle dit?

As julle alleen loop, sal julle dit nie maak nie. Moenie julleself bluf nie. Moenie dom wees nie. ‘n Mens se hart, bo alle dinge, word mislei. Julle vyand is te slinks vir julle. Daarom kan julle hom net oorkom deur ‘n noue verhouding met MY te hê. As julle baie na aan MY is, baie naby, want die vyand wil nie na aan MY kom nie. Duisternis kan die Lig nie verdra nie.

Lê dan julle planne en julle lewens neer en handig dit oor aan MY. Laat MY toe om dit te neem en julle in beeldskoonheid te verander. Laat MY toe om julle MY Perfekte Wil vir julle lewens te wys. Dit is MY

begeerte om julle te reinig deur MY Bloed en julle naby MY te bring. Selfs soos ‘n ma haar kind liefhet, so verlang Ek om julle te versorg.

**Jesaja 66:13 “Soos iemand wat deur sy moeder getroos word, so sal Ek julle troos; en julle sal in Jerusalem getroos word.“**

**Mattheüs 23:37 “Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en stenig die wat na jou gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaar gemaak het, soos ‘n hen haar kuikens onder haar vlerke bymekaar maak, en julle wou nie.“**

Kinders, die uur van MY Spoedige Wederkoms kom nader. Julle let nie op nie. Julle sal agter bly. Ek kom net vir MY kinders wat omgee en wagtend uitkyk na MY Koms, wat begeer om MY op ‘n intieme vlak te ken. Dit is hulle wat saam met MY gaan. Die res sal ongelukkig agterbly. Baie van hulle sal verlore gaan in die skielike vernietiging.

Dit is ‘n ernstige uur en hierdie is ernstige waarskuwings. Lees MY Boek, maak die blaaie oop. Bid vir MY Gees om julle in alle Waarheid te lei.

Tyd gaan verlore. Moenie nog een minuut mors op ‘n wêreld wat MY, julle GOD, haat nie. Julle begin om in ‘n noodlottige rigting te beweeg. Kom tot julle sinne. Soek MY, soek MY GEES, soek MY VADER, soek ONS. ONS is EEN en ONS begeer om julle te red.

Die uur het aangebreek vir MY Spoedige Aankoms. Moenie MY Uitredding misloop nie.

Dit is julle GOD, YAHUSHUA, wat julle baie Liefhet.

# HOOFSTUK 36

## BAIE WAT DINK HULLE IS GEREED,<br>BLUF NET HULLESELF

Laat ONS begin, MY dogter. (4 Maart 2012). Luister na die nuwe Woorde wat Ek jou gee. MY kind, dit is jou HERE.

Skryf asseblief hierdie Woorde neer. Die uur van MY Wederkoms kom nader. So baie sien nog steeds nie verwagtend uit na MY koms nie, so baie het oogklappe aan en weier om na rede te luister. Die uur van MY Wederkoms gaan vinnig kom. Julle moet gereed wees, Kinders. Julle moet voorberei.

Wees wakker en kyk uit. Dit is noodsaaklik om voorbereid te wees. Net die wat MY verwag, sal saamgeneem word. Net die wat omgee om te weet van MY Wederkoms kan voorberei word.

Hulle wat nie omgee nie en wat nie in MY GEES skuil nie, sal agterbly om die ergste te ervaar.

Baie sal verbaas wees dat hulle agtergebly het. Baie sal geskok wees dat hulle nie saamgeneem is nie. Baie wat dink hulle is gereed, bluf net hulleself. Hulle is ver van gereed af. Hulle is opgeknoop in die dinge van die wêreld.

Hulle gedagtes is met ander dinge besig. Hulle stel nie belang om na MY wederkoms uit te sien nie. Hulle hou hulleself besig met hulleself en die dinge van die wêreld. Hulle spandeer nie tyd met MY nie.

Hulle bespot en vervolg die wat wel op MY ingestel is. Nogtans is hulle verstom as hulle agterbly, met die gedagte dat hulle MY ken. Hulle ken MY gladnie.

Hulle dink net hulle ken MY. Hulle kom nooit na MY in MY geheime plek nie. Hulle hardloop agter die wêreldse dinge aan. Hulle oë is nie geinteresseerd om vir MY uit te kyk nie. Hulle is lief daarvoor om die dinge van die wêreld aan te raak en te hanteer.

Hulle beplan ver in die toekoms. Hulle maak planne wat nooit gaan manifesteer nie. Hulle raadpleeg MY nooit oor die planne nie. As hulle dit sou doen, sal Ek hulle aanraai om op MY te fokus, om na aan MY te kom, om hulle planne neer te lê en dit aan MY oor te gee.

Dit is wat Ek wil hê, ‘n volle oorgawe, om julle planne aan MY Voete te lê, alles van julleself aan MY oor te gee, selfs julle lewens en toekomsplanne.

Slegs Ek weet wat die toekoms inhou. Al die planne wat enigiemand maak, kan in ‘n oomblik verkrummel. Hoekom laat julle nie toe dat Ek MY Planne vir julle lewens in plek sit nie? Ek weet wat die beste vir julle is, MY kinders. Ek ken die begin tot die einde. Ek is die ALFA en OMEGA.

**Openbaring 22:13 “Ek is die ALFA en die OMEGA, die BEGIN en die EINDE, die EERSTE en die LAASTE.”**

Ek is die SKEPPER van die son, maan en sterre. Dink julle nie Ek kan vir julle en julle toekomsplanne sorg nie? Ek kan julle inneem in MY Koninkryk as julle slegs julle lewens vir MY sal oorgee.

Ek kan julle na Vrede en Veiligheid lei, saam met MY wegvoer na veiligheid. Julle kan in vrede lewe, wetende dat MY Planne vir julle toekoms perfek is en Ek is in staat om dit te doen.

Julle kan hierdie sekuriteit hê as julle in MY Perfekte Wil vir julle lewens is. Julle hoef nie nog een dag langer te bekommer as julle in MY Wil is nie. Los die greep wat julle op julle eie weë en planne het. Dit sal julle net na ondergang lei.

Gee julle ALLES oor aan MY en kom in MY Wil, MY Perfekte Wil. Laat die EEN wat die begin tot die einde ken, vir julle sorg. Ek is julle Ewige GOD. Ek sal julle in MY Ewige Koninkryk bring. Dit is julle s'n, julle hoef net te vra.

**Openbaring 21:6 "En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die ALFA en die OMEGA, die BEGIN en die EINDE. Aan die dorstige sal Ek gee van die Fontein van die Water van die Lewe, verniet."**

Gee oor, bekeer en maak MY julle eie. Leer om MY te ken. Ek sal MY Hart met julle deel. Ek begeer om saam met julle te wandel, julle sal nooit alleen wees nie. Die tyd is nou om oor te gee. Dit is die uur. Dit is die tyd. Maak 'n wyse keuse.

Daar is so baie paaie. Slegs een is die regte pad, net een is die reguit pad.

Leer ken MY en Ek sal julle op die reguit pad lei. Dit is MY begeerte om julle raad te gee en te lei.

**Hebreërs 12:13 "en maak reguit paaie vir julle voete, sodat wat kreupel is, nie uit lid raak nie, maar liewer gesond gemaak word."**

Binnekort sal die horlosie middernag slaan. Hardloop in MY Arms, Veilige arms. Laat Ek julle red. Maak gou 'n keuse. Dit bedroef MY om enigeen agter te laat, maar dit is hulle keuse.

Moenie huiwer om MY Liefde te ontvang nie.

YAHUSHUA, GOD VAN GROOT LIEFDE.

**1 Johannes 4:16 "En ons het die liefde wat GOD tot ons het, leer ken en geglo. GOD is LIEFDE; en hy wat in die LIEFDE bly, bly in GOD, en GOD in hom."**

# HOOFSTUK 37

## JULLE HET KOSBARE MIN TYD OOR

Laat ONS begin. Ek het vir julle meer Woorde. Kinders, dit is Ek, julle GOD, en Ek het meer Woorde vir julle.
Die uur word laat. Daar is min lig oor in die dag. Julle moet gereed maak, wees gereed, want MY Koms is naby. Dit is bykans op julle.

Baie min is gereed en sien uit na My koms. Min gee om om gereed te wees. Baie verkies om My waarskuwings te ignoreer. Baie is rustig oor wat gaan gebeur. Die uur kom nader.

Ek wil hê julle moet waaksaam wees en op julle tone. As julle nie waak en ingestel is nie, sal julle onverwags gevang word. As julle nie aandag skenk nie, sal julle nie sien wat oppad is nie. Net die wat wagtend is op MY sal oplettend wees.

Net hulle sal hulleself gereed maak, want hulle kyk wat aangaan.

Hoe kan julle gereed wees as julle nie bewus is wat aangaan en kyk wat besig is om te gebeur nie. Net die wat voorbereid is en gereed is sal saamgaan. Almal anders sal tekort skiet, met te min olie in hul lampe of hul lampe halfvol.

**Mattheüs 25:7-10 "En toe staan al daardie maagde op en maak hulle lampe gereed. En die wat dwaas wat, sê aan die verstandiges: 'Gee vir ons van julle olie, want ons lampe gaan uit.'**
**Maar die verstandiges antwoord en sê: 'Miskien sal daar nie genoeg wees vir ons en vir julle nie, maar gaan eerder na die verkopers en koop vir julleself.'**
**En onderwyl hulle gaan om te koop, het die bruidegom gekom. En die wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof en die deur is gesluit."**

Dit is nie nou die tyd om te sluimer nie, MY kinders. Dit is nie die uur om te slaap nie.

Ek kom nie diegene haal wat nie eens lank genoeg kan wakker bly om vir MY uit te kyk nie. Hulle wat slaap wanneer Ek kom, sal in 'n lewende nagmerrie wakker skrik oor dit wat na hierdie aarde oppad is. Wat 'n hartseer tyd vir MY slapende kerk.

**Hebreërs 9:28 "So sal CHRISTUS ook, nadat HY eenmaal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat HOM verwag tot saligheid."**

MY kinders is vas aan die slaap en as hulle nie gou wakker word nie, sal hulle hulleself in die hande van MY vyand vind. Hy is wreed en sonder meegevoel of kommer oor enigiemand Hy het slegs een ding op sy gedagte en dit is mag en beheer. Hy sal met 'n ysterhand regeer.

Ek kan nie genoeg vir julle beklemtoon hoe tragies die dinge sal wees wat gaan gebeur nie. Dit is 'n spanningsvolle tyd en daar kom spanningsvolle dinge na die aarde.

Dit is nie vir MY aangenaam om hierdie dinge vir julle te vertel nie. Ek wil julle slegs waarsku, want Ek wil nie hê julle moet deur die verskrikking gaan wat oor die aarde kom nie.

Kom tot julle sinne, MY kinders. Word wakker uit julle sluimering. Haal julle oogklappe af. Kom vinnig na MY toe. Julle het kosbare min tyd oor. Julle moet vinnig na MY toe hardloop. Ek wil julle graag van die ergste red.

Moenie vasgevang word in die storm wat aan die kom is nie. Baie min gaan saam met MY wanneer Ek MY Bruid kom haal. Min het gekies om vir MY uit te kyk en hulleself gereed te maak deur die was van MY Woord en die reiniging van MY Bloed. Daar is geen ander antwoord nie. Daar is geen ander uitweg nie.

**Efesiërs 5:25-27 "Manne, julle moet julle eie vroue liefhê soos CHRISTUS ook die gemeente liefgehad en HOMSELF daarvoor gegee het om dit te heilig nadat HY dit gereinig het met die waterbad deur die Woord sodat HY die gemeente voor HOM kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks: maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees."**

Gee julleself oor in hierdie uur. Ek is gereed om julle te ontvang. Ek wil hê dat julle na MY toe moet kom en veilig moet wees. Ek sal julle bedek en beskerm teen die vreeslikhede wat gaan kom. Red julleself en kom na MY.

Ek is die enigste uitkoms – geen ander uitweg bestaan nie. Gee julle harte en julle lewens vir MY in volle oorgawe. Julle sal gereed gemaak word deur die werking van MY HEILIGE GEES. Laat Hy julle vul en dan sal julle die Waarheid sien, MY Waarheid.

Ek is gereed om julle na MY Koninkryk te neem. Gaan julle kom? Dit is julle HERE, YAHUSHUA.

Ek is geduldig en verdraagsaam, wagtend op julle om te besluit. Kies MY en word gered!

# HOOFSTUK 38

## MY WARE VOLGELINGE HOU DOP EN IS WAKEND

Dogter, laat ONS begin. MY dogter, Ek is gereed om vir jou nuwe woorde te gee. Kinders, dit is julle HERE wat praat. Die uur van MY Wederkoms is naby, en MY kinders is aan die slaap, vas aan die slaap. Hulle is sluimerend en heeltemal onbewus van wat werklik om hulle aangaan. Hulle kyk nie eens uit nie. Dit is duidelik dat hulle blind is en nie hulle oë op MY het nie.

Ek gaan kom soos 'n dief in die nag. Baie sal onkant gevang word. Sê MY Woord dan nie so nie? As dit so is, hoekom ignoreer so baie mense hierdie waarskuwing? Hoekom weier hulle om te kyk en aandag te gee? Ek wil hulle beste hê en hulle gee MY hul swakste.

As MY kinders MY in nabyheid volg, sal hulle weet om aandag te gee en vir MY te wag. Hulle sal bewus wees van die wêreld rondom hulle en die manier waarop die wêreld MY duidelik verwerp. Uit al vier hoeke uit.

MY ware volgelinge gee aandag. Hulle is op hulle hoede. Hulle ore is op die grond soos hulle luister vir MY voetstappe. Hulle kyk vir elke beweging van MY en hulle hoor MY stem.

Ek is oppad en dit is nie vreemd vir die wat aandagtig op MY wag nie. Hierdie kinders is geduldig, maar ook angstig. Dit is MY ware kerk, MY Bruid.

Sy is beeldskoon en haar entoesiasme vir MY Wederkoms gryp MY aan. Ek bemin haar gretigheid waarmee sy op MY wag. Dit is vir haar wat Ek gesterf het, MY getroue volgelinge wat tot hulleself sterf vir MY.

**Lukas 12:37 "Gelukkig is daardie diensknegte vir wie die HEER wakker sal vind as HY kom. Voorwaar Ek sê vir julle HY sal HOM omgord en hulle aan tafel laat gaan en hulle kom bedien."**

Hulle lê hulle lewens neer aan MY Voete en laat die wêreld agter en die dinge van die wêreld vir hulle HERE. Hiervoor is Ek baie dankbaar en die toekennings vir MY beeldskone kerk is nimmereindigend.

Julle kan deel wees van hierdie kerk, MY Bruid. Julle kan gereed wees vir wanneer Ons saam gaan vertrek na die woninge in MY Hemele wat Ek voorberei het. Daar is egter baie min tyd oor, wees dus nougeset om MY na te jaag.

Ek verwag 'n volle oorgawe. Ek verwag 'n algehele verbondenheid. Lê julle lewens neer vir MY, ten volle, hou niks terug nie. Ek wil julle hele lewens hê. Ek wil julle skoon was in MY Bloed, in MY Koninkryk vestig en julle 'n plek gee onder MY kinders wat MY tot in ewigheid sal dien en saam met MY gaan heers en regeer, aan MY sy.

Dit is MY Bruid. Sy is beeldskoon, 'n voorbereide volk wat gereed is, wagtend en uitsien na hul Koning.

Ek kom om hierdie kinders te red, en hulle weg te neem na veiligheid en Vryheid, weg van die boosheid wat gereed staan om die wêreld te oorweldig. Hulle is oorwinnaars in MY. Julle kan deel van hulle wees. Ek wag op julle om MY huweliksfees by te woon, om deel van MY Koninkryk te wees.

Ek hou vir julle plek aan MY Huweliksetenstafel. Daar is vir julle plek berei, maar julle moet dit eers kom eien as julle s'n.

Ek sal nie die deur vir ewig oophou nie. Binnekort gaan Ek MY kinders wat gereed is deur hierdie veilige uitweg neem en dan sal die pad toegaan, en almal wat nie MY uitnodiging aangeneem het nie, agterlaat om dan die ergste in die gesig te staar.

Wat 'n droewe dag vir die wat MY aanbod van veiligheid en redding verwerp het. Hulle besef van die werklikheid wanneer dit hulle daardie dag tref, en wat hulle misgeloop het, sal verskriklik wees. Die werklikheid sal duidelik wees oor wat hulle verloor het en wat hulle in die gesig staar.

Daar sal groot teleurstelling wees. Daar sal baie geween en gekla word wanneer MY louwarm kerk tot die besef van die werklikheid kom van hulle tragiese besluite en die ignorering en verwerping van MY menigvuldige Waarskuwings.

Ja, hulle verlies sal enorm wees en hul smart baie groot. Kinders, dit hoef nie julle te wees nie. Dit is nie nodig dat julle agtergelaat moet word om die duisternis te aanskou wat die aarde sal omvou nie.

Kom na MY in volle oorgawe, volle bekering en opregte spyt oor julle sonde en 'n opregte begeerte om MY te volg met julle hele hart.

Ek sal julle harte verander en julle sondevlekke wit was met MY Bloed. Julle sal voorbereid en gereed voor MY staan om aan te sluit by MY Groot Bruilofsmaal.

Dit is die begeerte van MY Hart dat julle julle tot MY sal bekeer. Ek is julle VADER, julle SKEPPER. Ek verlang dat julle na MY sal terugkeer sodat Ek julle MY EIE seun en dogter kan maakDit is julle kans om julle saak met MY reg te stel. Laat Ons vir ewig saam wees. Ek wag vir julle besluit.

Ek is julle HERE.
Ek is julle KONING.
Ek is julle GOD,
JEHOVA

# HOOFSTUK 39

## MY GETUIENIS:
## AANGAANDE HIERDIE DOKUMENT EN MY VASTYD

Die HERE het my geroep om na ‘n afgesonderde plek te gaan vir gebed en om ‘n veertig dae-watervas te doen. Na twee weke het ek elke dag nagmaal geneem en na nog ‘n ruk het ek vier glase sap van vier onse elk daagliks geneem. Hierdie vas was die moeilikste ding wat ek nog ooit in my lewe gedoen het.

Die HERE het my hierdie vas laat doen om in myself te sterf, wat ek gedoen het. Hy het ook vir my menigte Boodskappe gegee wat ek getrou neergeskryf het vir ander om te lees. Die dokumente is deur die HERE aan my dikteer gedurende die dae van my vas, 27 Januarie 2012 tot 6 Maart 2012.

(Let asseblief op dat die meeste Boodskappe nie gedateer was nie, want die vas was so lank en ek wou nie op die tyd en die datums konsentreer nie, om te vermy om te bewus te wees van hoe lank die vas my neem en hoe stadig die tyd verbygaan nie).

Gedurende die vas het die HERE gesê ek moet enige tyd vir “HEMELSE BROOD” vra om my te help met die hongerpyne. Dus het ek daarvoor gevra wanneer ek ookal honger was. Elke keer wanneer ek vir die “Hemelse Brood“ gevra het, het die honger verdwyn.

Dit was verbasend en ‘n wonderwerk, die HERE is die “HEMELSE BROOD.”

Omtrent halfpad in die vastyd, het ek ‘n boek gelees wat my regtig laat regop sit het. Dit was van ‘n vrou vir wie die Hemel en Hel gewys is. Sy het verklaar dat in Hel die mense daar vir ewig honger en dors is.

Dit was ‘n oomblik van werklikheid vir my, want gedurende die vas het ek slegs vir veertig dae sonder kos gebly (en ek was natuurlik nie dors nie, want ek kon water drink), maar ek kon my indink hoe dit moet voel om vir ewig honger te wees. (Veertig dae was ‘n stryd.) Ek wil hê dat ander mense ook moet dink oor hierdie werklikheid en dit in gedagte sal hou wanneer hulle ‘n besluit vir hulle ewigheid maak.

Ek is so dankbaar vir die HERE dat Hy my deur hierdie veertig dae-vas gehelp het.

Aangaande die Woorde wat die HERE my gegee het, wil ek sê dat Hy baie woorde gebruik het waarvan ek nie die betekenis geken het nie en ek moes dit naslaan, maar dit was elke keer die perfekte woorde.

Ek is ook ‘n skrywer en wanneer ek ‘n lang skryfstuk soos hierdie 100+ bladsy skrywe uit my eie self moes doen, sou ek baie keer moes herskrywe, nasien, uitlaat of byvoeg en hierdie dokument was nooit eenmaal gewysig of verander nie - Ek het werklik die HERE se Woorde in ‘n joernaal geskryf en oorgetik in sy geheel sonder enige wysigings of veranderings - perfekte Engels. Aan die HERE kom al die EER toe! Dankie HERE, vir U geduld met hierdie minderwaardige werktuig, Susan Davis.

JESUS IS DIE “HEMELSE BROOD”

# JOHANNES 6 : 29 - 58

**29 JESUS antwoord en sê vir hulle: Dit is die werk van GOD, dat julle in HOM glo wat HY gestuur het.**
**30 En hulle sê vir HOM: Watter teken doen U sodat ons kan sien en U glo? Wat werk U?**
**31 Ons vaders het die manna in die woestyn geëet, soos geskrywe is: HY het brood uit die Hemel aan hulle gegee om te eet.**
**32 En Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, dit is nie Moses wat die brood uit die Hemel aan julle gegee het nie, maar MY VADER gee julle die Ware BROOD uit die Hemel.**
**33 Want die BROOD van GOD is HY wat uit die Hemel neerdaal en aan die wêreld die lewe gee**
**34 Toe sê hulle vir Hom: HERE, gee ons altyd hierdie BROOD.**
**35 En JESUS sê vir hulle: EK is die BROOD van die LEWE: wie na MY toe kom, sal nooit weer honger kry nie, en wie in MY glo sal nooit weer dors kry nie.**
**36 Maar Ek het vir julle gesê dat julle MY gesien het, en tog glo julle nie.**
**37 Al wat die VADER MY gee, sal na MY toe kom; en Ek sal hom wat na MY toe kom nooit uitwerp nie.**
**38 Want Ek het uit die Hemel neergedaal, nie om MY wil te doen nie, maar die Wil van HOM wat MY gestuur het.**
**39 En dit is die Wil van die VADER wat MY gestuur het, dat al wat HY MY gegee het, Ek daarvan nie sal verloor nie, maar dit opwek in die laaste dag.**
**40 En dit is die Wil van HOM wat MY gestuur het, dat elkeen wat die SEUN aanskou en in HOM glo, die Ewige Lewe mag hê; en EH sal hom opwek in die laaste dag.**
**41 Toe murmureer die Jode oor HOM, omdat HY gesê het: EK is die BROOD wat uit die Hemel neergedaal het.**
**42 En hulle sê: Is HY nie JESUS, die seun van Josef, wie se vader en moeder ons ken nie? Hoe sê HY dan: Ek het uit die Hemel neergedaal?**
**43 En JESUS antwoord en sê vir hulle: Moenie onder mekaar murmureer nie.**
**44 Niemand kan na MY toe kom as die VADER wat MY gestuur het, HOM nie trek nie; en EK sal hom opwek in die laaste dag.**
**45 Dit is geskrywe in die profete: En hulle sal almal deur GOD geleer wees. Elkeen dan wat dit van die VADER gehoor en geleer het, kom na MY toe.**
**46 Nie dat iemand die VADER gesien het nie, behalwe HY wat van GOD kom: HY het die VADER gesien.**
**47 Voorwaar, voorwaar EK sê vir julle, wie in MY glo, het die Ewige Lewe.**
**48 EK is die BROOD van die Lewe.**
**49 Julle vaders het die manna in die woestyn geëet en het gesterwe.**
**50 Dít is die brood wat uit die Hemel neerdaal, sodat iemand daarvan kan eet en nie sterwe nie.**
**51 EK is die LEWENDE BROOD wat uit die Hemel neergedaal het. As iemand van hierdie BROOD eet, sal hy lewe tot in ewigheid. En die BROOD wat EK sal gee, is MY vlees wat EK vir die lewe van die wêreld sal gee.**
**52 Die Jode het toe met mekaar gestry en gesê: Hoe kan HY ons SY vlees gee om te eet?**
**53 En JESUS sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar EK sê vir julle, as julle nie die Vlees van die SEUN van die mens eet en SY Bloed drink nie, het julle geen Lewe in julleself nie.**

**54 Hy wat MY Vlees eet en MY Bloed drink, het die Ewige Lewe, en EK sal hom opwek in die laaste dag.**
**55 Want MY Vlees is waarlik spys, en MY Bloed is waarlik drank.**
**56 Wie MY Vlees eet en MY Bloed drink, bly in MY en EK in hom.**
**57 Soos die LEWENDE VADER MY gestuur het, en EK deur die VADER lewe, so sal hy wat MY eet, ook deur MY lewe.**
**58 Dít is die BROOD wat uit die Hemel neergedaal het—nie soos julle vaders die manna geëet en gesterwe het nie; wie hierdie BROOD eet, sal tot in Ewigheid lewe.**

# E-BOEKE VERNIET

Behalwe hierdie boek wat u nou lees, het Susan ook ander boeke oor die end-tyd, - ook in profetiese vorm (soos van die HERE ontvang) - in e-boek en gedrukte vorm.

Die HERE Jesus sê:" Ek Kom" -briewe is in ses volumes beskikbaar.

I AM COMING! Volume 1, Parts 1 to 32, E-book:
http://www.mediafire.com/file/lfyg4uzenfnf6uu/IAmComing1.pdf

I AM COMING! Volume 2, Parts 33 to 52, E-book:
http://www.mediafire.com/file/aywqke1g0cr4rwa/IAmComing2.pdf

I AM COMING! Volume 3, Parts 53 to 73, E-book:
http://www.mediafire.com/file/mdma55jzcwbwpqy/IAmComing3.pdf

I AM COMING! Volume 4, Parts 74 to 96, E-book:
http://www.mediafire.com/file/92y16258w03j0t4/IAmComing4.pdf

I AM COMING! Volume 5, Parts 97 to 122, E-book:
http://www.mediafire.com/file/77n7ynr66o6qlrq/IAmComing5.pdf

I AM COMING! Volume 6, Parts 123 to 139, E-book:
http://www.mediafire.com/file/8vhwt6l4frgh25a/IAmComing6.pdf

Free e-books are also at: http://www.SmashWords.com

Search for: I Am Coming by Susan Davis

The Letters' weblink **http://end-times-prophecy.com** is now posted at

http://www.spiritlessons.com

These urgent prophetic messages, prior messages, and more recent messages are recorded at the website:

http://end-times-prophecy.com

Also available at **http://www.Amazon.com** are the books:

I Am Coming, Volume 1,

I Am Coming, Volume 2,

I Am Coming, Volume 3,

I Am Coming, Volume 4,

I Am Coming, Volume 5.

I Am Coming, Volume 6.

As Kindle $0.99 e-books at: http://www.kindle.com

As free e-books at: http://www.SmashWords.com

And as free e-books at: http://www.LuLu.com

Search for: I Am Coming by Susan Davis

Susan's email is: kidsmktg@sbcglobal.net